

L

- laag I:** gesamentlike geskut (veral aan boord); gelyktydige vuur v. geskut (bv. *die volle laag gee*); Ndl. (blb. sedert 17e eeu) *laag*, Hd. *lage*.
- laag II:** listige aanslag, lokval (bv. *in 'n laag lei'n laag stel*, vgl. *hinderlaag*); Ndl. *laag* (Mnl. *lag(h)e*, by Kil *laeghe*) hou verb. m. Ndl. ww. *liggen*, Afr. *lê*.
- laag III:** bedekking (verf); ry (stene), stratum; Ndl. *laag* (Mnl. *lage*), Hd. *lage*, vgl. Eng. *layer*, hou verb. m. Ndl. *leggen*, Afr. *lê*.
- laag IV:** b.nw./bw., nie-hoog; beskeie; gering, onaansienlik; nie-gevorderd; gemeen; Ndl. *laag/leeg* (Mnl. *laech/leech* naas *laghe/leghe*), Eng. *low* — *leegh lant* by vRieb bet. blb. “laaggeleë/lae land”, hieruit afl. *laagte* = *leegte* (veral in plekn.), wsk. verb. m. **laag II** en III en hoërop mntl. m. Gr. *λαγεια*, “vlak”; v. Kloe HGA 64 en kaart bl. 65.
- laai I:** s.nw., bêreplek/deel v. 'n kas; Ndl. *lade/la* (Mnl. *lade*, dial. *laeye*, mv. *laaien/laan*), Hd. *lade*, hou verb. m. Ndl. ww. *laden*, Afr. *laai II*; vgl. Kloe HGA 70-2 en kaart bl. 71.
- laai II:** ww., 'n las op iemand/iets plaas; Ndl. *laden* (Mnl. *laden*), Hd. *laden*, Eng. *lade* (vgl. “bill of *lading*”, ondanks ooreenkoms in bet. wsk. geen verb. m. *load* nie).
- laai III:** ww., “brand, opvlam”; Ndl. *laaien* (Mnl. *laeyen*), misk. v. Fri. herk., maar onseker, vgl. ook **laai IV**.
- laai IV:** s.nw., in verbg.: *in ligtelaai(e) staan*, “aan d. brand wees”; Ndl. *laai(e)* — *in lichter laai(e)*, by Kil *lichte laeye*, reeds Mnl. *laeye*, “vlam”, hou verb. m. **laai III**.
- laai V:** s.nw., manier v. doen (bv. *dis sy ou laai*); Port. *laia*, “aard, soort” (soos reeds by Schu KS IX 107); v. ook **lei III**.
- laan:** twee rye bome, gew. m. pad daartussen; straat (beantw. in bet. aan Eng. *avenue* en *lane*); Ndl. *laan* (Mnl. (meer bep. Holl. dial.) *lane*), Eng. *lane*, hou wsk. verb. m. **laning** (q.v.), maar herk. hoërop onseker.
- laars v. lers.**
- labirint v. lawwerint.**
- ladder v. leer II.**
- ladida:** grootdoenerige pers.; Eng. *ladida*, wsk. kn. v. so 'n pers. se aanstellerige uitspr.

laer: kommandokamp/-afdeling; mntl. via Ndl. *lager* (vgl. by vRieb *lager*, “aanlêplek v. skepe” naas *leger*, “kampeerplek v. Hottentotte”), of regstreeks uit Hd. *lager* (sedert Luther), wat verb. hou m. Eng. *lair* en verderop m. die vlg. ww.: Afr. *lê*, Ndl. *liggen/leggen*, Hd. *liegen/legen*, Eng. *lie/lay*; in S.A. Eng. ook *lager*.

lagune: strandmeer; Ndl. (eers Nnl.) *lagune*, Eng. *lagoon* (verb. m. *lake*), uit Fr. *lagune*, It. en Sp. *laguna* uit Lat. *lacuna*, “holte” (uit Lat. *lacus*, “meer”); v. ook **lakune**.

lak I: gomagtige stof (vir verseëling en by vernis gebr.); Ndl. *lak* (sedert Kil *lacke*, elders in 16e-eeuse Ndl. *lac/lack*), Fr. *laque*, It. *lacca*, uit Arab. *lakk* uit Pers. *lāk* uit Ind. *lākh*; twyfel i.s. verw. hoërop.

lak II: ww., 1. ’n brief m. lak verseël; 2. ’n rugbyspeler neergooi, laat val of sg. “plant”, skertsende toep. v. “speler se lot beseël”? of sinspeling op “vashegting v. speler aan d. grond” (soos by lak v. ’n brief)?

lakei: livreikneg; voetkneg; Ndl. *lakei* (vroeg 16e eeu *lackay*, by Kil *lackeye*) soos Hd. *lakai*, Eng. *lackey/lacquey*, uit Fr. *laquais* uit Sp. *lacayo*; verb. m. Arab. *alcaid* word betwyfel.

+**lakkasie:** moeilik uit te maak of Bosm-Thom gelyk het m. verkl. “skaarste, tekort” (by vRieb d.d. 29.5.1656, soos elders in tyd=genootlike geskrifte, vgl. WNT VIII 941, en gebr. by vRieb v. *leccagie* op 7.9.1657 en 22.11.1658) en of vdM SD 94 gelyk het m. *laccagie* = *leccagie*, want gebr. nie altyd duidelik nie (bv. dubbelsinnig by vRieb d.d. 29.5.1656); ’n lekkasie lei tot ’n lak=kasie.

laks: traag; losbandig; Ndl. *laks*, “slap; wulps” (so ong. in Mnl. *lac*, by Kil as *lack* en Vl.), Hd. *lasch* en *lax*, Eng. *lax* en *slack* hou verb. m. Lat. *laxus*, “slap”, verb. met ww. *languëre*, “slap wees” (vgl. Eng. *languid*).

+**laksa:** — *alaksa/laksel* —, Mans (KHI 6) vermeld dit in bet. “vermicelli”; vlg. Hes (HA¹ 96) uit Mal. *laksa*, “macaroni”, maar die wd. skyn in Mal. self ’n leenw. te wees (vWel VAH 127, 323–4), gevolglik gee Hes (HA² 85) net I(ndies) sonder meer.

laksman: voëls., ook bek. as (*jan*)*fiskaal* en *kanariebyter* (*Fiscus/Lanius collaris* e.a. (*spp.*); wsk. in bet. “beul” via Ndl. (Colenb DB in 1636 *laxamana*, Port. reeds 16e eeu) uit Mal. *laksamana*, “admiraal, vlootvoog; skerpreger”, en soos (*jan*)*fiskaal* a. d. Kaap oorgedra op voël waarvan die gaarders- en slagtersaard ook uit sy wetensk. name *Fiscus* en *Lanius* blyk; vgl. Scho PD 60–1.

lakune: gaping, hiaat; Ndl. *lacune* (blb. laat), Eng. *lacuna*, uit Fr. *lacune* uit Lat. *lacuna*, v. verder **lagune**.

lala: “slaap”; betr. alg. Bant. *lala*, “lê, rus, slaap”, vgl. ook Mal. *lalai*, “slaperig”, en (*ter*)*lalai*, “in slaap geraak”, het wsk. (soos **doedoe**) as susw. (Lallwort) deur kindermeide via d. kinderkamer uit Bant. of Mal. in Afr. gekom.

laloentjie: (dial. v.) soort spanspekkie; misk. Mal. *laboe*, “kalbas, meloen, pampoens” m. byg. aan *meloens* wat as simp. in Afr. d. **spanspek** (q.v.) verdring is en in ss. soos *waat-/wart-/watermeloens* deur **-lemoens** (q.v.) — dan misk. kontamv. v. *laboe* en *meloens*?

lama I: kameelagtige skaaps. (*Auchenia lama* of *Lama huancos*); Ndl. (eers Nnl.) *lama*, Eng. *lama/llama*, via Sp. *llama* uit Peru. wd. wat “kudde” of “skape v. d. land” bet.

lama II: Tib. priester; Ndl. en Eng. *lama* (16e–17e eeu in Europa bek.), uit Tib. (*b*)*lama* (uitgespr. *lama*), “priester”, vgl. *dalai-lama*, “opperpriester”.

+**lamantyn:** soort seedier, enersyds vgl. m. seekoei, andersyds m. walvis, vgl. vWiel 28 (*spp. Cetacea/Trichechus*, fam. *Trichechidae*); Ndl. *laman-/lamentijn*, mntl. via Fr. *laman-/lamentin* d. sametr. v. lw. *la* met *manati* (Sp. *manatí/manati*), wsk. uit Kar.

lamel: dun plaatjie; Ndl. *lamel*, via Fr. *lamelle* uit Lat. *lamella*, “dun plaatjie”, hou wsk. verb. m. **omelet** (q.v.).

lamlending: lamsak, papbroek; vgl. Kem WFA 427 wsk. kontamv. v. *ellending* en *lamlendig* (vgl. Ndl. *lammenadig* (*lam* + *ongenadig*), “beroerd”).

lammerskape: reeds in 1689 in S.A. gedok., blb. is dié ss. nie in Ndl. bek. nie (Scho TWK/NR 7, 2, p. 11).

lammervanger v. **kouvoël**.

lampet: veral in ss. m. *-beker*, *-kan* en *-kom*; Ndl. *lampet* (misk. uit *lamp* met agterv. *-et*) kom eers begin 17e eeu in gebr. en reeds weer veroud. en voorgeskiedenis onseker (vgl. dVri J NEW).

lamsiekte: siekte onder beeste; dokg. by Men, Thun, IVa en Lic (Scho TWK/NR 7, 2, p. 11).

+**landauer:** rytuig m. dubbele afslaankap; Ndl. (eers Nnl.) *landauer*, soos Eng. (18e eeu) *landau*, uit Hd. *landauer*, na die stad v. vervaardiging, Landau i. d. Palts.

landdros v. **dros I**.

lanfer: gaasstof vir roufloers; Ndl. *lanfer* (ouer, o.a. by Kil, *lampers*, Mnl. *lamper(s)/lamfeter*, dial. *lamper*, v. onbek. herk.) wu. Fr. *lambrequin*.

lang I: teenst. v. kort, uitgestrek; wat 'n hele tyd duur; attr. vorm naas pred. *lank*; Ndl. *lang* (Mnl. *lanc*, by Kil *langh/lanck*), Hd. *lang*, Eng. *long*, hou verb. m. Lat. *longus* — afl. m. uml. *lengte*.

+lang II: ww., aangee, toereik, verskaf; dial. Ndl. *langen* (by Kil *langhen*, by vRieb *langen, gelangt*, “verskaf”) kan (bv. by vRieb) misk. d. Hd. *langen*, “uittreik”, beïnv. gewees het.

langwa: balk wat voor- en agterstel v. wa verbind; Ndl. *langwagen* (reeds by Kil *langhewaegen*, by vRieb *langwaegen*), v. Kloe HGA 316.

langwylig: langdurig; vervelend; Ndl. *langwylig* (reeds by Kil *langhwijligh*, by vRieb *langwylige*) tans in Ndl. veroud., misk., soos **lang II**, deur Hd. *langweilig* beïnv.

laning: ry bome (bv. *kweperslaning*), heg v. bome (bv. *ka(a)iappellaning*); dial. Ndl. *laning*, blb. as ww. v. **laan** (q.v.), by vRieb *laning* in Afr. bet. v. ry/heg v. bome ter beskutting van bv. vrugtebome — in Afr. is *laan* en *laning* eint. doeb.

lank v. lang I.

lanterfanter: struiks., ook bek. as *waajibos*, sonder meer nie uit te maak of dit dies. is as Mar (53, 139) se *lantanter* (*spp. Brunsvigia*, fam. *Amaryllidaceae*) nie, maar as wd. wsk. verb. m. Ndl. *lanterfant*, “rondloper”, en *lanterfanten/lanteren*, “rondloop”, misk. selfs m. Ndl./Afr. *slenter(en)* — so ook *lanterfanten* by vRieb, *landtrefanten* by Kil, maar meningsverskille oor herk. (dVri J NEW); v. ook **tolbossie, waajibos**.

lantern: ligtoestel; Ndl. *lantaren/lantaarn* (Mnl. *lant(a)erne*), Fr. *lanterne*, Lat. *lanterna*, Gr. *lamptêr*, “lamp”, *lampein*, “lig gee”, naas Mnl. *lat(t)erne* en Lat. *laterna* (vgl. ook Lat. *lucerna*), vgl. Kloe HGA 100–1.

lapa: (dial. v.) deur muur of rietskerm omringde ruimte voor stroois, voorwerf; NSo. *le-lapa*, origins in Bant. ander bet. of ander wd.

larwe: ontwv. uit eier by bep. insekte; Ndl. *larve* (sedert Kil *larve*, uit 14e-eeuse Mhd. *larve*) uit Lat. *larva*, “huisgees; masker” (vgl. ook Lat. *lar* (mv. *lares*) “huisgees”) — die larwe as 'n “ge-maskerde lewensv.” beskou.

las I: verbindingstuk/-plek; Ndl. *las(ch)* (Mnl. *lassece*), Hd. *lasche*, Eng. *lash*, “koppelriem”, verb. met ww. Ndl./Afr. *las(sen)*.

las II: iets wat op iemand of iets gelaai is; ergernis, moeite; Ndl. *last* (Mnl. *last*), Eng. (sedert 14e eeu dial.) *last*, “hoeveelheid; gewig”, wu. Fr. (sedert 17e eeu) *last(e)*, “gewig v. 2 ton”, almal verderop verb. m. **laai II**.

lasaret: verpleeginrigting, veral v. leproses/melaatses; Ndl. *lazaret* (sedert begin 17e eeu) via Fr. *lazaret* of direk uit It. *lazzaretto*, na d. naam v. Bybelfiguur, Lasarus.

laser: lettn. v. *Light Amplification by Stimulated Emission of Radiation*.

laskaar: (eint. Oosterse) matroos; Ndl. *laskaar* (reeds end 16e eeu by vLin as *lascarin* en begin 18e eeu by Val as *lascaryns*), Port. (16e eeu) *lasquarini/lascar(in)*, Fr. *lascar*, Eng. *lascar*, Hd. *laskare*, almal uit Pers. *lasjkar*, “leër”, (later) “lid v. leër”, m.a.w. “soldaat”, (dan) “matroos”.

lasso: vangriem m. lus; Ndl. *lasso* (bek. geraak d. Am. awentuurverhale) uit Sp. *lazo*, verb. m. Eng. *lace* en Lat. *laqueus*, “skuiflus, strop”; v. ook *lis* II, *lus* II.

latrine: gemakshuisie, privaat; Ndl. *latrine* (blb. betr. laat) uit Fr. *latrine* uit Lat. *latrina*, “bad”, hou verb. m. ww. *lavāre*, “was”; v. ook *priewie*, *sekreet*.

laventel: parfuum; Ndl. *lavendel* (Mnl. *lavendel* (ouer en dial. *lavender/levender*), eint. pln. (*Lavandula officinalis*, fam. *Labiatae*), in S.A. ook *wilde* —, sp. *Heteropyxis*, fam. *Lythraceae*; Eng. *lavender* uit Ang.-Fr. *lavendre* uit Ll. *lavendula/livendula*, misk. verb. m. Lat. *lividus*, “blouerig”, vanweë persagtige kleur v. blom (vgl. Eng. *livid*); hou verb. m. Lat. ww. *lavāre*, “was” (vgl. *latrine* n.a.v. gebr. v. parfuum in sulke plekke). Opvallend in Afr. is *t* i.p.v. *d* teenoor ander vorme; ook by vRieb *lavendel*.

+**lavor:** — *levoor* —, (dial. v.) *ivoor*, reeds by Wik *lavor/lavoore*; in SNdl. *lavor* na d. vb. v. Fr. *l'ivoire*, hou verb. m. Lat. *ebur*, “elpebeen”, misk. ook m. Kop. *ebou/ebu*, “olifant; elpebeen” (vgl. Frank TB 157) — lw. en grondw. is (soos elders, v. **lepaai**) saamgetrek.

lawaai: drukte, geraas, rumoer; eers sedert Nnl. en dan veral NNdl. *lawaai*, SNdl. *laweit* en Pd. *lawei/lavei*, v. onbek. herk. Hoe en wanneer het dit Afr. bereik?

lawement: uitspoeling (meer bep. v. *rectum*); Ndl. *lawement* uit Fr. *lavement* (Mnl. *lavament* direk uit Lat. *lavamentum*), hou verb. m. Lat. *lavāre*, “was” (vgl. **latrine** en **laventel**) — *lawement* by sommige sprekers enigszins veroud. en voer by ander blb. ’n bestaanstryd teenoor *klisma* en Eng. *enema*.

lawine: sneeustorting; Ndl. *lawine/lauwine* (nog nie by Kil nie) blb. via Hd. *lawine* uit Sw.-Du. *lauwuu* uit Ll. *labina*, “aardstorting”, vgl. Bei. *läuen* en Sw.-Fr. *lava/lave*, “laag gladde klippe”, soos Ndl., Eng. en It. *lava* wsk. verb. m. Lat. *lavāre*, “was” (vgl.

- latrine, laventel en lawement)** — daarnaas Sav. *lavenche*, Eng. en Fr. *avalanche*, wsk. uit dial. Fr. *avalance*, “neerdaling”, maar verb. verduister deur d. kruising v. vorme.
- lawwerint:** meest. mv. en in verbg.: *in die lawwerinte*, (dial. v.) moeilikheid, “volkse” vorm v. *labirint*; Ndl. *labyrinth* (blb. sedert 17e eeu), Eng. *labyrinth*, Fr. *labyrinth* uit Lat. *labyrinthus*, Gr. *laburinthos*, “doolhof”; herk. onbek.
- lê:** in Afr. het die Ndl. ww. *liggen* en sy kous. *leggen* (vgl. Hd. *liegen/legen*, Eng. *lie/lay*) saamgeval; hou verb. m. **laag** II, III en IV, **laer** en **leër**, en verderop m. Lat. *lectus*, “lêplek, bed” en Gr. *lêxos*, “bed”.
- ledekant:** (gew.) bed. m. kap of hemel; Ndl. (sedert 16e eeu) *ledekant/ledikant* (lg. huidige vorm en spel.) uit Fr. *lit de camp*, “veldbed”.
- + **ledemaat:** in Ndl. is v. *lidmaat*, mv. *lidmaten*, na die vb. v. *lid*, mv. *leden*, die vorm *ledematen* gemaak en daarvan weer ’n ekv. *ledemaat*, wat sowel in Ndl. as in Afr. veroud. is, maar in Afr. dial. nog voorkom, hoewel gew. ondersk. word tussen *lidmaat* — *lidmate* (van ’n kerk of genootskap) en *lidmaat* — *ledemate* (gewrigsdele v. ’n liggaam, ook *lit* — *litte* genoem).
- ledig:** nie-besig, werkloos; Ndl. *ledig* (Mnl. *ledich*), Hd. *ledig*, mntl. verb. m. *lit* in bet. “buigbare deel v. liggaam” (vgl. Afr. uitdr.: *jou litte roer*); in Afr. is *ledig* doeb. v. **leeg** (q.v.).
- leeg:** met min of sonder inhoud; in Ndl. is *leeg* in ’n mate nog ww. v. **ledig** (q.v.), maar in Afr. is *leeg* (“niksbevattende”) en *ledig* (“niksdoende”) doeb., lg. hou, soos Hd. *ledig*, mntl. verb. m. Ndl. *lid*, Afr. *lit*, as aanvaar word dat *ledig* wsk. bet. het “vryheid v. ledemate”; **leeg** en **laag** IV, asook **laagte** en **leegte**, loop dikw. (veral in plekn.) deureen (vgl. ook Kloe HGA 63–6 met kaart op 65, 293 m. verwysing na *leeghte(n)* by vRieb).
- leemte:** gebrek, tekortkoming; Ndl. *leemte* (Mnl. *leemte*, “verlamming”), Mned. *lēmede/lembte*, Mhd. *lēmede/lemde*, “verminking, verlamming”, hou verb. m. Ndl./Afr. *lam* en Eng. *lame*.
- leep:** — *lep* — , gew. in verbg. m. *oë*, dus *le(e)poë*, slegsierende, tranerige *oë*, soms m. oorhangende ooglede; Ndl. (reeds Mnl.) *leep*, misk. d. geneesh. ontln. aan Lat. *lippus*, “leepogig”, verderop in verb. gebring m. wd. wat o.a. “vet, vuil, kleef, salf” bet., maar onseker.
- leer** I: lering, opvatting, stelsel v. reëls; Ndl. *leer* (Mnl. *lere*), Hd. *lehre*, Eng. *lore*, hou verb. m. Ndl. ww. *le(e)ren*, Hd. *lehren* en *lernen*, Eng. *learn*.

leer II: — *ladder* (nog in *toonladder*, “toonskaal”, teenoor *toonleer*, “tonologie”) — ; Ndl. *ladder/leer* (e.g. blb. Fri. vorm en lg. blb. Frk.-S. vorm, v. dVri. J NEW s.v. **ladder**), Eng. *ladder*, Hd. *leiter*, wsk. verb. hoërop m. Gr. *klimax*, “leer, trap”; vgl. Kloe HGA 158 en kaart op 159.

leer III: gebreide vel v. diere; Ndl. *leder/leer* (Mnl. *leder*, daarnaas by Kil reeds *leer*), Hd. *leder*, Eng. *leather*, ôf aan Kel. ontl. ôf andersom, maar onseker (v. dVri J NEW).

leër: 1. lêplek; 2. menigte; 3. oorlogsmag; Ndl. *leger* (Mnl. *lēgher/lēghere*, “lêplek; ligging; belegering”), Hd. *lager*, Eng. *lair*, v. **laer**.

leër: 1. wynmaat; 2. lias; Ndl. *legger* (Mnl. *leggher* in bet. “re=gister”, vgl. Ndl. *legger* en *lias*), maar *legger* in bet. “kuip, wa=tervat, wynmaat” blb. eers sedert 17e eeu), hou verb. m. **lê** (q.v.); by vRieb *legger*, gew. gevolg d. *wijn*.

leeraar: ss. v. leer II + s.nw. *aar* (geol. term v. leervormige aar), te ondersk. v. afl. leer I + agterv. *-aar* as *leraar*, “predikant”.

leerbas: pln., ook bek. as *bosghwarrie* (*spp. Euclea*, fam. *Ebenaceae*, vgl. WAT), reeds by Weh (ong. 1811) as *lederbast*, ben. berus blb. op voorkoms v. leeragtige blare en gebr. v. swart bas v. wortels as lakseermiddel.

leervis: viss. (*Lichia amia*, fam. *Carangidae*); Ndl. *leervis(ch)*, ’n vis wat vlgs. WNT VIII 1211 tot d. fam. v. d. *Theutides* (?) behoort; dit is nie duidelik waarom Scho (PD 27, voetn.) Gil se verkl. i.s. Val se toeligting in twyfel trek nie, want WNT (t.a.p.) skyn dit te bevestig, asook Barn 120, nl. dat die vis met klein en min skubbe ’n leeragtige voorkoms het.

lees I: ’n vorm v. taal op skrif stil vertolk of hardop verklank; berispe (bv. iemand ’n les lees); versamel (vgl. *bloemlesing*); Ndl. *lezen* (Mnl. *lesen*, “uitkies; vertel; opsê, (voor)lees”), Hd. *lesen*, Eng. *lease*, Got. *lisan*, hou ondanks besware tog wsk. verb. m. Lat. *legere*, Gr. *legein*, albei “opraap, versamel”.

lees II: gemodelleerde stuk hout of metaal vir die maak of repareer v. skoene; Ndl. *leest* (Mnl. *leest*, “model, vorm”), Hd. *leiste(n)*, Eng. *last*, Got. *laists*, “spoor”, hoof. Germ. en ouer bet. wsk. “spoor”; v. ook **oorlees**, **skoenlees**, **ysterlees**.

leeubekkie: tuinbloms. (*spp. Antirrhinum*, fam. *Scrophulariaceae*); Ndl. *leeuwe(n)bekje* (versk. plante met dié naam by Heuk, d. *Antirrhinum* op p. 23), ben. n.a.v. vorm v. blom.

leeubos v. **skilpadbos**.

leghorn: hoenderras (*spp. Gallus*, fam. *Gallinaceae*); Ndl. en Eng. *leghorn* (lg. sedert mid. 19e eeu), hou verb. m. It. plekn. Livorno (vroeër Legorno) vir Lat. *Liburnus*, by vRieb as plekn. Livorne/Ligorn/Livorno/Livorn.

legio: menigte; Ndl. *legio* is dies. as **legioen** (Mnl. *leghioen*) uit Fr. *légion* uit Lat. *legio*, “leërafdeling”, maar het in sy Lat. vorm *legio* m. die Bybelvert. i. d. bet. “groot menigte” in gebr. gekom n.a.v. Mark. 5:9 en Luk. 8:30.

legioen v. **legio**.

legplek: veepos, by Bor, daarnaas (tans minder gebr.) *legplaas* by ander deur Scho (TWK/NR 7, 2, p. 11) aanget.; **lèplek** alg. en ruimer.

+**legwe:** antiloops., soort *waterbok* (*Cobus/Kobus lechee* (*lechwe*), fam. *Bovidae*), deur Pet A s.v. *lechwe* m. aanh. v. *lech*/*lechwes/luchee*, wsk. uit Bant. buite die Republiek, maar Web ident. dit m. *Onotragus leche* en soek verb. m. SSo. *letsa*, wat vlgs. Dietl ’n soort grys/vaal ribbok (*Pelea capriola*) is — naam weinig bek. en herk. onseker.

lei I: gesteente (bv. in *leiklip*; *skryflei*); Ndl. *lei* (Mnl. *leye*), verb. is gesoek m. Oie. *lie* en Gr. *lāas*, albei “steen”, maar geen sekerheid nie.

lei II: bestuur, gids wees, rigting gee, voer (’n *lewe* —), Ndl. *leiden* (Mnl. *leiden/lēden*), Hd. *leiten*, Eng. *lead*, ’n kous. v. Ndl. *lijden* (v. **ly I**).

lei III: tans net suf. in o.a. *allerlei*, *velerlei*, maar vroeër selfst. wd., bv. in Mnl. *leye/leide*, Mhd. *lei(e)*, Mned. *lei(e)/leige*, “manier, soort”, dan mntl. verb. m. **laai** V en verderop m. Port. *laia*, Fr. *loi*, Lat. *lex* (lg. twee in bet. “wet”).

leidsman: aanvoerder, beskermmer, by vRieb sonder *d* as *leysman*; vgl. Kloe HGA 294.

leisel: meest. mv., stuurrieme aan trense v. ingespanne karperde; Ndl. *leidsel/leisel* (eers na Kil) ss. v. ww. *lei(d)en* en *zeel/seel*, “tou”.

leitou: tou waarmee osse gelei word, by Trig *lijtoww* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 11).

lekkasie: uitvloei v. gas of vloeistof uit houer; verbreking van geheimhouding; Ndl. hibr. afl. v. *lekken* (Mnl. *lecken*) + Fr. suf. *-age* tot *lekkage* (Mnl. *leccage*, e.a., by vRieb *leccagie*, v. ook **lakkasie** hierbo).

lekkerruikpeul v. ruikpeul.

lem: snyblad v. mes; Ndl. gew. *lemmer/lemmet* (Mnl. *lemmele*) uit Lat. *lamina/lamina*, dim. *lamella*, “plaatmetaal”, maar daarnaas vroeër ook in Ndl. (veral in Mnl.) ww. *lemmen* wat as mv. opgevat is en wu. dan ekv. *lem* geabstr. is, vgl. Ndl. *banaan, raaf* e.a. — is vorm *lemmer* misk. nog in Afr. bewaar in **boslemmermes** (q.v.)?

lemmetjie: sitrusvrugs. (*Citrus limetta*, fam. *Rutaceae*); Ndl. *limme=tje* (WNT VIII 1564 beskou *lemmetje* as drukfout v. *limmetje* uit Fr. *limette*, dim. v. *lime*, Eng. *lime*, maar dit hoef nie, want vLin het reeds mv. *lymen* wat via Port. of Sp. *lima* op Arab. *līm*, “sitroentjie”, kan teruggaan); vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 11–12.

lemmie: bep. soort glasalbaster, deur seuns so genoem, omdat dit uit 'n *limonadefles* (spr. uit *lemmeneit*) kom.

lemoen: vrug- en pln. (*spp. Citrus*, fam. *Rutaceae*), as vRieb vrugtes. soos *orangie appelen, lemoenen*, ens., opnoem en *orangieappelende lemoenboomtjies* wil plant, dan is dit duidelik dat ons met twee soorte te doen het, want ons *lemoen* beantw. as vrug aan Ndl. *appelsien, oranjeappel* en *sinaasappel* en is reeds in die 17e eeu deur Dap, Dod e.a. as *soetlemoen* ondersk. teenoor die *suurlemoen* (*Citrus medica*) wat aan die Ndl. wd. *limoen* en die Eng. *lemon* beantw. Sedert die Kruistogte het d. vrug en naam geleidelik in Eur. bek. geraak en het die tale v. S.-Eur. (Fr. *limon*, Port. *limão*, Sp. *limón*, It. *limone*) die brug gevorm tussen die Ooste (Arab. *laimūn/leimūn*, Pers. *līmūn/lēmūn*, Mal.-Pol. *limau/limo*) en die Weste om aldus die tale v. W.-Eur. (Eng. *lemon*, Ndl. *limoen* en Hd. *limone*) te bereik.

lemoenvoël v. pierewiet I.

lemur I: mv. *-e*, afgestorwenes se geeste wat snags ronddwaal; die volksgeloof in Eur. lande het dit uit Lat. *lemur* (meest. mv. *lemures*) gekry; die wd. hou misk. verb. m. Gr. *lamai*, “monster, spook”, of m. Gr. *lamuros*, “vraatagtig, woest”.

lemur II: mv. *-s*, veral Madagaskarse aaps. wat snags optree (*Lemur albifrons* (*catta*), fam. *Lemuridae*) wat weens sy vraatsugtige en nagtelike aktiwiteite sy naam aan **lemur I** ontln. het.

lengte: afstand, aandr. afstand ten ooste of weste v. d. nulmeridiaan; duur v. tyd; Ndl. *lengte* (Mnl. *lencte* naas *lengde/lenghede*), Eng. *length*, afl. m. suf. *-te* van umlv. v. **lang I** (q.v.).

lenig: buigsaam, sag; Ndl. *lenig* (na Kil), OFri. *länig/lenig*, Fri. *linich*, albei “buigsaam”, hou mntl. verb. m. Gr. *liázomai*, “buig”.

leno: ligte katoengaas (tekstiel), naam d. die intern. handel versprei, wsk. uit Fr. *linon*, “sluierdoek”.

lens: oogdeel; bep. vorm v. glas in brille, mikroskope, verkykers, ens., om beeld vir die oog te vergroot; Ndl. *lens*/(soms) *lins* (nog nie by Kil nie), Eng. *lens*, Hd. *linse*, hou verb. m. **lensie** (q.v.).

lensie: peulvrug- en pln. (*Ervum/Lentilla lens*, *Lens esculenta*, fam. *Lentibulariaceae*); wsk. via Ndl. (reeds by Kil) *linze* uit Hd. *linze* uit Ll. *lentiem* (akkv. v. Lat. *lens*), hou verb. m. Eng. *lentil* (uit dim. *lenticula*); slot-*ie* in Afr. kan dim. wees of ontw. het uit swak beklem. slot-*e* (soos o.a. in suf. *-asie* uit *-age*); ben. d. vormooreenkoms oorgedra op **lens** (q.v.).

lente: bep. jaargety; Ndl. *lente* (Mnl. *lente(n)*, by Kil *lente*), Hd. *lenz*, Eng. *lent* (vastetyd), hou blb. verb. m. **lang** (q.v.), d.w.s. jaargety wanneer d. dae langer word.

lep v. **leep**.

lepaai: ligte, goedkoop katoenstof (veral bek. i. ss. *lepaaikomers*); die wd. kom in versk. Bant. tale voor: i. d. So.-groep m. klaspref. *le-* en *pae/pai/paai/baai*; i. d. Ngu.-groep m. klaspref. *i(li)-* en *bayi*; Nien (X 8–10) het Coetz (Lg 15–6) se verkl. dat die Bant. *ka-* deur 'n eie pref. vervang en *baai* uit *kabaai* (q.v.) geabstr. het, verwerp, asook Krop-God e.a. se verb. m. (Algoa)*baai* as plek v. werklike of vermeende herk. en wel Bant. pref. aanvaar, maar op grond v. vroeë gebr. (eerste helfte 19e eeu) in Ndl./Afr. en Eng. (bv. *Kaffer baai*, *kaffer laken*; *Kaffir baize*, *kaffir-sheeting* en *baai-sheeting*) die Bant. *pae/bayi*, ens., in verb. gebring m. Ndl./Afr. **baai** III (q.v.).

lepelhout: pln. (*Hartogia capensis* en *Elaeodendron kraussianum*, fam. *Celastraceae*), v. Scho PD 33; Ndl. *lepelhout* (by Heuk 1 as *sp. Acer*, fam. *Aceraceae*).

lêplek v. **legplek**.

lepra: melaatsheid; Ndl. *lepra* (na Kil) min of meer intern., uit Lat. *lepra* (gew. mv. *leprae*), Gr. *lépra*, “melaatsheid”.

leraar: — (soms in sprt.) *leraard* — , dominee, predikant; Ndl. *leraar*, afl. uit **leer** I + agterv. *-aar*, te ondersk. v. ss. **leeraar** (q.v.).

+**lers:** halwe broekspyp v. seil om broek te beskerm; via dial. Ndl. *lers* of Pd. *lêrse*, hou verb. m. Ndl. **laars** (Mnl. *leerse/laerse*), Mned. *lerse*, sametr. uit *lederhose*, Ohd. *lederhosa*, “beenbekleding v. leer”; v. **waterbene**.

les I: lering, onderrig; vermaning; Ndl. *les* (Mnl. *lesse* naas *lexe*), vroeë geleerde ontl. aan Lat. *lectio*, “lesing”, wu. Eng. *lesson* via Ofr. *leçon* (Fr. *leçon*).

les II: ww., stilmaak (v. dors); Ndl. *less(ch)en* (Mnl. *lesscen*, “uit=doof”, by Kil *lesschen*), Hd. *löschen*, verw. in en buite Germ. enigszins onseker.

les III v. leste.

leste: nie alg. nie, maar bv. nog in: *die leste een* as ww. v. *laaste*; Ndl. *lest* (veroud. en dial.) uit *letst* as sup. v. *lat*, “agter, traag”, dog tans, soos in Afr., as sup. v. *laat* aangevoel — die onverboë *les* feit. nog net in: *les bes* (wsk. d. asson. en rym bewaar); by vRieb o.a. nog *den lesten April* en *met de leste boot*.

letiang: ligte Bantobier; So. *le-ting* (vgl. ook **djoecala**).

leuen: onwaarheid; Ndl. *leugen* naas *logen* (Mnl. *lōghene/luegene/lougene*), naas vorme sonder *-n* in Hd. *lüge* en Eng. *lie*, hou verb. m. Ndl. ww. *liegen* en *loochenen*, Hd. *lügen* en *läugnen*, Afr. *lie(g)* en *loën*, verw. buite Germ. onbelangrik.

leun: rus teen; steun op; Ndl. *leunen*/(veroud. en dial.) *lenen* (Mnl. *lenen/loenen/leunen*), Hd. *lehnen*, Eng. *lean* (eint. kous.), verb. m. Lat. *clinare*, “buig, neig”, Gr. *klinein*, “aanleun, neig” (v. verder dVri J NEW).

leuters v. doodleuters.

levoor v. lavoor.

lewerik: — *lewerk* — , gew. dim. m. *-ie*, sangvoëltjie (*spp. Alauda*, fam. *Alaudidae*); Ndl. *leeuw(e)rik/leeuwerk(e)* (Mnl. *lēwerke*, dial. o.a. *lieweric/liwerke*, by vRieb naam v. “jagt” Leeuwrik), Hd. *lerche*, Eng. *lark* (Sko. *laverock*), almal kn.

lias I: lêer; Ndl. *lias* (sedert 17e eeu) uit Fr. *liasse*, afl. v. *lier* uit Lat. *ligare*, “saambind”.

lias II: bep. gesteente, oudste v. d. Juratydperk; Ndl. *lias* (sedert 19e eeu) uit Eng. *lias* uit Ofr. *lieis* (Fr. *liais*, “kalkagtige gesteente”).

lid v. lit.

liddiet: plofstof; Ndl. *lyddiet* uit Eng. *lyddite* na Lydd in Kent.

liddoring: horingagtige verdikking v. opperhuid; Ndl. *likdoorn/likdoren*, ouer en dial. *lijkdoren* (*lijk* nog in ouer bet. “liggaam”) wu. ook Ndl. volkset. *liddoren*, Afr. *liddoring*.

lidië: gesteente, ook bek. as *swartjaspis*; Eng. *lydite* na Lidië in Klein-Asië.

lie v. liemaak en leuen.

liede v. lui II.

liederlik: morsig, slordig, vuil (ook fig.); Ndl. *liederlijk* (sedert 18e eeu) ontl. aan Hd. *liederlich*, misk. verderop verb. m. Gr. (*e*)*leutheros*, “vry”, maar onseker (vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 12).

liefhêer: geneë tot, bv. *hy is liefhêer om dit te doen*, by Scho TWK 14, 1, p. 21 *liefhebber* uit 1870 m. vgl. v. adj. gebr. v. *kwaaddoener* uit 1861; Ndl. *liefhebber* (s.nw.) en *liefhebberig* (b.nw.), vgl. *honger* as b.nw./bw. in Afr.

lieg v. leuen.

liemaak: bedot, terg, treiter/tretter; die redukv. *lie*, ook (met adv. -s) in *kammalielies* (v. **kamma**), is 'n versagte vorm v. *lieg* wat verb. hou m. **leuen** (q.v.).

lieplapper: niksnuts, rondloper; Ndl. *liplap* (+ suf. -er by persn.), binneste v. kokosneut (al by Rum), reeds in 1622 i. d. Ooste op pers. (veral v. gemengde bloed) toeg.; vgl. Frank TB 11-12.

lietsjie: vrug- en pln. (*Litchi chinensis* (*sinensis*); Eng. *litchi* uit Sji. *li-chi*).

lig I: s.nw., skynsel wat omgewing sigbaar maak; (fig.) duidelikheid, opheldering; Ndl. *licht* (Mnl. *li(e)cht/lecht/lucht*), Hd. *licht*, Eng. *light*, ander verwyderde formante in en buite Germ.

lig II: b.nw., helder, nie-donker; Ndl. *licht* (Mnl. *licht/lecht*), Hd. *licht*, Eng. *light*, verb. met ww. Ndl. *lichten*, Afr. *lig*, Eng. *light*, Hd. *leuchten*, “helder maak, laat skyn” (v. ook **lug** II en *verlug*).

lig III: b.nw./bw., gering, maklik; nie-swaar, maklik; onbelangrik; Ndl. *licht* (Mnl. *licht/lecht*), Eng. *light*, Hd. *leicht*, verderop verb. m. Gr. (*e*)*laxus*, “gering, klein”, verb. met ww. Ndl. *lichten*, Afr. *lig* (*oplig*), Eng. (*a*)*light*, Hd. *lichten*, “ophef, optel”.

ligtelaai(e) v. laai IV.

ligterhout: hefboom om voertuie op te lig; Ndl. alleen simp. *lichter* en in WNT “alleen bewysplase uit moderne tegniese boeke” (Scho TWK/NR 7, 2, p. 12 m. vb. *lechteruit* in S.A. Eng. ong. mid. 19e eeu).

likied: — *likwied* — , i.s. sink. van *w* vgl. *antikiteit/antikwiteit*, “vloeibaar” (v. bates gesê); Ndl. *liquide*, Eng. *liquid*, uit Fr. *liquide* uit Lat. *liquidus*, “vloeiend”.

likkewaan: soort groot reptiel wat op land en in water hou (*spp. Iguana*, fam. *Iguanidae*); Ndl. *leguaan*, Fr. *l'iguane*, Eng. *iguana* (S.A. Eng. *leguan*), uit Sp. *iguana* uit Kar. *iwana* — soos by **lavor/levoor** (q.v.) is d. Rom. lw. *la/le* prok. by die wd. ingelyf, vgl. verder die inlywing van die Bant. klaspref. *le-* by **lepaai**).

liksens: — *lisensie* — , permit, vergunning om sake te doen, ens.; Ndl. *licentie*, Eng. *licence* uit Fr. *licence* uit Lat. *licentia*, verb. m. *licet*, “dit is toegelaat”; opvallend is epent. *k* in Afr. — het **wonderliksens** (q.v.) daar iets mee te doen? of is dit ’n geval van letteruitspraak?

likwied v. likied.

lila: kleurskakering (blouerig, persagtig); Ndl. *lila* (na Kil), ouer ook *lilas*, Hd. *lila*, Eng. *lilac*, uit Fr. *lilas* uit Arab. *lilak* uit Pers. *lilak/nilak* uit Skt. *nīl*, “blou”, eint. naam vir “sering”.

lilliputter: klein, onbeduidende pers. (ook op dinge toeg.); Ndl. *lilliput(ter)*, Fr. *lilliputien*, uit Eng. *lilliputian* na Swift se denk=beeldige land Lilliput in sy *Gulliver's Travels* (1726).

+**limbo:** growwe katoenstof (vroeër d. Natalse handelaars gebr.); S.A. Eng. (wsk. ook Afr.) *limbo* uit Zu. *u(lu)-lembu*, “spinnerak; moeselien” (v. Doke-Vil).

limbus: (vlg. volksgeloof) grensgebied v. d. hel waar “goeie” afgestorwenes v.C. en ongedoopte suiglinge verblyf hou; Ndl. *limbus*, Fr. *limbe*, Eng. *limbo* (uit: *in limbo* v. Lat. *limbus*, “grens”).

limerick: verspot rympie; Eng. *limerick* (sedert 1898), na d. stads=naam Limerick wat in d. refrein van so ’n liedjie voorgekom het.

links I: nie-regs, hot (d.w.s. nie-haar); Ndl. *links* (b.nw. vroeër *linksch*; bw. *links*, verboë vorm *linker*; Mnl. *linc*, by Kil *linck*), Hd. *link* naas *links*, “links; verkeerd”, hou verb. m. *slinks*, “skelm. slu”; by vRieb nog *slinkerhandt*.

links II: diern., ook bek. as *los* (v. *los* II), roofdier (*Felix lynx*, fam. *Felidae*); Ndl. *lynx* (na Kil), Eng. *lynx*, Fr. *lynx* uit Lat. *lynx*, Gr. *lunx*, hou wsk. verb. m. Gr. *leuissein*, “sien” — die links het skerp oë.

linoleum: houtmeel/kurkafval en lynolie saamgepers op juteweefsel vir vloerbedekking; Lat. *linum*, “vlas”, + *oleum*, “olie”, verlat. handelsn. v. lynolie deur d. uitvinder Walton (± 1863) aan d. produk gegee.

lintwurm: (eint. nog net bek. in bet.) ingewandswurm; Ndl. *lintworm* (Mnl. *lindeworm/lintworm*), ss. v. twee wd. wat albei vroeër “draak, slang” bet. het; sprekers voel *lint* hier net as “band” aan, vgl. Eng. *tapeworm*.

lira: It. geldeenheid; Ndl. *lire*, Eng. *lira*, It. *lira* uit Lat. *libra*, Romeinse pond, sedertdien “waarde- en gewigseenheid”.

lis I: sluwe slimheid; Ndl. *list* (Mnl. *list/lest/lust*), Hd. *list*, Oeng. *list*, Got. *lists*, “sluheid”.

lis II v. lus II.

lisensie v. liksens.

lisoendoe: pln. (*Phoenix reclinata*, fam. *Palmae*); Ngu. *i(li)-sundu*, “date palm” (Doke-Vil).

lit: mv. *-te* (vw./doeb. v. *lid*, mv. *lede*), gewrigsdeel v. liggaam, geleiding v. plant (anatomiese begrip *articulus*); Ndl. *lid*, mv. *leden*, dial. *litten* (Mnl. *lit*), Hd. *glied* (Ohd. (*gi*)*lid*), wsk. verb. m. Eng. *limb*.

litteken: merkteken v. ’n wond aan ’n **lit** (q.v.); Ndl. *litteken*, dial. *likteken*, ouer *lijkteken*, vgl. **liddoring**.

lobola: s.nw. en ww., bruidsprys, bruidskat, m.a.w. wat ’n Bant. aan sy aanstaande skoonouers vir sy bruid by wyse v. vee of andersins moet gee; ’n vrou ruil; Ngu. (*uku*-)*lobola*, “vrou ruil”, (*ili*-)*lobolo*, “ruilgoedere/-waarde” (Doke-Vil).

+loeder v. aapskeloeder.

loef: windkant (veral in: *iemand d. loef afsteek*, “iemand uitoorlê”, vroeër gesê v. ’n skip wat die wind v. ’n ander skip se seile wegkeer); Ndl. *loef* (d. eerste by Kil), Hd. *luv(seite)*, Eng. (*a*)*loof*, *loof/luff*, hou wsk. verb. m. Meng. *love* en Got. *lofa*, “plat hand”.

loefa: rankplant m. kalbasagtige sponsvrug, ook bek. as *vadoek*=*kalbas* (*Luffa aegyptica*, fam. *Cucurbitaceae*); Eng. *loofah*, Hd. *luffa(kürbis)*, Sp. *lufa*, Arab. *lūf(ah)*.

loën v. leuen.

loer: skelmpies kyk; Ndl. *loeren* (Mnl. *loeren*, by Kil *loeren*, “oë sluit”), Hd. *lauern*, Eng. *lower*, ouer bet. blb. “m. halfgeslote oë kyk”, hou mntl. verb. m. *gluur*.

loerie: voëls. (*spp. Centropus*, veral *Turacus corythaix*, fam. *Psittacidae*); Ndl. *lori/loeri/lorre* (sedert ± 1600), Eng. *lory/loury/hury*, Hd. *lori*, Fr. *lori*, Port. *louro*, Sp. *loro* (naas ww. m. anl. *n-*, bv.

Port. *nore*, It. *nuro*, ouer Eng. *nory/nury* en Ndl. *noerie/nuri*) gaan blb. almal terug op Mal. *loerie/noerie* — vlg. Lok is dié voëls (wsk. ook hulle naam) i. d. 16e eeu in Eur. ingevoer en vLin vermeld hulle as *noyras*, vgl. ook Scho PD 58.

loes: spoelgrond; Eng. *loess* (1833) uit Hd. *löss*.

loesing: afranseling; Ndl. *loezing*, blb. sedert 17e eeu en veral dial. *loesing/loezem*, mntl. uit *luisen/luizen/loezen*, “hard slaan” (lett. (*ont*)*luis*?); betr. vroeë dokg. i. Ndl., bekendheid in NHoll., SHoll. en WVl., arbeidstoestande a. d. Kaap en d. neiging v. terme by hofsake om clichés te word, maak dit onnodig om die frekw. v. gebr. tussen 1740 en 1742 aan d. invl. v. Noorse en Ned. koloniste toe te skrywe, soos Frank TB 108–9.

lof I: eer, roem; Ndl. *lof* (Mnl. *lof*), Hd. *lob*, hou verb. m. Ndl. ww. *loven*, Hd. *loben* en Afr. *loof/lowe*, **blo I** en **glo**.

lof II: blare v. bep. plante; (vroeg 16e eeu) Ndl. *lof*, ww. v. *loof* (Mnl. *loof*), Hd. *laub*, Eng. *leaf*, herk. hoërop onseker — uit Mnl. *loof*, mv. *lover*, het Nnl. *lover*, Afr. *lower* as koll. ontst.

loganbessie: vrug- en pln., ’n kruising tussen braam en framboos; Eng. *loganberry*, na regter Logan v. Kalifornië wat die kruising in 1881 bewerkstellig het.

loge v. losie.

lojaal: getrou; Ndl. *loyaal* (Mnl. *loyael/liael*, “eerlik, getrou”), by Kil *leael* uit Ofr. *léal* (Fr. *loyal*) uit Lat. *legalis*, “wettig”, vgl. Eng. doeb. *legal* en *loyal*.

+**lojang**: geelkoper; nie in WNT en Ndl. etim. wdb. nie, maar by vRieb “Indiaensche lojangh”, uit Mal. *lojang*, “geelkoper”.

lokasie: naturellewoonbuurt digby stede en dorpe; Eng. *location*, verb. m. Lat. *locus*, “plek”, en ww. *locare*, “plek bepaal”, vlg. NED in dié bet. in V.S.A. in 1792, aan d. Kaap wsk. eers bek. na d. eerste Britse besetting.

loks: mv., minderwaardige wolstukkies wat apart v. vagskeersel gehou word; Eng. *locks*, hou verb. m. Ndl./Afr. (*haar*)*lok*, Hd. *locke*.

lol: hinder, neul, sanik, seur; Ndl. *lollen/lullen* (Mnl. *lollen*, “prewel”, by Kil *lollen/lullen*, “mompel; neurie”), Hd. *hullen*, Eng. *lull*, “in slaap sus” (vgl. *lullaby*), almal kn.; hieruit *lolpot*, “lastige persoon”, in dial. Ndl. 1. “’n bep. soort koffiepot”; 2. “seurder” (vgl. Boek ZV s.v. *lollepote*).

+**lommerd**: pandjieswinkel; Ndl. *lommerd/lomberd* (Mnl. *lomba(e)rt/lombert*, “iemand uit Lombardië; bankier; woekeraar”, by Kil *lombaerd(e)* in aansl. bet.) — sedert 13e eeu het Lombardiërs leningsbanke in W.-Eur. gestig.

lomp I: s.nw., stuk; vod; Ndl. *lomp* (sedert Kil *lompe*), Hd. *lumpen*, Eng. *lump*, herk. onbek.

lomp II: b.nw., onbeleef, onbeholpe, ongemanierd, onhandig; Ndl. *lomp* (nog nie by Kil nie wat wel *lompsch* as veroud. aangee in bet. “*stupidus*”, d.w.s. “verdwaas; dom”), misk. verw. aan Eng. en Hd. *plump*.

+**lomp III**: bedrieg (Scho TWK 14, 1, p. 21–2 gee vb. uit 1849 en 1864); Ndl. *lompen*, “laat bedrieg” (by Kil *lompen*, “slaan, stamp”) — hou dit misk. verb. m. die Eng. ww. *lump*, “laat bly, uitlos”?

lood I: metaal; Ndl. *lood* (Mnl. *loot*), Hd. *lot*, Eng. *lead*, herk. hoërop onseker — in Afr. ss. *potloot* naas *potlood*; een v. d. “elemente” (Simbool Pb).

+**lood II**: (dial. v.) moeilik, swaar (wsk. uit *loodswaar*), by Scho (TWK 14, 4, 191) m. vb. uit 1880 en verwysing na Mans (KHI s.v. *lood*) in 1884.

loodhout: ben. n.a.v. sy gewig, v. verder **vanwykshout**.

loof I: prys, verheerlik; Ndl. *loven* (Mnl. *loven*), Hd. *loben*; v. verder **blo I**, **lof I** en **glo**.

loof II v. **lof II**.

loogbos v. **kanna III**.

look v. **knoffel**.

loot I: jong tak; nakomeling; Ndl. *loot* (Mnl. *lote*, by Kil *loote*), Hd. *lode*, hoof. WGerm.

loot II: die lot werp; bewysstukkie trek (by lotery); deur lotery laat beslis; Ndl. *loten* (Mnl. *loten*), hou verb. m. **lot I**.

lootjie I v. **loot I**.

lootjie II v. **loot II** en **lot I**.

lornjet: meest. enkele oogglas (monokel), ook wel dubbele (binokel); Ndl. *lorgnet*, eers Nnl. uit Fr. *lorgnette*, “sak- en toneelverkyker-tjie”, maar gebr. in bet. v. Fr. *lorgnon*, “oogglas”, hou almal, soos ook Eng. *lorgnette*, verb. m. Fr. ww. *lorgner*, “loer” (Ofr. *lorgne*, “skeel”), verb. m. Ndl./Afr. ww. **loer(en)** (q.v.) onseker.

lorrie: vragmotor; Eng. *lorry*, herk. hoërop onseker, misk. verb. m. dial. Eng. ww. *lurry*, “trek”.

los I: sonder, vry, nie-vas; Ndl. *los* (Mnl. *los*), wsk. verb. m. Ndl. *loos* (Mnl. *loos*), Hd. *los*, Eng. *loose* (via N.); verb. m. Ndl./Afr. ww. *los(sen)*.

los II: s.nw., diern.; Ndl. *los* (Mnl. *los*), Hd. *luchs*; v. verder links II.

loseer: tuis gaan (teen betaling); Ndl. *loge(e)ren* (Mnl. *loodseren/logeren*, “verblyf hou”, uit Fr. *loger*, “woon”, afl. v. *loge*, “huisie”) “tuis gaan” (tans veral as kuiergas); hierby Afr. *losies*, “verblyf en onderhoud (teen betaling)”, wat in Ndl. ontbreek en weergegee word deur ouer bet. v. *logement* (tans meest. *pen=sion*).

losie: Afr. ondersk. soms nog i. d. skrt. tussen *losie* (bv. v. Vrymes=selaars) en *loge* (bv. in teater), hoewel hulle dikw. eenders uitgespreek word en albei via Ndl. *loge* teruggaan op Fr. *loge* (v. *loseer*); by vRieb (d.d. 12.12.1654) *logie* in bet. “skuur, handels=huis”.

lot I: beskikking, bestemming (bv. *lewenslot*, *noodlot*); Ndl. *lot* (Mnl. *lot*), Eng. *lot*, Hd. *los*, hou verb. m. **loot II**, **lootjie II** en m. *lotery*.

lot II: onbep. hoeveelheid; Ndl. ken *lot*, afgesien v. sy ander bet., net as “bep. grootte of hoeveelheid” — die Afr. toep. kan op ’n verruiming v. bet. berus, maar is òf ’n Angme (Eng. *lot*) òf daar=deur beïnv.

lotto: loteryspel; kinderspel; Ndl. *lotto* (betr. laat) uit It. *lotto*, wat verb. hou m. Germ. wd. in Ndl. *lot/lootje*, Afr. **loot(jie) I** en **lot I**.

louer: gew. mv. *-e*, eer, roem; Ndl. *lauwer* (Mnl. *lau(w)er*), regstreeks ontl. aan Lat. *laurus*, “lourierboom”, maar *lourier*, Ndl. *laurier* (nog nie by Kil nie) is via Fr. *laurier* ontl. aan Lat. *laurus*.

louter: alleen, net, onvervals; Ndl. *louter* (tydens oorg. Mnl./Nnl.) uit Hd. *louter*, Oeng. *hlūtor*, Got. *hlūtrs*, “rein, suiwer”, hou verb. m. Gr. *kluzein*, “spoel, was” — ouer bet. v. *louter* blb. “skoon gewas”.

lower v. **lof II** en **loof II**.

ludo: kinderspel m. skyfies op bord; Eng. *ludo*, seker wel handelsn., Lat. *ludo*, “ek speel”.

lug I: atmosfeer, dampkring; reuk, stank; Ndl. *lucht* (Mnl. *lucht/locht*), Hd. *luft*, Oeng. *lyft*, herk. onbek., hou verb. m. Ndl. ww. *luchten* en Afr. *lug* in: *jou gedagtes/griewe/kennis lug*.

lug II: hoofs. nog net in **verlug** (q.v.), “illumineer, illustreer”, hou verb. m. **lig II**.

lugtig: van *lug* voorsien; maklik; opgewek; Ndl. *lugtig* (Mnl. *luchtich*), maar nie in Afr. bet. “bang(erig), skrikkerig” nie wat misk. ontst. het uit bet. “beweeglik, vlugtig”.

lui I: nie-aktief, traag; Ndl. *lui* (Mnl. *lo(e)y/leuy*, dial. *loi*) misk. hoërop verb. m. Gr. *luein*, “losmaak”; by vRieb *luyde* (Kloe HGA 178, 294).

lui II: — *liede* —, veral nog in ss. soos *werksliede/-lui*, “mense”; Ndl. *lieden/lui* (Mnl. *liede/lude*), Hd. *leute*, verb. gesoek m. Lat. *liber*, “vry”, maar nog onseker (v. dVri J NEW).

lui III: klink (bv. ’n klok); ’n (veral skriftelike) inhoud bevat (bv. berig, brief, ens.); Ndl. *luiden/luien* (Mnl. *lūden*), Hd. *läuten*, hou verb. m. *geluid* en *luid* (albei reeds Mnl.) en *luidens* (nog nie by Kil nie), asook m. Hd. *laut* en Eng. *loud*, verderop m. Gr. *kluein*, “hoor”, Lat. *cluēre/cluere*, “word genoem, heet”.

luier I: s.nw., kinderdoekie; Ndl. *luier*/(saamgetrek tot) *luur* (Mnl. *lūdere*, “doek”), dial. Ndl. (o.a. Vl.) *lu(i)der*, ook Ohd. *lūdara/łodara*, “doek, lap, windseel”.

luier II: ww., stadig loop, (tans as tegn. term i.v.m. ’n motor) in bet. = Eng. *idle*; Ndl. *luiere* uit *luiaarden* (nog dial., o.a. Antw.) afl. uit Mnl. *loyaert/luyaert* wu. afl. reeds by Kil as *luyaerden*, v. lui I.

luihaai v. tierhaai.

luiperd: ben. by d. fam. *Felidae* is soms verwarrend: die *luiperd* (*Panthera/Felis pardus*) word dikw. *tier* (*Felis tigris*) genoem, maar tog ook ondersk. v. d. *jagluiperd* of *sjieta* (q.v.) — die naam *luiperd* gaan terug op Ndl. *luipaard/luiperd* (Mnl. *lūpaert/liepaert*, by vRieb *lup(a)ert*, vgl. Scho PD 12) wat, soos Eng. *leopard*, wsk. via Fr. *léopard* uit Lat. *leopardus* (ss. v. *leo*, “leeu”, en *pardus*, “panter”) stam; v. **kameelperd**.

luislang v. piton.

luiters v. doodleuters.

lukwart: vrug- en pln. (*Eriobotrya japonica*, fam. *Rosaceae*); misk. via Eng. *loquat* uit Ang.-Ind. *loquat/loquot* uit Sji. *lu-kuh*, te Canton uitgespr. as *lu-kwat* — in Afr. mntl. volkset. *r* (byg. aan *kwart*), vgl. *koemkwat*, ’n jonger ontl.

lumier: dagbreek; Ndl. ww. (ook as s.nw. gebr., vgl. *hang/hangen*, “helling” v. berg of bult) blb. sedert 17e eeu *lumieren*, dial. o.a. *la-/le-/limieren* uit Fr. *lumière* uit Lat. *luminaria*, “vensters”, uit *lumen*, “lig”; by vRieb “met lemieren van den dagh”; v. ook **daglumier**.

luns: spy wat deur spygat v. 'n as gesteek word om beweging v. dele te belet; Ndl. *luns* (Mnl. *lunse/lons*), Hd. *lünse*, Eng. *linch-/lynch(pin)*, verw. hoërop onseker.

lunsriem: 1. riem wat as luns dien; 2. smeerlap ('n lunsriem is gew. vol teer en vuil); 3. (veroud.) skeln. v. 'n Engelsman (v. Scho TWK 14, 1, p. 22 m. vb. uit 1861 en 1866 en verwysing na PW v. 1902 s.v. *leunsriem*).

lus I: begeerte, trek; Ndl. *lust* (Mnl. *lust(e)/lost*), Hd. *lust*, Eng. *lust* en wsk. ook verb. m. Eng. *lascivious* wat berus op Lat. *lascivus*, “uitgelate, wellustig, wulps”; hierby ook die Ndl./Afr. ww. *lus(ten)*.

lus II: — *lis* —, verskuifbare oog in riem, tou, ens.; Ndl. *lus/lis* (Mnl. *litse/l(a)etse/lits*, by Kil *lesse/letse/litse*) hou verb. m. Ofr. *laz* (Fr. *lacs*), “snoerband”, It. *laccio*, “snoer, veter” uit Lat. *laqueus*, “strik”, asook m. Fr. *lice*, koll. v. Lat. *licium*, “weef=getoutrommel”; v. ook **lasso** en vgl. Eng. *lace*.

lusern: veevoerplant (*Medicago sativa*, fam. *Leguminosae*); Ndl. *lucerne/luzerne* (blb. betr. laat), Eng. *lucern(e)* uit Fr. *luzerne* uit Prov. *luzerno* (verb. m. Lat. *lucerna*, “lamp”, onwsk.; vgl. egieter ook dVri J. NEW).

luters v. doodleuters.

ly I: ondergaan; swaar kry; verduur; Ndl. *lijden* (Mnl. *liden*, by Kil *lijden*, “gaan”), Hd. *leiden*; verb. m. *leed* word betwis — sou dit ook vroeër aanvaarde verb. m. *ge-/oor-/verlede* raak? (v. dVri J. NEW).

ly II: kant v. skip v. d. wind afgekeer; Ndl. *lij* (sedert Kil *lije/lijde*, dial. *lie*, “beskutting”), Eng. *lee*, Hd. *lee* (v. dVri J. NEW).

lyf: liggaam, romp; Ndl. *lijf* (Mnl. *lijf*, “lewe; liggaam”), Hd. *leib*, Eng. *life*, hou verb. m. Ndl. *leven*, Afr. *lewe*; veroud. uitdr. *lyf aanbring*, “vry”, by Scho TWK 14, 1, p. 22 uit 1873.

lyk I: dooie liggaam; Ndl. *lijk* (Mnl. *lijc*, “lyk; begrafnis”), Hd. *leiche*; herk. onseker (vgl. dVri J. NEW); v. ook **liddoring** en **litteken**.

lyk II: voorkom, skyn; Ndl. *lijken* (Mnl. *(ge)liken*) hou verb. m. Hd. *gleichen* en Eng. ww. en b.nw. *like*, maar Fri. en S. vorme het wsk. deurengeloop.

+**lyken**: ww., wsk. relik in uitdr. soos: *hoe lyken dit?*; gaan seker terug op Ndl. *lijkenen* (Mnl. *likenen*), veral NNd. en dial. en verb. m. **lyk II**; vgl. Frank TB 157, 198 en 205 No. 66.

lynch: geregtelik ongemagtigde, summiere teregstelling; Ndl. *lynchen* (vgl. ss. *lynchwet*), maar in Afr. wsk. uit Eng. *lynch*, 'n prosedure toegeskrywe aan regter Lynch v. Virginia (Am.) wat in 1782 t.o.v. sodanige optrede gevrywaar moes word.

M

ma-: ontl. aan Bant. het dikw. d. klaspref. v. d. mv. *ma-*, ook waar dit *ama-* is en selfs waar dit *me-* is; maar soms vervang dit d. klaspref. v. d. ekv. waar dit *mo-* of selfs *omu-* of *umu-* is, sodat soms nie uit te maak is of ons dit met die pref. v. d. ekv. of v. d. mv. te doen het nie, v. ontl. aan Bant. m. anl. *ma-*.

-ma-: die epent. *-ma-* (v. **bolmakiesie**) moet misk. soos **-ka-** (q.v.) as 'n sg. "lasvorm" beskou word.

ma: mv. *ma's*, dim. *ma'tjie*; Ndl. *ma*, in talryke tale m. geringe versk. as simp. of in redupv., bv. reeds Gr. *ma* (wsk. ook Lat.), almal as sg. "Lallwort" op te vat, v. ook **mama/mamma** en **moeder/moer**.

maag I: liggaamsdeel; Ndl. *maag* (Mnl. *māghe*), Hd. *magen*, Eng. *maw*, het vroeër misk. so iets as "sak" of "blaasbalk" bet. (vgl. Eng. *belly* uit *bellows*).

maag II: bloedverw. (vgl. *maagskap*); Ndl. *maag* (Mnl. *maech*), Hd. *mage*, Oeng. *maeg*, "verw.", Got. *mēgs*, "skoonseun"; daar is verb. gesoek m. **maagd** en m. **gemaal** (q.v.), maar onseker.

maagbom: vetkoek (vWiel 71), v. **stormjaer II**.

maagbossie v. **swartstorm**.

maagd: gew. uitgespr. *maag* (Afr. laat ausl. in verbg. *-gd* net *g* hoor), "onbevelekte meisie"; Ndl. *maagd* (ouer en Mnl. *maget*) wu. Ndl./Afr. *meid* (dim. ondersk. *meisje* en *meisie*), Hd. *magd/maid*, Eng. *maid/maiden*, vroeër ook op ml. pers. toeg.; v. **maag II**.

maagpynbossie: pln. (*Myrica quercifolia*, fam. *Myricaceae*, en *Pelargonium betulinum*, fam. *Geraniaceae*).

maai I: gras of graan afsny/afoes (ook fig.); Ndl. *maaien* (Mnl. *maeyen*), Hd. *māhen*, Eng. *mow*, hou verb. m. Gr. *amāō*, "(ek) oes".

maai II v. **skoppelmaai**.

maai III: (plat v.) “moer” (bv. *loop na jou maai/moer*); wsk. uit Port. *mãe/mãi*, in Mal.-Port. *may*; v. ook **paai**, maar Bosh (VT 237, 361) het ook op *maai* in aansl. bet. in Ndl. dial. gewys.

+**maaidekaai:** “baasspeler; seremoniemeester”; vlg. Frank (TB 139) ’n gesubst. ww. uit Mal. *ma(n)djakaja* uit (*me*)*radja kaja*, “jou as ’n vors voordoen”.

maai I: iemand wat gras of graan afoes/afsnij/maai; v. **maai I**.

maai II: “inseklarwe”; Ndl. *made/maai(e)* (Mnl. *made*), Hd. *made*, mntl. verb. m. Eng. *maggot* en *mawk(y)* — *maai(e)* m. gejot. *d* was ekv., maar kon maklik as mv. opgevat word en lei tot ’n mv. *maaiers* wu. dan ’n ekv. *maai*er (soos *eier*) geabstr. is.

maaifoedie: — *maaifoelie/-foerie* —, “skurk” (= **moerneuker** q.v.); ss. v. **maai III** en Port. *fodér* (= Fr. *foutre*, “koïtus verrig”, Mal.-Port. *mayfoedé/maaifoedee* (v. Frank TB 44, 45, 56, 63, 64).

maak: doen, verrig, vervaardig, voortbring; Ndl. *maken* (Mnl. *maken*), Hd. *machen*, Eng. *make* — bek. in Ndl. is: *te gelde maken*, “tot geld omsit, verkoop”, maar *geld maken* bet. gew. “geld munt”, dog dit kom ook voor in bet. “geld verdien; wins maak”, blb. egter betr. laat (WNT IX 120), ’n vroeër vb. by vRieb (d.d. 29.3.1656) waar v. d. verkoop v. vrugte deur d. ingesetenes v. d. Kaap gesê word: “deselve al een fray stuyvertjen comen te maecken” — sou *geld maak* in bet. “geld verdien, wins maak” desondanks ’n Angme. in Afr. wees?

maakgou: pln. (*spp. Dichapetalum*, fam. *Dichapetalaceae*), ook bek. as *gifblaar* en vlg. Mar *makaou/makauw/makouw* genoem en verkl. as “maak gauw” vanweë vinnige werking van sy gif, maar dit word betwyfel en daar word gedink aan volkset. en mntl. verb. m. Hott. *!ga-b*, “gif” of */χau-b*, “slang”, dog dit laat *ma(ak)*- onverkl.; dan eerder Bant. en wel verb. m. So. *moyao*, Tsw. *mogau*, Dam. en Ova. *makou*, soos by Watt-BB 376, 1219, 1383–4.

maal I: geleentheid, keer, tyd; etenstyd; Ndl. *maal* (Mnl. *mael*), Hd. *mal* en *mahl*, Eng. *meal*, Got. *mēl*, “tyd”, herk. hoërop omstrede.

maal II: fynmaak; Ndl. *malen* (Mnl. *malen*), Hd. *mahlen*, Got. *malan*, hou verb. m. Ndl. *molen*, Afr. *meul(e)*, Ndl./Afr. *meel* en hoërop m. Lat. *molere*, Gr. *mullein*, “maal” — gew. word aanvaar dat bet. “dronkerig in die kop wees” ontw. het uit assos. m. “draaiing” (v. d. meule).

maal III: “vermenigvuldig”, hou wel verb. m. **maal I**.

maan I: hemelligaam; Ndl. *maan* (Mnl. *mane*), Hd. *mond*, Eng. *moon*, On. *māni*, Got. *mēna*, “maan”, hou verb. m. Lat. *mēnsis*, “maand”, Gr. *mēnē*, “maan”, *mēn*, “maand” — daar is dus verb. tussen *maan* en *maand* en albei behels blb. die begrip “tydmeter”.

maan II: gew. mv. *mane* naas *maanhare*, “hare aan nek v. perde en ander diere v. d. fam. *Equidae*”; Ndl. (gew. mv.) *manen* (Mnl. *manen*), Hd. *mähne*, Eng. *mane(s)*, verb. m. Oind. *manya*, “nek”. Die ss. *maanhaar* bet. in Afr. ook “walletjie tussen spore i. d. mid. v. ’n grondpad”, ook bek. as *middelmannetjie*, nõg die een nõg die ander blb. in Ndl. bek.

maan III: aanspoor; waarsku; Ndl. *manen* (Mnl. *manen*), Hd. *mahnen*, hou verb. m. Lat. *monēre*, “dink, laat dink, herinner aan; berispe”.

maanhaarjakkals v. weerwolf II.

maar I: dog, slegs; Ndl. *maar* (Mnl. *maer/māre/mar/mer* naas voller vorme *nemaer/nemāre* uit *newaer/newāre*, “dog, slegs, tensy” (ss. uit *ne*, “nie”, en *waer/wāre*, verl. tyd opt. v. ww. *wees*, ong. “as dit nie was nie”).

maar II v. mare.

maars v. mars.

maarskalk: hoogste offisiersrang; Ndl. *maarschalk*, soos Eng. *marshal*, Hd. *marschall*, Fr. *maréchal*, in dies. bet. as Afr., maar Mnl. *ma(e)rscalc* o.a. “hoefsmid, stalkneg; offisier belas m. toesis oor leër se voertuie en trekdiere” (ss. uit Germ. wd. vir “perd” wat nog in *merrie* (q.v.) voortleef en *skalk*, “dienaar, kneg”) het uit Germ. in Rom. tale oorgegaan (bv. Fr. *maréchal*, It. *mariscalco*) en is in Ll. weergegee deur *comes stabuli*, “dienskneg v. d. stal”, wu. weer ten slotte **konstabel** (q.v.).

maas I: ogie v. fyn netwerk; Ndl. *maas* (Mnl. *maessce*, by Kil *ma(e)sche*), Ohd. *masca*, Eng. (sedert 1540) *mesh*, verw. hoërop onseker; ook as ww. gebr.

maas II v. amasie.

maat I: mv. *mate*, “afmeting, graad, grootte”; Ndl. *maat* (Mnl. *mate*), Hd. *mass*, hou verb. m. *meet*; v. ook **vermetel**.

maat II: mv. *maats/matens*, “kameraad, makker”; Ndl. *maat* (Mnl. *maetschap*, “genootskap”, by Kil *maet*, “kollega”), Eng. (sedert ± 1380) *mate*, hou verb. m. Eng. *meat* in ouer bet. v. “voedsel” — *maat* was blb. vroeër ong. “tafelgenoot”, vgl. Eng. *messmate*.

maatskappy: in verbg.: *in maatskappy koop* in bet. "deelgenootskap" sedert end 17e eeu in Ndl. veroud., maar Scho (TWK/NR 7, 2, p. 12) gee vb. van gebr. in S.A. teen end 18e eeu en verkl. dat dit in Afr. "nog goed bekend" is.

maawa v. maba.

maba: — *ma(a)wa* — , pln., vlgs. Mar (55, 114) *Trichilia emetica*, fam. *Meliaceae*, blb. o.a. in Natal en mntl. Zu., misk. is Doke-Vil se *im-bawane*, "species of medicinal plant" (vgl. *T. emetica*) 'n Zu. dim. wat daarmee verb. hou, maar Pal-Pit 283 verkl. dat d. boom in NSo. *mmaba* heet.

mabêla v. amabele.

macadamiseer: manier om padblad hard te maak; Ndl. *macadamise(e)ren*, Eng. *macadamize*, na d. naam v. d. padinspekteur Mac Adam (1756–1836); vgl. **dodwieg**.

macaroni: It. volkspyse i. d. vorm v. deegpypies; Ndl. (eers Nnl.) *macaroni*, soos Eng. *mac(c)aroni*, uit It. *maccaroni* uit ouer *maccheroni*, mv. v. *maccherone*, verb. gesoek m. Lgr. *makaria*, "geluksaligheid", maar ook "soort gortsop", dog onseker.

mackaja: pln., vlgs. Mar (55, 128) *Mackaya bella*, fam. *Acanthaceae*; Doke-Vil se *um-khaya*, mv. *imi-khaya*, is *spp. Acacia* en derhalwe is verb. onwsk., maar nie uitgesluit nie.

madapolam: soort tekstielstof; Ndl. *madapolam*, Eng. *madapollam*, na plekn. Madapollam (Madras), sedert 17e eeu in Eur. bek.

madeira: wyns.; Ndl. *madera*, uit eiland Madeira.

madoembie v. amadoembie.

madras: soort tekstielstof; Ndl. en Eng. *madras* na plek v. vervaardiging, Madras (Indië).

maecenas: beskermer (veral v. kuns en wetenskap); Ndl. M(a)ecenas, Eng. Maecenas, Fr. Mécène, na Romeinse beskermer v. Horatius en Vergilius, raadsman en vriend v. Augustus, nl. Maecenas (70–8 v.C.).

maer: dun, skraal, nie-vet; Ndl. *mager* (Mnl. *māgher*), Hd. *mager*, Fr. *maigre* (Ofr. *megre* wu. Eng. *meagre/meager*) gaan terug op Lat. *macer*, "maer", Gr. *makros*, "lank".

magasyn: opslagplek, skuur; Ndl. (sedert 16e eeu) *magazijn* uit Fr. *magasin* uit It. *magazzino* uit Arab. *mahzan*, "opslagplek, warehuys, skuur".

mageeu: — *magou* — , gegiste suurpap wat tot ligte bier verdun word; So. *ma-gēu/ma-hleu*, Zu. *ama-hewu*, Xh. *ama-rewu*.

magnolia: pln. (*spp. Magnolia*, fam. *Magnoliaceae*); Ndl. en Eng. *magnolia* (albei sedert 18e eeu), na d. Fr. plantk. Pierre Magnol (1638–1715).

magoa: blankes; Tsw. *le-kgoa/le-khoa*, “n blanke”.

magou I v. **mageeu**.

magou II v. **maakgou**.

maharadja: Voor-Ind. vorstetitel; Ndl. *maharadja*, Eng. *maharaja(h)*, Hind. *maha*, “groot”, *raja(h)*, “koning, prins”, verb. m. ww. *rai*, “regeer”.

mahatma: Voor-Ind. wysgeerstitel; Ndl. en Eng. *mahatma*, Hind. *maha*, “groot”, *atman*, “siel”.

mahdi: verwagte Moh. Verlosser; Ndl. en Eng. *mahdi*, uit Arab. *mahdiy*, “hy wat reg gelei word”, verl. dw. v. *hada*, “lei”.

mahem: voëls. (*Balearica regulorum*, fam. *Gruidae*); Xh. *i-hemu*, mv. *ama-hemu*, Zu. *u-nohhemu*, mv. *o-nohhemu*, blb. verb. m. *hhemu*, “tweekleurig”; vlg. Scho PD 78 het die blankes d. naam “die eerste i. d. land v. d. Betsjoeanas leer ken”, maar dit is nie i. d. geraadpleegde Tsw. wdb. te vind nie; die naam is kn. v. die voël se roepgeluid.

mahlaba: uitspr. ong. *mas(j)laba*, “uitgeloopte kafferkoring vir bier=brouery”; sowel NSo. as SSo. het *mo-hlaba* v. “kiem v. bier”.

mahobe: groenmielie-en-kafferkoringbrood/-pap; NSo. *bo-gobe/bo-χôbé*, “pap”, SSo. *ma-hobe*, mv. v. *bo-hobe*, “brood”, Tsw. *bo-gobe*, “brood”, Xh. *bo-gobe* (blb. uit SSo.); v. ook **gobba/gobies**.

mahonie(hout): hout- en pln. (versk. S.A. bome, bv. *Trichilia emetica*, vgl. **maba/maawa**, dra dié naam, terwyl die egte mahonie *Swietenia mahagoni*, fam. *Meliaceae*, is); in Eng. in 1671 gedok. as *mohogeney* (deur Linn in 1672 as vakterm *mahagoni*), later in Eng. *mahogeny/mahogany*, wu. Hd. en Fr. *mahagoni*, wsk. via Sp. *mahogon* uit ’n Inda. taal v. die gebied tussen N.-Am. en S.-Am. (Jamaika, Honduras, ens.), maar blb. eers sedert 18e eeu redelik goed bek. in Engeland.

majôbas: gew. mv., (dial. v.) voor- en agtervelle wat natuurlike oor hulle skaamdele dra (vWiel 74); Zu. *in-jobo*, mv. *izin-jobo*, “a strip of wild-cat’s skin forming the loin-covering of a Native man” (Doke-Vil 362); v. ook **joba**.

majolika: erdewerk m. tinglasuur; Ndl. *majolica* (geen datg. nie) uit It. *maiolica*, die produk is van die 15e–16e eeu af uit Majorka (Italië) uitgevoer, maar was blb. v. Arab. herk.

majoer: bep. offisersrang; Ndl. *majoer* (Mnl. *mayoer*, “owerheids= persoon”, uit Fr. *maior*), maar sedert 16e eeu in Ndl. en Hd. as term v. offisersrang uit Sp. *mayor* uit Lat. *maior*, “groter”; Eng. ondersk. tussen *major* (1643), “offisier”, en *mayor* (reeds Meng.), “burgemeester”.

makaalwyn v. garingboom.

makaber: aaklig, gruwelik; Ndl. *macaber* (geen datg. nie), Eng. *macabre*, uit Fr. *macabre* (veral in *danse Macabré*, die sg. “dode= dans”), daar word verb. gesoek m. eien. Makkabeër, maar misk. Port. (*al*)*mocavar*, “kerkhof”, Sp. *macabro*, Arab. *makbara* (mv. *makabir*), “graf”.

makaster(kop): kroeskop, matraskop (v. **antimakassar**, *makassar= olie* en i.s. bet. **peperkorrel II**); Ndl. *makassar*, Eng. *macassar*, uit Mal. eien. Mangkasara (Celebes), sedert vroeg 17e eeu uit geskrifte in Eur. bek.

makataan: ook bek. as *kafferwaat/-wart/-waterlemoen* (*spp. Citrullus*, fam. *Cucurbitaceae*); So. *le-katana*, mv. *ma-katana*, Tsw. *le-katane*, mv. *ma-katane*; v. ook **tsamma**.

Makatees: lid v. ’n bep. Bantogroep, veral v. d. Transvaalse Sothostamme, hoewel Mmantatise aan wie die naam ontl. is, ’n vrouekaptein was v. d. Oostelike Vrystaat wat met haar plunderdopte in Transvaal dood en verwoesting gesaai het — vroeër Mantatiese genoem.

makeer: “ontbreek, skeel, skort”, m. gesink. *n* uit Ndl. *manke(e)ren* (die eerste by Kil as *manckeren*) uit Fr. *manquer* uit It. *mancare*, verb. m. Lat. *mancus*, “verlam, vermink”, hou verb. m. *mank*, *mankement*, *vermink*.

maki v. oormaki.

makkel: diamant m. kolletjies/vlekkie; Ndl. *macule/makel*, Eng. *macle*, Hd. *makel*, via Fr. *macle* uit Lat. *macula*, “vlek” — in Ndl. in alg. bet. al by Kil as *maeckel*, in toep. op diamante reeds by vLin en in lg. bet. in Eng. sedert 1839.

makonnetjies: bep. soort blikkiesvleis; na naam v. d. vervaardigers, Maconochie (Bros., Ltd.); gedurende d. Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902) in gebr. gekom toe krygsgevangenes en vroue in konsentrasiekampe soms dié vleis moes eet (vasgelê in ’n liedjie daaroor).

makoppa: slangs., mamba; Tsw. *mo-kòpa*, NSo. *mo-kôpa* (vgl. SSo. *kôpane*, wsk. dim., “soort slang i. d. volksgeloof”); v. ook **mamba**.

? **makos:** (dial. v.) “sambok” (vWiel 142); wat is herk. v. *ma*-hier? Hou *kos* misk. verb. m. Thun se *koa*, “slaan”? (v. Nien HOTT s.v. **slaan** III).

makou I: eends., ook bek. as *makoueend* en (minder gew.) *piet= makou* (*Cairina moschata*, wilde- is *Plectropterus gambiensis*, albei fam. *Anatidae*), vlgs. Scho (TWK/NR 7, 2, p. 12) is oudste datg. dié v. Teenstra as *markouw* en *makouw*, kort daarop volg dié v. Trig (1Ro T DLT 248) as *makouw*; dié naam het laat dink aan Moskou (vgl. Eng. *Muscovy duck*) en ook aan Macao (vgl. Bont se *maecou* in NT LVI, 3, p. 155); Eng. *macaw*, “papegaais.”, uit Port. *macao*, lewer besware op v. bet. en deurd. Port. *macao* in dié bet. nog nie opgespoor is nie; So. *i-khewu*, mv. *ma-khewu*, en Tsw. *le-gou*, mv. *ma-gou*, “wildegans”, is wsk. aan Afr. ontl., ook Frank (TB 182, 184) se gegewens uit Teenstra bied nie genoeg inligting v. etim. nie — die waarskynlikste lyk nog verb. m. Macao of Moskou.

+ **makou(w)** II v. **maakgou**.

makoula: veneriese siekte; NSo. *mo-kaola*, “sifilis”.

makrappa: Bantoe wat v. beskawing, stad, werk by blankes na kraal/stat terugkeer; NSo. *le-karapa*, mv. *ma-karapa* (End 145); daar word beweer, maar bewyse ontbreek, dat dit verb. hou m. *krap* (d.w.s. iemand wat soos ’n krap agteruitloop), vlgs. G. H. Franz (*Kobus* 84) is hulle mense “wat hulle rug gedraai (het) op hulle voorvadere” — v. ook **mamparra**.

makriël: viss. (*spp. Scomber*, fam. *Scombridae*), een v. d. gevalle wat vlgs. Scho PD 10 vanweë ooreenkoms “vanselfsprekend” sy Ndl. naam behou het; Ndl. *makreel* (ouer, reeds Mnl., *makereel* en reeds by Bredero *mackeriel* met *ie*), Eng. *mackerel* uit Ofr. *macerel* (Fr. *maquereau*), herk. hoërop onbek.

makrolletjie: amandelkoekie; Ndl. (blb. sedert 18e eeu) *makron/makaron*, Eng. *mac(a)roon*, Fr. *macaron*, It. *maccherone*, hou wsk. verb. m. *macaroni* — van waar *l* i.p.v. *n* in Afr.? Is dit volkset.?

malaita: — *amalaita* — , georganiseerde stedelike jong Bantoe wat op afgesproke plekke en tye mekaar m. kieries beveg (v. WAT s.v. *amalaita*); Zu. *u-layitha*, mv. *o-layitha* (Doke-Vil verkl. herk. onbek., maar suggereer blb. Eng. *loiter*).

malala: ongeïd. booms.; bier uit bas v. d. boom; NSo. *mo-lala* (End 253).

malaria: siekte op d. mens deur d. anofeles-/malariamuskiet oor=gedra; tans intern. wd., uit It. (*febbre di malaria* (*mal*, “sleg”, *aria*, “lug”, n.a.v. vroeër beskouing dat dit ’n soort moeraskoors is wat deur ongesonde/slegte lug veroorsaak word); geen datg. in WNT nie; in NED 1740.

malbaar: slaweafstammeling uit Malabar van waar slawe na S.A. ingevoer is, by Mans (KHI 101) ook “babbelaar, veelprater”, deur Scho (TWK 14, 1, p. 22) m. aanh. v. ’n segswyse ook by Mans en ’n aansl. gebr. uit 1863, gevoeg by mededeling (PD 63) v. lVa dat dié naam in die 18e eeu ook toeg. is op ’n voëltjie (*Parus afer*, fam. *Paridae*) n.a.v. sy swart kop.

malgas: voëls. (*Moris/Sula capensis*, fam. *Sulidae*), ouer Ndl. vorme o.a. *malagas/mallega(a)s* en ander ww. by ou skrywers (v. Frank TB 126–7), misk. moet vRieb se *margasen* daarby gereken word; deur Ndl. seemt. ontl. aan Port. *mangas* (*de velludo*), “moue (van fluweel)”, soos reeds deur vLin verduidelik n.a.v. die swart punte aan hulle vlerke — R. v.d. Meulen was blb. die eerste om weer d. aandag daarop te vestig (TNTL XXXI, 3–4, p. 274–9) en daarvan het Bosh (EWA 81) gebr. maak, asook Scho PD 4.

malie I: spel waarby met ’n *malieklip* as “ghoen” na sg. “pitte” (spoelklippies of ander voorwerpe as skyfies) gegooi word; versk. v. Ndl. *malie* (soos Eng. *mail/mall* uit Fr. *mail*, Lat. *malleus*, “hamer”) wat met kolf en bal op ’n *maliebaan* gespeel is, hoewel byg. aan Ndl. spel en naam ’n rol kon gespeel het, maar misk. ook te dink aan Port. *malha*, “werpsteen” (= dobbelsteentjie?), vgl. *mielie* en Port. *milho*; v. ook Frank TE 16 voetnoot.

malie II: geld; in versk. Bantoet. (ook buitekant S.A.) *mali*, mntl. via Swah. *mali* uit Arab. *mal*, het ook langs onbek. weg en op nie-bek. tyd deurgedring tot Hott. *mari* (Nien HOTT s.v. **geld**, reeds d. Thun vermeld) en nog bewaar in Na. *mari-b* — Ndl. *malie* (Mnl. *maelge/mālie*, “ring, haak, gesper”, uit Fr. *maille*, “maas”, uit Lat. *macula*, “vlek”) seker wel etim. uitgesluit.

malinge: siekte voorwend; Ndl. veral as s.nw. en veral in dial. *malinge/malinker/mallenger* (s.nw.) en *malingere* (ww.) uit Fr. *malingre*, “sieklik, swak”, wu. Eng. (1820) as ww. *malinge*, maar s.nw. *malingere* reeds tweede helfte 18e eeu — herk. hoërop (soos by dVri J NEW) word in twyfel getrek; Scho (TWK 14, 1, p. 22) betwyfel ontl. via Eng. en gee vb. uit 1870, terwyl op vWel (VAH 326) se afl. uit Mal. *melenga*, “onverskillig wees”, gewys word.

malkop: Scho (TWK/NR 7, 2, p. 12) gee vb. v. gebr. v. *malkop* deur Hott. en blankes, v. *malkop* as s.nw. (= *malkopsiekte*) en as b.nw./bw. in bet. “dol”, almal uit die 18e eeu, asook v.

malkopgif by Wik (*malkopgift*), kompo. wat blb. nie in Ndl. bestaan nie; tans o.a. nog in Afr. 'n *malkop*, "uitgelate pers.", *malkop wees*, "uitgelate wees"; *malkopby* en *malkopsiekte* (veral onder skape).

+ **mallelot**: "maltrap" (ml. en vr.), Mans (KHI 101) gee dit aan as "motby" en "verwaande kêrel", by Scho (TWK 14, 1, p. 22-3 en 14, 4, p. 191) vb. v. gebr. in S.A. uit 1870, 1882 en 1885, almal t.o.v. ml. pers., maar verkl. dat dit ook toeg. word op 'n vr. pers.; die vraag is gewettig of ons in *mallelot* nie misk. 'n volkset. vorm v. Ndl. *malloot* (uit Fr. dial. *malot*, "wesp", naas *malot/maloud*, "wilde meisie") het nie; vlg. WNT (IX 155-6) hoof. op vr. pers. toeg., maar tog ook wel op ml. pers.

+ **mallers**: Prel (DLT) kon gelyk gehad het met sy vraag of Trig hiermee *malheurs* bedoel het, want ondanks 1Ro (T DLT 106, 211, 248) se besware kon Trig nouliks iets anders bedoel het as om Jan te vergoed vir sy "ongelukkige teëspoed aan veeverlies" (d.w.s. *malheurs*).

malmokkie I: bep. seevoël (*Thalassarche melanophris*, fam. *Procel-lariidae/Hydrobatidae*); Ndl. *mallelot/malmok/mallelot* (nog nie by Kil nie, uit *mal* + *mok*, "seemeeu"), Hd. *mallelot*, Eng. *mallelot/mollymawk*, Fr. *malamouque*, wsk. een v. d. seevoëls d. Jacob v. Nek *Caap-vogels* genoem (vgl. Scho PD 7).

malmokkie II v. **marmotjie**.

mals: sappig, week; Ndl. *mals(ch)* (Mnl. *mals(ch)*, "sag, week"), hou misk. verb. m. **maal** II in bet. "fyn/sag/week maak" (bv. v. kos i. d. mond) en verderop mntl. ook m. Lat. *mollis* en Gr. *malakos*, albei "sag/soepel".

maltrap: ong. = **malkop** (q.v.), oënskynlik 'n kompo. v. *mal* + *trap* (maar lg. as ww.), dog dan sou mens *maltrapper* (soos bv. *rondloper*) verwag het, misk. te dink aan Port. *mal*, "sleg", + *trapo*, "lap, vod", dim. *trapilho*, "lappie, vodjie", ong. = *smeerlap*, omskrywe as "a beggar, a person in rags and tatters, a raga-muffin" (as s.nw.), m.a.w. 'n "vabond" in minder ongunstige sin; daarnaas as b.nw. Port. *maltrapido*, omskrywe as "ragged, tattered", d.w.s. "in lompe gekleed" — dit kon langs allerlei weë (amptenare, seelui, soldate, slawe) na S.A. gekom het en hom volkset. by *mal* + *trap* aangepas het.

malva: pln. (*spp. Malva*, fam. *Malvaceae*; wilde- is *spp. Pelargonium*, fam. *Geraniaceae*); Ndl. *maluwe/malve* (Mnl. *malu(w)e*, by vRieb: "malve ofte kaesjens bladeren", vgl. Kil se *kaeskenskruyd*), Hd. *malve*, Eng. *mallow*, vroeë ontln. aan Lat. *malva*, wsk. verb. m. Gr. *malaxê*, "malva".

mam: dim. *mammie*, — *mama* (m. klem op tweede letg.), dim. *mama'tjie/mamma* (m. klem op eerste letg.), dim. *mammattjie/* (hoofs. uit kindt.) *mams/mamsie* — , daarnaas misk. as doeb. te beskou *même/memme* (q.v.); Ndl. en dial. het vglb. vorme soos *mam/mama/mamme/mem/memme/mams* (Mnl. *mamme/memme*, by Kil *mamme(ken)/memme(ken)*, soms ook v. “ouma”), Hd. *mam/mama/mamma*, Eng. *mama/mamma/mum* (dim. *mammy/mummy*), Fr. *maman* (Ofr. *mamma*), Lat. *mamma*, Gr. *mamma/mammê*, soms redupv. v. *ma* (q.v.), v. ook **moeder** en **moer**.

mamba: slangs., ook bek. as *makoppa* (*Dendraspis angusticeps*); S.A. Eng. *mamba* uit Ngu. *i-mamba*, mv. *izi-mamba* (Doke-Vil); v. ook Scho PD 78.

mamma v. **mam**.

mammakappie v. **oumakappie**.

mammalia: geleerde vakterm, blb. deur Linn uit Lat. *mammalia* ingevoer — hou verb. m. *mam* in bet. “moeder” en “moederbors” en toeg. op die sg. “soogdiere”.

+ **mammoet:** prehist. olifant (*Elephas antiquus (primigenius)*), fam. *Elephantidae*; Ndl. *mammoet/(ouer) mammoeth* (sedert end 17e eeu), Eng. *mammoth*, Fr. *mammouth*, Hd. *mammut*; herk. hoërop omstrede, d.w.s. besware teen herk. uit Rus. *mamant/mamont/mammot*.

mamparra: baar/rou inboorling/pers.; wsk. Bant. is pref. v. d. mv. *ma-* en oorgangsklank *-m-* voor *p*, die res omstrede: 1. beweer word dat onervare Bant. na 'n groot droogte en voedselskaarste omstreeks 1876 na die diamantdelwerye op Kimberley soos *paras* (wisv. v. *paddas*) na die water gespring het, maar die wd. kan ouer as 1876 wees en elders ontst. het; 2. ander dink aan Xh. *i-pala*, “rondloper” (sonder vaste werk) of Zu. *phala*, “met die oë soek” (na werk); 3. G. H. Franz (*Kobus*, 15, 84) lei af v. NSo. *le-para*, “stok waarmee kombes gedra word” (d.w.s. 'n hulp= middel wat self niks kan doen nie); 4. oortuigender word (Nien X 10–11) betoog dat *par(r)a/bar(r)ra* die Bant. se uitspr. van Afr. *baar*, “onervare, rou” is en dat die blankes se gebr. terug=ontln. is aan die hibr. vorm v. Bant. *mambar(r)a/mampar(r)a*; v. ook **baar** VI; i.s. terugontl. vgl. ook **lepaai**, **sabander** II.

mampoer: st. drank uit (soms wilde) vrugte (bv. maroelas) gestook; hou mntl. verb. m. eien. Mampuru, 'n vroeër kaptein v. d. Pedi wat 'n gebied bewoon het waar maroelas volop was en baie *mam=poer* gestook is.

mams(ie) v. **mam**.

mandaryn I: Sji. staatsamptenaar; (elders) minister, raadsman; Ndl. *mandarijn* (reeds aan vLin as *mandorijns* bek.), Eng. en Port. *mandarin* (almal met Malb. of Tam. uitspr. *mandire* met *d* uit *t*) uit Hind. *mantri*, “minister, raadsman” (wu. Mal. *manteri*); kom nog by vBr (in 1687) voor.

mandaryn II: ’n soort nartjie; vroeër is selfs aan *mandaryn* gedink as die mntl. herk. v. d. wd. *nartjie*; in Eng. in dié bet. sedert 1816 (datg. v. Fr. *mandarine* in dié bet. nie bek. nie); dVri J NEW gee te kenne dat die wd. verb. hou met **mandaryn I** deurdat die vrug die “*Citrus nobilis*” was, maar NED bring dit in verb. m. oranjekeurige drag v. d. mandaryns.

mandolien: bep. snaarmusiekinstrument; Ndl. (eers Nnl.) *mandoline*, soos Eng. (sedert 1707) *mandolin(e)*, via Fr. *mandoline* uit It. *mandelino*, ben. n.a.v. instrument se “amandelvormigheid”; v. **amandel**, **mangel I**.

+**mandoor:** lasgewer, voorman; d. Abr. v. Rieb in 1703 en nog vroeër d. vBr (3) in 1687 gebr., aan d. Kaap nog ± mid. en end 18e eeu (Frank TB 65, 169), uit Port. *mandador* wat wsk. verb. hou m. Lat. *mandare*, “beveel”, en mntl. beïnv. d. **mandaryn I** (vgl. vLin se vorm *mandoryns*); v. Bosh (VT 206–7), aanvulling by Scho (TWK/NR 7, 2, p. 12).

mandril: aaps. uit Wes-Afrika (*Cynocephalus maimon (mormon)* v. d. gesl. *Papio*); Ndl. *mandril*, wsk. uit Eng. *mandrill* (1744), Fr. *mandrill* (blb. later as Eng.), vermoed word herk. uit Wes-Afr. inboorlingt.

manel: deftige, lang swart baadjie, vb. uit gebr. i. d. 19e eeu in S.A. v. *manel/menel* by Frank TB 198, 206 No. 81, beantw. aan Ndl. “geklede jas”; Ndl. *jas* (= Afr. *baadjie*) word in verb. gebring m. *jas* (uit eien. Jasper) i. d. *jasspel* (kaartspel, vgl. Afr. *klawerjas*) waarby *jas* en *nel* “twee opeenvolgende troewe” is en dan later bet. “alles wat jy nodig het”; hierdie *nel* word deur sommige beskou as redukv. v. *menel* (uit Ndl. *manille*, “troefkaart”, uit Fr. *manille* uit Sp. *malilla*) en deur ander as redukv. v. Ndl. *poesje-nelletje*, “hanswors”, uit It. *pulcinella* — onbeantw. bly die vraag of en hoe Afr. *manel* verb. hou m. die troefkaartterm of m. die kleding v. ’n hanswors; v. +**nel**.

manewales: mv., “flikkers, fratse, kaskenades”; daar is gedink aan verb. m. dial. Ndl. *maneuvels* (uit Ndl./Fr. *maneuves* in bet. “rare grimassen”), maar daar moet misk. eerder rekening gehou word m. Ndl. *manuaal* (soos Eng. *manual*, ouer *manwell*, uit Fr. *manuel* uit Lat. *manualis*, afl. v. *manus*, “hand”) in bet. “gebaar, handgreep” (bv. n.a.v. manuale v. ’n orrel).

mangaan: metaals.; Ndl. (sedert 19e eeu) *mangaan* uit Hd. *mangan*, gaan m. Eng. *manganese* (1676) uit Fr. *manganèse* (16e eeu) terug op It. *manganese* en lg. wsk. op Lat. *magnesia*; een v. d. “elemente” (Simbool Mn).

mangel I: keelklier, Afr. ondersk. gew. *mangel*, “klier”, en *amandel*, “neutvrug”, terwyl Ndl./Hd. *mandel* (redukv. v. *amandel*) en Ndl. *amandel/amangel* (WVl.)/*mangel* sowel op “klier” as op “vrug” toeg. word, soos Eng. *almond* (wsk. via Fr. ouer vorme *a(l)mande* waarin *l* misk. aan Arab. *al-* toe te skryf is), uit Lat. *amandula* (uit *amygdala*) uit Gr. *amugdalê*; v. ook *amandel*.

mangel II: werktuig m. rolle om gewaste klere uit te droog en glad te maak; Ndl. *mangel* (nog nie as s.nw. by Kil nie) uit Hd. of Ned. *mange(l)*, hou, soos Eng. *mangle*, verb. m. It. *mangano* uit Lat. *manganum* uit Gr. *magganon*; hierby hoort ww. *mangel*, Ndl. *mangelen* (reeds by Kil *manghelen*), “glad maak”.

mangel III: gebrek, tekort (bv. *by — aan*); Ndl. (s.nw.) *mangel* en (ww.) *mangelen* (albei by Kil *manghel*, *manghelen*), wsk. uit Hd. (Mhd. het ww. *mangeln*) wat die s.nw. *mangel* het in bet. “gebrek, gemis”; selde, indien wel, in Afr. as ww. *gebr.*

+ **mangel IV:** koop, deur ruil verkry (ruilkoop); Ndl. (blb. ook veroud.) *mangelen* (Mnl. *mangelen*, by Kil *manghelen/mangheren*, by vRieb (d.d. 28.10.1652): “met haer (Saldanniers) . . . mosten soecken te mangelen”), wsk. uit Hd. *mangen* (ook veroud.?).

mangelwortel: bep. beets. wat as veevoer gebr. word; Ndl. *mangel=wortel*, in Nnl. soos Eng. *mangel-/mangoldwurzel* gevorm na Hd. *mangelwurzel*, waarvan eerste lid berus op Mhd. *mangolt*, Nhd. *mangold* v. *Beta vulgaris*.

mango: vrug- en pln., ook bek. as *veselperske* (*Mangifera indica*, fam. *Anacardiaceae*); Ndl. *manga/mango*, Eng. *mango* uit Port. *manga* uit Mal. *mangga/mangka* (“d. vrug”) en *mangas* (“d. boom”) wat blb. berus op Tam. *mān*, “mangoboom”, en *gāy/kāy*, “mangovrug”.

mangostan: vrug- en pln. (*Garcinia mangostana*, fam. *Guttiferae*); Ndl. en Fr. *mangostan*, Eng. *mangostan/-steen* (1598), wsk. via Port. *mangostã* uit Mal. *manggistan*, redukv. *manggis*.

mangrove: pln. (*spp. Rhizophora*, fam. *Rhizophoraceae*, ook *spp. Avicennia*, fam. *Avicenniaceae*); Ndl. (eers Nnl.) *mangrove*, Eng. *mangrove* (1613), herk. hoërop omstrede: òf uit Mal. òf uit Inda. v. S.-Amerika.

manhaftig: dapper, moedig; astrant; Ndl. *manhaftig* (sedert 16e eeu uit Hd. *mannhaftig*, met verbg. *ft* i.p.v. gew. *cht* o.a. in die suf. *-achtig*); 17e-eeuse Ndl. het o.a. *manhaft/manhaftig* (v. Kem WFA 173), by vRieb bv. *manhafte*.

maniok: plant wat **kassawe** (q.v.) lewer (*Manihot esculenta*, *Jatropha manihot*, fam. *Euphorbiaceae*); Ndl. *maniok*, Eng. en Fr. *manioc*, Hd. *maniok*, Port en Sp. *mandioca* uit Tup. *mandi(h)oca*.

mankement v. makeer.

mankettie: pln. (*Ricinodendron rautanenii*, fam. *Euphorbiaceae*), vlgs. Mar 56 uit Amboland (S.W.A.) en neutdraend; hou dit misk. verb. m. Port. *mancenilha*, “soort olyfboom”? Indien nie, dan wsk. uit inboorlingt.

mankoliek: bekwaald, vol krupsies en kwale; Ndl. volkst. *manko-/mankeliek*, Ndl. (17e eeu) *melancholiek*, Eng. *melancholic* via Fr. *mélancholique* en Ll. *melancholicus* uit Gr. *melanχολικός* (*melan*, ons. vorm v. *melas*, “swart”, en *χολή*, “gal”, dus “swartgallig”) — naas Ndl. *melancholisch*, Afr. *melancholies*, “terneergedruk”, lg. vorm i. d. 17e eeu nog seldsaam, maar sedertdien onder Hd. invl. meer gebr.

mannekyn: dame wat modes demonstreer; Eng. *mannequin* via Fr. *mannequin* uit Mnl. *mannekin/mannekijn*, by Kil *manneken*, “klein mannetjie”, dim. v. *man* in huidige bet. “modepoppie”.

manoembelas: mv., ook bek. as *stamvrugte* (*Chrysophyllum magalis=montanum*, fam. *Sapotaceae*); Zu. *ili-numbela*, mv. *ama-numbela* v. “vrug”, en *um-numbela*, mv. *imi-numbela* v. “plant” (Doke-Vil 611).

mansjet: gestyfde los handboordjie; Ndl. (18e eeu) *manchet* uit Fr. *manchette*, dim. v. *manche*, “mou”, uit Lat. *manica*, “mou; armband”.

Mantatees v. Makatees.

mapanie v. mopanie.

+ **mapasjaan v. rampetsjanie.**

mapstieks v. alla.

maraama: vier letg., boom m. eetbare wortel en peulvrug (*Bauhinia kirkii*, fam. *Leguminosae*) NSo. *mo-rama* (End 421).

maraboe: askeet, kluisenaar; (ook) voëln. (*spp. Ciconia*, fam. *Ciconiidae*); Ndl. *maraboe*, Hd. *marabu*, Eng. *marabou/marabout* (v.

bet. "voël" eers 1823; v. bet. "kluisenaar" alleen vorm *marabout* en al 1623), Fr. *marabout*, Port. *marabuto*, Sp. *morabito/marabu*, uit Arab. *morabit/morbūt*; naam v. kluisenaar en voël hou blb. verb. m. begrip, "ernstig afsydig"; vgl. ook Frank TB 117-8.

marakka: — *marakkel/maranka* (volkset.?) — , soort kalbas/pampoen (*spp. Cucurbita*, fam. *Cucurbitaceae*); NSo. *le-raka*, mv. *ma-raka* (End 419); ooreenkoms m. (Am.-) Eng. *maraca*, "soort kalbas", uit Port. *maracá*, wsk. uit Tup., lyk toevallig; tensy NSo. die wd. uit Port. gebied in S.A. gekry het.

maramba I: — *amaramba* — , laagte in S.W.A. wat alleen water bevat wanneer dit reën; blb. uit Her. *oma/omuramba*, herk. verder onbek.

maramba II: ongeïd. rankplant met peule wat eetbare pitte bevat (in S.W.A.); mntl. verb. m. **maramba I** ingeval die plant veral i. d. marambas groei, en met die oog op peulpitte wsk. by d. fam. *Leguminosae*.

maranka v. marakka.

marappa: *wildeperskes* (*Kiggelaria africana*, fam. *Flacourtiaceae*, ook *Landolphia capensis*, fam. *Apocynaceae*); vlgs. mond. mededeling So. *le-rapa*, mv. *ma-rapa* (verb. m. NSo. *le-/ma-rapa*, "rib", of m. *se-/li-rapa*, "tuin"?).

maraschino: - - *maraskyn* — , likeurs.; Ndl. (eers Nnl.) *maraskijn* uit Fr. (sedert 18e eeu) *marasquin* uit It. *maraschino*, wu .Eng. *maraschino* (1791), afl. v. (*a*)*marasca*, "soort kersie", wat verb. hou m. Lat. *amarus*, "bitter".

marba v. maba.

mare: — *maar* (veral i. digk.) — , nuus, tyding; roem; Ndl. *maar/mare* (Mnl. *mare*, "gerug; vermaardheid"), Hd. *mähre*, "berig; gerug", Got. *mērs*, "beroemd", kom in baie Ogerm. eien. voor, hou verb. m. *vermaard(heid)* en leef ook nog voort in **nagmerrie** (q.v.) en *treurmare*.

maretak: 'n parasitiese plant (*Viscum album*) in Ndl. bek. as *vogel=lijm* (omdat lym v. d. bessies gekook word) en in Afr. as *voëlent* (omdat voëls dit met hulle mis op bome oorent); Ndl. (gew. mv.) *marentakken* (by Kil *maer/marrentakken*), Hd. *mahrenholz*; by eerste lid is gedink aan *maar/mare*, "bose gees" (wsk. nog bewaar in tweede lid v. *nagmerrie*), terwyl die ss. vgl. is m. Eng. *mistletoe* (Oeng. *mistiltan*, blb. uit *mist* = Ndl. *mest* = Afr. *mis* (vandaar *voëlent*) en *tan*, Got. *tains*, "tak"), maar herk. bly onseker; v. **maar II/mare**, **mis I**, **voëlent**.

margarien: kunsbotter; Ndl. *margarine*, soos Eng. *margarine*, wsk. uit Fr. *margarine*, 'n toep. (in Eng. in 1873) op kunsbotter v. naam van 'n skeik. stof wat sedert 1836 so genoem is en deur d. Fr. skeik., M. E. Chevreul (1786–1889), se navorsing bek. geword het.

+**margas** v. **malgas**.

marionet: poppekaspop; Ndl. (sedert 17e eeu) *marionet*, Eng. *marionette* (1620) uit Fr. *marionette* (afl. v. eien. Marion, dim. v. Marie + dim. suf. *-ette*, dus dubbele dim.).

marjolein: uitheemse plant (*Origanum vulgare*, fam. *Labiatae*); Ndl. *marjolein* (Mnl. *maioline/margelleine*, by Kil *magheleyne/margheleyne*) uit Fr. *marjolaine* (naas *ma(r)joraine* via Ll. *majorana* uit Lat. *amaracus* uit Gr. *amarakos* (*Origanum majorana*)).

mark I: openbare verkooplek; Ndl. *markt* (Mnl. *mar-/merket/marct*), Hd. *markt*, Eng. *mart* (1437), via Ll. *marcatu*s uit Lat. *mercatus*, “handelsplek, mark” (hou verb. m. Lat. *merx*, “koopware”, vgl. Eng. *merchandise*, *merchant*).

mark II: Duitse muntstuk; Ndl. *mark* (Mnl. *marc*, “bep. gewig” en “muntwaarde”), Hd. *mark*, Eng. *mark*, hou verb. m. *merk* (vroeër was d. mark 'n “merkteken” (v. waarde) en dan 'n “metaalstaaf v. 'n bep. gewig”).

markee: groot tent; wsk. uit Eng. *marquee*, veronderstelde ekv. uit ontl. aan Fr. *marquise*, vr. v. *marquies* (vgl. Ndl. *markies*, “skerm bokant deure en vensters”, nie in Afr. bet. “tent” nie); bet. blb. eers “skerm v. dames van hoë rang”, dan “skerm v. hoë offisiere”, ten slotte “tent”.

+**marketenter:** smous (veral m. drank) wat 'n kommando volg, vlg. oorlewering gewild by d. Griekwas wat d. wd. nog gebr. het; in Ndl. blb. meer gebr. i. d. vr. vorm *marketentster*, gevorm v. *marketender/-tenter* (1632), wsk. uit Du. soldt., Hd. *mercantenter* (1547) uit It. *mercantante* uit Ll. *mercatare*, “handel drywe” (verb. m. Lat. *merx*, v. **mark I**).

markotter: ww., “'n rugbyspan afrig”, na die naam v. d. bek. Stellenbosse afrigter Markotter.

+**markou(w)** v. **makou**.

marmelade: lemoenkofyf; Ndl. *marmelade* (sedert Kil *marmelaete*), soos Eng. *marmalade* (1480) uit Fr. *marmelade* (16e eeu *mermelade*), “ingemaakte vrugte”, uit Port. *marmelada* of Sp. *mermelada*, afl. v. *marmelo*, “kweper”, wat verb. hou m. Lat. *melimelum* (uit Gr. *meli*, “heuning”, en *mélon*, “appel”).

- marmotjie:** dikw. verwar m. **malmokkie** (q.v.), ook bek. as *meer=swyntjie*, by vWiel o.a. bl. 174–5 (*Hyrax/Procavia capensis*, fam. *Hyracidae/Procaviidae*), maar d. nomenklatuur is verwarrend, want die *das* word *Procavia* genoem en behoort tot die fam. *Hyracidae* (Scho PD 12–3); Ndl. *marmot* (*Arctomys marmotta*, fam. *Arctomyinae/Sciuridae*), Eng. *marmot*, Fr. *marmotte*, It. *marmotta* (mntl. verb. m. Lat. *mus* (gen. *muris*), “muis”, en *mons* (gen. *montis*), “berg”, m.a.w. “muis v. d. berg” of “berg=muis”; v. Coetz TS I 75 m. kaart.
- maroela:** vrug- en pln. (*Sclerocarya caffra*, fam. *Anacardiaceae*); NSo. *mo-rula*, mv. *me-rula*, v. d. “boom”, en *le-rula*, mv. *ma-rula*, v. d. “vrug”. Van die vrugte word **mampoer** (q.v.) gebrou.
- marog:** bredie (ook d. blare waaruit dit gekook word); NSo. *mo-roxo/mo-rôgô*, mv. *me-roxo/me-rôgô*.
- marokyn:** soort leer; Ndl. (eers Nnl.) *marokijn* uit Fr. *maroquin* (16e eeu), afl. v. Marokko.
- marram(gras):** (uit Austr. ingevoerde?) grass., ook bek. as *sand=hawer* (*Ammophila arenaria*, fam. *Gramineae*); Eng. *marram* (1640) word in Eur. gebr. om duine teen erosie te beskerm (wsk. uit On. *maralmr* uit *mar-r*, “see”, en (*h*)*alm-r*, “halm”, dus “seegras” — *halm* hou verb. m. Lat. *calamus*, Gr. *kalamos*, “riet”).
- mars I:** aanstap (v. troepe), afstand afgelê (d. troepe); begeleidende musiek by troepebeweging; Ndl. *mars* (sedert 17e eeu) uit Fr. *marche*, gesubst. vorm v. ww. *marcher* (Ndl. *marche(e)ren*, Afr. *marsjeer*), verb. word aanvaar m. Lat. *marcus*, “hamer” (is daar misk. verb. gelê tussen die stamp v. d. voete by marsjeer en her=haalde hamerslae?).
- mars II:** — *maars* — , nog iets v. ouer bet. “houer, korf, mandjie; kop” in: *iets in sy mars hê*: “iets weet”, maar ongunstig, misk. deur byg. aan *aars* in: *steek dit in jou mars/maars*; Ndl. *mars* (wat verb. hou m. Lat. *merx*, “handelsware”, v. **mark** I en **marketenter**) in *marskramer*, later “mandjie waarin koopware vervoer word”.
- marsbanker:** — *masbanker* — , viss. (*Caranx/Trachurus trachurus*, fam. *Carangidae*, d.w.s. die makrielfam.); Ndl. *marsbanker/masbank*, S.A. Eng. *maasbanker* (Bul 2, 85), Am. Eng. *moss=banker/-bunker*, geen bewys v. Gil se Ndl. *maasbanker* of verb. m. rivier Maas gevind nie, wel vir wsk. verb. met d. Marsdiep by Texel.
- marsepein:** amandelsmeersel; Ndl. *marsepein* (Lmnl. *marsepain/marcepen*, “amandelbrood”), Eng. *marchpane/marzipan*, (ouer dial.) Fr. *marcepain* (Fr. *massepain*), It. *marzapane*, Sp. *mazapan*, Hd. *marzipan* — omstrede etim., d. verkl. d. dVri J EW en NEW

(op gesag v. Kluyver) gegee, kom reeds by FvWvH voor en wel dat al d. vorme teruggaan op Arab. *mauthabān*, aanv. beeld v. “sittende koning” op ’n Bisantynse munt, dan “belasting”, daarna “gewig” en ten slotte “doos m. suikerwerk”, en is sedertdien in versk. etim. wdb. vermeld, maar nie allerweë aanvaar nie.

+**martavan:** — *martavaan* — , “erdepot”; Ndl. *martavaan* (reeds by vLin *martavanas* (mv.), ook by Colenb DB *martavanden*), Eng. *martaban* (1622), na plek v. uitvoer, Martaban (Birma).

marwa v. maba.

masbanker v. marsbanker.

masbieker: ’n swarte; uit *Mosambieker*, vroeër wsk. alleen v. toep. op negerslawe v. Mosambiek herk. (hulle sal i. d. alg. wel donkerder as d. Oosterse slawe gewees het); vgl. **malbaar**.

masels: mv., siektetoestand by mens en dier (bek. as *morbilli* of *rubeola*); Ndl. (mv.) *mazelen* (Mnl. *mase/masels/maseren*, “smet, vlek”, by Kil *maseren*, 16e eeu *masels/maseren*), Hd. *masern*, Eng. *measles* (Meng. *maseles*), lg. verkl. as òf ontl. aan Ndl./Ned. òf uit Ofr. *mesel* uit Lat. *misellus*, dim. v. *miser*, “ellendig, ongelukkig”, maar geen sekerheid i.s. herk. en wd. wat daaraan ten grondslag lê nie.

masjien: werktuig; Ndl. (end 17e eeu) *machine* uit Fr. *machine* (wu. ook (1549) Eng. *machine*) uit Lat. *machina* uit Gr. *mēchanē*, “hys- en oorlogswerktuig”, ’n bet. wat tot i. d. 17e eeu oorweeg het; hou verb. m. *meganiek*, *meganies*, *meganika*; v. ook **isitimi=jana**, **sjimjaan**.

maskas v. alla.

maskie v. almaskie.

massanie(hout): hout- en pln., vlgs. Scho PD 79 d. Barr vermeld as *massaniehout*; in lg. se lys boomname (I 339) noem hy *massanu hout* en voeg daaraan toe: “Like yzer hout”; wsk. Xh. *um-zane* d. Krop “white ironwood” genoem en geïd. m. “*Toddalia* or *Vepris lanceolata*”, wat Mar “wit ijzerhout” noem en tuisbring by d. fam. *Rutaceae* — ook in Zu. bek. as *um-zane* (Doke-Vil), blb. Ngu.

mastig v. alla.

masurka: Poolse nasionale dans wat sedert 18e eeu in Eur. bek. geword het; Ndl. en Eng. *mazurka*, vlgs. WNT akk. v. *mazurek* wat dim. v. *mazur* is (dVri J NEW noem net *mazurek* as dim. v. *mazur*), terwyl *mazurka* vlgs. NED blb. ’n Poolse vrou v. d. prov. Mazovia is.

mat I: vloerkleed; Ndl. *mat* (Mnl. *matte*), Hd. *matte*, Eng. *mat*, gaan terug op Lat. *matta*, “vloerkleed v. biesies gevleg”.

mat II: Sp. geldstuk sedert 16e eeu; Ndl. *mat*, herk. onbek.; by vRieb *matten*.

mat III: term by die skaakspel, verk. v. *skaakmat*; Ndl. *mat* (Mnl. *mat*), Hd. *matt*, Eng. *mate* uit Fr. *échec et mat* uit Sp. *jaque y mate* uit Arab. *sjāh māt* (*sjāh*, “koning”, *māt*, “(is) dood”).

mat IV: moeg, uitgeput; Ndl. *mat* (Mnl. *mat*) uit Ofr. *mat*, “mag-teloos”. wsk. verb. m. **mat III**.

mat V: dof (v. kleur of nie-glimmend); Ndl. *mat*, soos Eng. *mat(t)/matte*, uit Fr. *mat* (sedert 15e eeu) uit ww. *matir*, “verwelk”.

Matabele: lid v. bep. Bantogroep: So. *Le-tébêlé*, mv. *Ma-tébêlé* vir die *Ama-ndebele*, oorspr. die *Ndebele* v. Moselekatse bedoel; Four se proefs. handel oor hulle.

+**matador:** groot meneer; Ndl. *matador*, 1. groot meneer; 2. baas-troef i. d. omberspel; 3. belangrike steen i. d. dominospel, Eng. *matador* (tweede helfte 17e eeu) in dies. bet. as in Ndl., Fr. *matador*, uit Port. of Sp. *matador*, “doodsteker” (by stiergeveg), hou verb. m. ww. *matar* uit Lat. *mactare*, (’n offerdier) “doodsteek”; v. ook **matter**.

matebeleblom v. **isona**.

Matie: (studente)naam v. studente a. d. Universiteit v. Stellenbosch; misk. dim. v. *maat* (“kameraad, makker”), maar daar is ook gedink aan die (*ta*)*matie(kleur)* van kleurbaadjies en voetbaltruie, terwyl nog weer ander verb. soek m. die wd. (*alma*) *mater* in die studentelied.

matjiesgoed: ben. v. versk. plante wat vir matjies en dekwerk gebr. word (o.a. *Cyperus textilis*, fam. *Gramineae* (*Cyperaceae*) en *Typha australis*, fam. *Typhaceae*); wsk. oud met die oog op **matjieshuis** (q.v.)

matjieshuis: huis v. matjiesgoed gemaak, reeds by vRieb “cleyne matte huysjes” (Scho TWK/NR 7, 2, p. 13); vgl. **hart(e)beeshuis**.

matoemie: Mar (57, 123, 129) ondersk. tussen twee soorte bome: 1. in Tvl. *hill matome* (in Eng.) en *jakkalsbessie* (in Afr., minder gew. en wsk. Bant. is *matoemie*) as volksn. v. *Diospyros mespiloformis*, fam. *Ebenaceae*; 2. in Kaap *water matome* (in Eng.) en *mingerhout* (in Afr., minder gew. en wsk. Bant. is *matoemie*) as volksn. v. *Adina galpinii*, fam. *Rubiaceae* — die waarskynlikste lyk dat die wd. Bant. is en wel Xh., dat dit v. d. Kaap na Tvl. oorgedra is, maar nie alg. bek. was nie; maar d. vraag rys: watter wd. in Xh.?

matot/matôt v. **amadoda**.

matras: bedsak met klapperhaar, vere, ens., gevul, tans v. spons= rubber, ens.; Ndl. *matras* (Mnl. *matratse*/*matrasse*, “sitkussing, matras”), Hd. *matratze*, Eng. *mattress* uit Ofr. *materas*/*matelas* uit It. *materasso*/*materassa*, “net om op te lê”, uit Arab. *matrah*, “plek waar iets neergelê word; kussing”.

matroos: seeman; Ndl. (1584) *maetroos* (nie by Kil nie), uit Fr. mv. *matelots*, ekv. *matelot* (vgl. **bamboes**, **appelkoos**), ouer vorm *matenot*, op d. Kanaaleiland Guernsey nog *matnot* naas Mnl. (eenmalige) *mattenoot*; die vraag is of d. Ndl. aan die Fr. wd. ontl. is of andersom en of d. een of d. ander verb. hou m. On. *motunautr*, “eet-/tafelgenoot”, en of dit verb. hou m. Germ. *mata*, “kos”, en *genoot*, “kameraad” — blb. uit Ndl. in Hd. *matrose* en (veroud.) Eng. *matross* (1639); i.s. versk. verkl. v. dVri J NEW (431–2).

matrys: gietvorm; Ndl. *matrijs* (Mnl. *matrice*/*matrise*/*matrix*, “baarmoeder”), soos Eng. *matrix* (1526), uit Fr. *matrice*, “baar= moeder”, uit Lat. *matrix*, afl. v. *mater*, “moeder”, waarmee Ndl./Afr. *moeder*/*moer* verb. hou.

+**matter:** “doodwerk”; herk. onseker: Ndl. *matten* (in bet. “af= matten”, by vRieb *matteren*, “uitput”) of Port. *matar*, “dood= maak”, uit Lat. *mactare* (vgl. **matador**)?

mawa v. **maba**.

mayonnaise: smaakmiddel (bv. by slaai, ens.); Ndl. *mayonnaise*, soos Eng. *mayonnaise* (1841), uit Fr. *mayonnaise*, verb. m. Mahon, hoofstad v. Minorca.

mbaola: (dial. v.) geperforeerde vuurmaakblik as verwarmers gebr.; Zu. *i-mbawula*, mv. *izi-mbawula*, “fire pot, brazier” (Doke-Vil); v. ook **konka/tonka**.

mebos: gedroogde, versuikerde appelkose; Mans (KHI 102) se afl. uit Arab. *mushmush*, “appelkoos”, nie aanvaarbaar nie; Pet A (314–5) het reeds op Thun (tussen 1770–1779) se *mebos* gewys en Smi OT (19–20) op Meis (tussen 1677–1688) se *meewos*, albei as weergawe v. Jap. *umeboshi*, “ingemaakte pruime”.

meent: gemeenskaplike weiveld vir vee v. dorpsbewoners; dié ben. is amptelik deur sommige plaaslike owerhede ingevoer uit Ndl. *meent* (redukv. v. *gemeente*), anders bek. as *dorpsgrond*.

meer I: betr. groot wateroppervlak kleiner as ’n see/oseaan; Ndl. *meer* (Mnl. *mere*, “see; meer”), Hd. *meer*, “see”, Eng. *mere*, (vroeër) “see”, (nou gew.) “meer”, hou verb. m. Lat. *mare*, “see”.

meer II: onbep. telw., komp. v. bw. (soos *baie, seer, veel*); Ndl. *meer* (Mnl. *mee/meer*, met verdub. v. suf. Mnl. *meerre* wu. Nnl. *meerder*), Hd. *mehr*, Eng. *more* (Oeng. *ma*), as verst. by sup. reeds by Trig *meer beteste* (1Ro T DLT 248), as sup. *mees/meeste*.

meerkat: — *mierkat* (volkset.) — , toeg. op versk. soorte knaagdier=tjies (*spp. Suricata, Cynictis* en *Geosciurus*, v. ook **graatjie**); Ndl. *meerkat* (Mnl. *meercatte*), Hd. *meerkatze*, (almal vroeër “oorsese aaps.”, *Cercopithecus*; S.A. Eng. (uit Afr.) *meerat*, Eng. *suricate* via Fr. *surikate*, na bewering uit ’n inboorlingt. v. Afrika, maar nie nader opgeklar nie; v. ook **stokstert-/waaierstertmeerkat**.

meermin: fabelagtige seewese, half vrou half vis; Ndl. *meermin* (Mnl. *me(e)r-/ma(e)rminne*); eerste lid **meer I**, tweede wsk. *man* (wat vroeër ook op vr. wesens toeg. kon word, vgl. Hd. *meer=mann, meerfrau* en Eng. *mermaid*), wsk. m. byg. aan ww. *minnen* deurdat meerminne vigs. d. volksgeloof jong manne en seevaarders verlei het.

meerskuim: soort delfstof, ook bek. as *sepioliet*; Ndl. (19e eeu) *meerschuim* uit Hd. *meerschaum*, wu. Eng. (1784) *meerschaum*, Fr. (omskryf dit as) *écume de mer*, “skuim v. d. see”, en Hd. *meerschaum* was dan ook bedoel as vert. v. Lat. *spuma maris* en Gr. (*h*)*alos* (*h*)*axnê*, albei “skuim v. d. see”, ’n ben. wat eers op allerlei opdrifsels v. d. see toeg. is en later eers op d. gesteente sepioliet.

meerswyntjie v. marmotjie.

mees I v. meer II.

mees II: (weinig bek.) ben. v. voëls. (*spp. Parus*, fam. *Paridae*); Ndl. *mees* (Mnl. *mese*, by vRieb “’t fluytschip de Meese”), Hd. *meise*, Oeng. *mase* (Eng. (*tit*)*mouse*), Fr. *mésange*, Ll. *missinga*.

meesmuil: (in Afr. boekw.); Ndl. *meesmuilen* (sedert 17e eeu, by ouer skrywers *mesemuilen*, uit “een thans onbek. ww. *mezen* . . . alleen bewaard i. d. iteratieven vorm *miezemezen*”, teenoor Kil se *smuylen*, “*subridere*”, “onderlangs lag”, wat nog in Ndl. bestaan (WNT XIV 2222) en aansl. by *smoel* en *muil*, asook by Eng. *smile* (en by Mhd., Skand. e.a. vorme), voorafgegaan d. *mee-*; wsk. die sterkste argument teen *mee-* as eerste lid (nie d. Ndl. etim. wdb. genoem nie) is dat *meesmuilen* in Ndl. ’n onskeib. ww. is, maar dit laat *mees-* nog minder bevredigend verkl., hoe-wel verkl. v. SNdl. *muilen*, “pruttel” (Mnl. *mūlen*, “suur gesig trek”) aanvaarbaar is.

meeste v. meer II.

meester: onderwyser; baas; leier i. sy vak (vgl. — *i. d. regte*); (vroëer ook) geneesk.; Ndl. *meester*, dial. ook *meister* (Mnl. *meester/meister*, by vRieb *meester*, “chirurgijn”), Hd. *meister*, Eng. *master/mister* (via Ofr. *maistre*), Fr. *maitre* uit Lat. *magister*, “meester, hoof, leier”; v. ook **meestergoed**.

meestergoed: (nou as veroud. en plat beskou v.) “medisyne” (vgl. **meester**), by Trig (vgl. 1Ro T DLT 248) nog *meester goed/meester=goed* in bet. “medisyne; toormiddel”.

meet I: ww., afmetings/mate (breedte, lengte, ens.) bep.; Ndl. *meten* (Mnl. *meten*), Hd. *messen*, hou verb. m. **maan I** en m. **maat I**; Eng. *measure* via Fr. *mesure* uit Lat. *mensura*, “maat”, ww. *metiri*, “meet”; v. ook **vermetel**.

meet II: s.nw.; in uitdr.: *van meet af aan*, “van d. begin af”; Ndl. en dial. *meet*/(ouer) *meeta*, o.a. by Bredero, “grens, streep, teken” (by wedrenne), “streep” (as afskietplek by albasterspel), wsk. deur leerlinge in Lat. skole aangeleer uit Lat. *meta*, “grens=suil”, hou verb. m. **meet I**.

meid: (soms) aansprv. v. vrou deur man; (gew.) nie-blanke vrou, lg. spesialisering reeds by Wik (v. Scho TWK/NR 7, 2, p. 13), v. verder **maagd**.

meidjiewillemse v. tandpynbessie.

meineed: valse eed; Ndl. *meineed* (Mnl. *meineet* wsk. uit Ohd. *meineid*), Hd. *meineid*; eerste lid is Mnl. *meyn*, Ohd. *mein*, Oeng. *mān*, “vals”, oor herk. hoërop nog meningsverskille.

meisie v. maagd.

mekaar: die een (vir) die ander, wedersyds; Ndl. *mekaar* uit *malkaar* uit *malkander* (Mnl. nog *manlijk anderen*, eint. *man(s)-persoon* — (die) *ander*, ong. *man-vir-man*, d.w.s. “wedersyds”); dit het Ndl. *elkaar* heeltemal in Afr. verdring.

meksim: enkelloopmasjiengeweer, veral bek. sedert Tweede Vryheidsoorlog (1899–1902); Eng. *maxim*, na die naam v. d. ontwerper, Hiram Maxim (1840–1916).

melasse: oorblywende stroop by suikerbereiding; Ndl. *melasse*, Eng. *molasses*, Fr. *mélasse*, Sp. *melaza*, hou verb. m. Fr. *miel*, Lat. *mēl* en Gr. *meli*, “heuning”, vgl. **marmelade**.

meldola(blou): kleurstof; Eng. *meldola*, na die naam v. d. Eng. skeik., Meldola (geb. 1849).

+ **melisoen**: vorm v. buikloop; Ndl. (veroud.) *melizoen* (Mnl. *meni-/melisoen*, by vLin *melisoen*, by vRieb *melizoen*), uit Ofr. *menoison*, NFr. *menison*, “buikloop, diarree”, word in verb. gebring m. Ofr. ww. *mener* uit Ll. *minare*, “purgeer”, waarvan Ll. *minatio= (nem)* ’n afl. is.

melk: s.nw. en ww., (as s.nw.) wit vloeistof d. vroue en vr. diere afgeskei; wit plantesap wat soos melk lyk; (as ww.) melk uit mens, dier of plant verkry; uit iemand onbillike voordeel verkry; Ndl. *melk* en *melken* (Mnl. *melc/melke* en *melken*), Hd. *milch* en *milchen*, Eng. (s.nw. en ww.) *milk* en in kompo. *milch*, Got. *miluks*, hoofs. Germ.

melkbos: ben. toeg. op versk. plante met wit plantesap, veral *spp. Euphorbia* en *spp. Asclepias*, v. Mar 57, 114–5, 125, wyd bek. is o.a. *A. fruticosa* en *A. rotundifolia* wat in die kindt. sg. “gansies” dra.

melkkos/melksop v. **rystebry** en vgl. Hd. *milchbrei*.

melktou v. **bictou**.

meloen: selde in Afr. gebr. (vgl. **laloentjie**, **waat-/wart-/waterlemoen**); Ndl. *meloen* (Lmnl. *meloen*, reeds by vRieb (d.d. 17.12.1652) in een asem *waterlimoenen, meloenen*), uit Fr. (sedert 13e eeu) *melon* uit Lat. *mēlone*, naas Lat. *mēlopepo* uit Gr. *mēlopépōn*, “meloen”.

+ **mem**: — *même/memme* —, (soms) moeder; (soms) ouma; baker; min, voedster (soms nie-blanke vir kind v. blanke, v. Frank TB 186); Ndl. en dial. *mem/memme*, beskou as kindtv. v. *mam/mamma*, vgl. Eng. *mammy/mummy*; in Swaz. is *mema*, “kind op d. rug dra, abba”; v. **mam**.

men I: (in Afr. boekw.) dryf, stuur (bv. perde); Ndl. *mennen* (Mnl. *mennen/minnen/menen*), d. WNT en FvWvH in verb. gebring m. Fr. *mener*, “voer, lei”, uit Lat. *minare/minari*, (vee) “voort=dryf”, deur dVri J NEW ontken, al gee hy toe dat *mener* “zijdelings invloed (kan) uitgeoefend hebben”.

+ **men II**: by Trig (IRo T DLT 248–9) as verswakte vorm v. Ndl. *mijn*, nl. *m'n* — Afr. *my*, subst. *myne*.

menasie: militêre eetlokaal, ens.; Ndl. (veral sedert 17e eeu) *menage* (by vRieb *mesnagie*, in 17e-eeuse Ndl. “ekonomiese beheer”, later “huishouding”, en dan “huishouding v. soldate”), uit Fr. *ménage*; hou verb. m. Eng. *manse* en *mansion* en m. Fr. *mansion* (Ofr. *maisnagie* uit Lat. *mansio*, “verblyfplek”).

mengelmoes: (vroeeër) hutspot; (nou) deurmekaarspul; Ndl. *mengel=moes* (by Kil *menghmoes*, “gekookte, gemengde spyse”), so ook WFa. *mengemaus*, ss. v. *meng* en *moes*, “groentebredie”.

menie: — (in sk. gew.) *minie* (bv. *rooiminie*) — , rooilood; Ndl. *menie* (Mnl. *menie/meny*), Hd. *mennig*, Eng. *minium*, uit Lat. *minium*, “bergrooi”, hou verb. m. riviern. Minho, “rooirivier”, in die Middeleeue nog “rooi swaelkwik”, later “rooi loodoksied”, vgl. *miniatuur*.

+**mennetje:** in verbg. *mennetje rabassa*, v. **vrouebossie**.

mens: redelike wese; Ndl. *mens(ch)* (Mnl. *mensce*), Hd. *mensch*, m. uml. van *a* uit *man* + Germ. suf. *-isk* (vgl. Got. *mannisks*), dus eint. gesubst. adj., ong. = “mensagtig/menslik”; in Afr. ook ’n *mense* koll.

mense: — *mensig* — , uitr. v. verbasing; ook Ndl. *mensen* as so ’n uitr.; maar in Afr. seker byg. aan *mintig* wat m. *magtig* as uitr. saamhang.

+**menteneer:** (enigsins veroud. i. Afr. i. gunstige bet.) “onderhou”; Ndl. *maintene(e)ren* (Mnl. *menteneren*), hoofs. nog in ongunstige bet. “’n bywyf (*maintenee*) onderhou”, uit Fr. *maintenir* (uit *main* en *tenir*, Lat. *manus* en *tenēre*, ondersk. “hand” en “hou”, d.w.s. “in die hand hou”), hou verb. m. Eng. *maintain* en *main=tenance*.

merceriseer: bep. manier om tekstielstowwe te behandel; Ndl. *mercerise(e)ren* uit Eng. *mercerize*, hou verb. m. d. naam v. d. Eng. patenteerder, Mercer (1791–1866).

merg v. **murg**.

meriete: gew. mv., “verdienste”; Ndl. *merite*, mv. *-s*, soos Eng. *merit* (reeds Meng.) uit Ofr. *merite* uit Lat. *meritum*, afl. v. ww. *merēre/merēri*, “verdien”, verb. m. Gr. *meiresthai*, “aandeel kry” (*meros*, “aandeel”) — geen beswaar teen *volgens meriete* in Afr. nie, maar *op meriete* wsk. ’n Angme. (Eng. *on merits*).

merino: skaapas; Ndl. *merinos*; blb. eers Nnl. *merinos* (eint. bep. woltekstiel), Eng. *merino* (1781), Fr. *mérinos* (1835) uit Sp. *me=rinos* (mv. v. *merino*), hang vlg. sommige etim. saam m. Ll. *merinus* uit *majorinus* uit Lat. *major*, “groter”, vlg. ander m. naam v. d. Berberstam, Beni Marin, wat by d. teelt v. dié skape ’n rol gespeel het.

merrie I: vr. perd; Ndl. *merrie*, dial. *mēr(e)/merreje/mari* (Mnl. *mērie/merrie/mar(r)ie*, by vRieb mv. *merrys*), Hd. *mähre*, Eng. *mare*. herk. verderop omstrede (v. dVri J NEW).

merrie II: in ss. *nagmerrie*, “nare droom”; Ndl. *nachtmerrie* (Mnl. *nachtmerrië/nachtmërië/nachtmēre*, volkset. uit *nachtmāre*, waar= in tweede lid dies. is as Mnl. *māre*, “nagspook, kwelgees”, o.a. ook nog in Hd. *mahr* en in Eng. *nightmare*; v. ook **maar II/mare**).

messel: bouwerk m. klippe en/of stene doen; Ndl. *metzellen/(ouer) metsen* (sedert 14e eeu), vlgs. sommige uit Germ., maar ander zoek verb. m. Fr. *maçon* (wu. Eng. *mason*), “messelaar”, uit Ll. *mationes* (mv.) en nog weer ander m. Lat. *machina* (v. **masjien**); by vRieb *vermesselen* maar *mettselwerck*.

+mesties: ’n halfbloed; Ndl. *mesties* (sedert 16e eeu, by vRieb *mestice*), uit Port. *mestiço*, Sp. (ook Eng.) *mestizo*, Ll. *mixticius*, verb. m. Lat. ww. *miscēre*, “meng”, b.nw. *mixtus*; vgl. ook Frank TB 9 en 10.

+meta: genant, naamgenoot; wsk. verb. m. Ndl. *meter* (uit Ll. *matrina*) in bet. “Zij die een kind ten doop houdt en wier voor= naam het kind dan gewoonlijk ontvangt; doopmoeder” (WNT IX 631); vgl. Afr. *boeta* uit *broeder*, *Pieta* uit *Pieter*, ens.

meteen: Afr. ondersk. soms wel, soms nie tussen *meteen*, “tegely= kertyd”, en *meteens* (met adv. -s), “skielik”, by Wik *met eens* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 13), by Trig *met een*, *met eens* en *meteens* (1Ro T DLT 249); Ndl. het alleen *meteen*, “tegelykertyd; on= middellik” (WNT IX 625).

met . . . saam: word nog in dial. Afr. gebr.; Cha het dit (s.v. *zaam*) as Germe. beskou, Mans het dit (s.v. *saam*) bloot vermeld, Schu (LgrP) het m. Cha saamgestem, maar Hes (HA¹ 115 en HA² 100) het dit vir ’n Malme. gehou en dTo P het dit by die Afr. v. kleurlinge tuisgebring (98–9), maar by vRieb (d.d. 12.7. 1655) lees ons v. “den Commandeur Riebeeck . . . met samen den ondercoopman Verburgh”, by Wik *met zamt* (Frank TB 159, 165 No. 4) en vWiel (109, 128, 160, 221 et pas.) meld dit nog in dial. gebr.

mette: (in uitdr.) *kort* — *maak met*, volkset. *kort wette*; Ndl. (*korte*) *metten* (Mnl. *mettene/mattene/mettine*), Hd. *mette*, Eng. *mat(t)in(s)*, Fr. *matines*, uit Kerklat. *matutinae*, “môregebedjies” (wsk. verb. m. *Matuta*, “godin v. d. môrestond”).

metwors: enigszins veroud., “wors gevul m. *met*” (“fyngekapte varkvlies, sonder spek”); Ndl. *metworst* (Lmnl. *metworst*), Hd. *mettwurst*, hou verb. m. Eng. *meat* (ouer bet. “kos”) en Got. *mats*, “ete”, hoërop wsk. ook m. Lat. *mandere* en Gr. *masaomai*, “kou”.

meul I: — *meule* — , e.g. hoofs. Bolands, lg. hoofs. Ondervelds, “maaltoestel; gebou waarin dit gehuisves is”; Ndl. *molen* (Mnl.

mōlen(e)/muelne/muelen/meulen), sonder *-n* Hd. *mühle*, Eng. *mill* (verb. m. *molar*, “maaltand”), Fr. *moulin* via Ll. *molina/molinum* uit Lat. *mola*, “meulsteen”, en ww. *molere*, “maal”, hou verb. m. Ndl. *malen*, Afr. *maal* II; by vRieb *meulen(aer)*, *ros-* en *water=meulen*.

meul II: — *meule* — , kinderspel met klippies, skyfies, ens., op 'n speelbord, soms op klip geteken; kom nie ooreen m. bet. v. Ndl. *molen* en *molenspel* in WNT (IX 1021–25) nie, in 'n mate wel m. vDal se *negenhoeken/-stekken* en Boek (ZV 645) se ww. *molenen/meulenen* en veral m. Dro (150–1) se *molenspel* (by Kil o.a. *molenspel*), ook Hd. *mühlenspiel* en in Eng. (sedert 14e eeu bek. as) *nine-men's morris*; verb. m. **meul** I (Dro “waarschijnlijk naar den vorm der figuur” lyk nie oortuigend nie, maar hoef nie uitgesluit te word nie).

middel: s.nw. en bw.; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 13) betoog dat Ndl. *midden* as s.nw. sedert end 17e eeu *middel* verdring het, terwyl *midden* alleen as bw. in Ndl. oorbly, hoewel *middel* wsk. i. 17e-eeuse Holl. byw. gebr. is, terwyl *middel* in Afr. opgang gemaak het en *midde* “net in sekere vaste verbindings of 'n bietjie boekagtige taal bekend is” — by Wik *middel* as bw.

middeldeur I: s.nw., “deur tussen twee kamers”; Ndl. *middeldeur*, v. **middel**.

middeldeur II: bw., “in twee i. d. middel”, by Wik *middel door*; Ndl. *middendoor* of *doormidden* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 13), v. **middel**.

middernag: snags omstreeks twaalfuur; Ndl. *middernacht* (Mnl. *middernacht* uit sint. verbg. soos: *te midder nacht*) daarnaas Ndl. *midnacht* (16e eeu), vgl. Eng. *midnight* — het Trig (1Ro T DLT 249) sy *midnagt* uit Ndl. of uit Eng. gehad?

mied: — *miet* — , “hooistapel”; Ndl. *mijt*, dial. *miet/meet* (Mnl. *mite*) uit Lat. *meta*, “hooimied”, verb. m. **meet** II, ook uit Lat. *meta*, word verkl. d. keëlvormigheid v. wedrenteken en hooimied; by vRieb *mijten*; ongedift. *i(e)* in Afr., vgl. o.a. *spie*, *stie=beuel*, *stiegiem*.

mielie: graans. (*Zea mays*, vgl. Eng. *maize*); Ndl. (reeds Mnl.) *milie*, by vRieb *milie/mily*, uit Port. *milho* (agtereenvolgens toeg. op) “manna”, “kafferkoring” en “mais”, uit Lat. *milium* (wu. Eng. *millet*, “kanariovoëlssaad” (*Panicum miliaceum*), wsk. verder verb. m. Lat. *mille*, mv. *mil(l)ia*, “duisend(e)” n.a.v. duisend(e) saadkorreltjies in aar (bv. v. manna); v. Bosh VT 185–188.

mieligif v. **isona**.

mierkat v. **meerkat**.

miershoop: grondhoop v. miernes; uit stuk. v. 1778 *miershoopen* by Scho (TWK/NR 7, 2, p. 13), ook by Wik *miershopen* (Frank TB 159), teenoor *mierenhoopen* by Teenstra (Frank TB 185); Ndl. *mierenhoop*.

miesies: “mevrou” (i. taal v. inboorlinge en minder ontw. blankes); uit Eng. *missis/missus* uit *mistress*.

miet I v. **mied**.

miet II: insek; Ndl. *mijt* (Mnl. *mite*), Eng. *mite* (uit Germ. sedert 14e eeu Fr. *mite*, “maaiers; larwes”), hou verb. m. Gr. *midas*, “maaier”.

+**mieta**: by Frank (TE 32) as ww. v. **meta** (q.v.) en afg. v. Port. *metade*, Sp. *mitad*; nie oortuigend nie.

miggel: — *mighel/michael* (Bul 2,115) —, viss., ook bek. as *rooi=stompneus* (*Chrysolephus/Sparus gibbiceps*, fam. *Sparidae*), wsk. verb. m. eien. Michael/Michiel, vgl. ook een v. sy Eng. name, (Miss) Lucy.

migraine v. **skeelhoofpyn**.

mik I: s.nw., “gaffelvormige voorwerp”; Ndl. *mik* (Mnl. *micke*), in 17e-eeuse Ndl. wsk. in ruimer gebr. as vandag, in Afr. het dit opgang gemaak (Bosh VT 108).

mik II: ww., “korrel/oog rig op”; Ndl. *mikken* (Mnl. *micken*), herk. onseker, v. verkl. by dVri J NEW.

mikado: (vreemdelinge se) titel v. Jap. keiser; Jap. *mikado* (*mi*, “hoog”, “deurlugtig”, + *kado*, “deur, hek”, vgl. Babi Ali (Eng. Sublime Porte) t.o.v. Tur. Regering).

+**mikkeldon**: vingers reg hou vir dokkies (by albasterspel); wsk. uit Eng. (skoolt.) *knuckle down*, so reeds by Mans (KHI 104), maar nou byna onbek.

milaja: (dial. v.) gesigsluier v. Moh. vroue; Mal. s.nw. *lajah*, “sluier”, en ww. *melajah*, “sluier”.

mimosa: in S.A. versk. soorte doringbome (*spp.* *Acacia*, fam. *Leguminosae*); Ndl. en Eng. *mimosa* (nie doringbome nie, maar *spp.* *Mimosa*, fam. *Leguminosae/Mimosaceae*); Ndl., Eng. en Fr. *mimosa* gaan terug op Lat. vr. vorm v. *mimosus*, Eng. en Fr. *mime*, Lat. *minus* en Gr. *mimos*, “na-aper”; naam v. d. fam.

Mimosaceae wsk. toe te skrywe aan 'n bek. lid v. d. fam., nl. *kruidjie-roer-my-nie* (*Mimosa pudica*), wat deur sy gevoeligheid d. indruk wek dat dit die bewuste lewe *na-aap*.

min I: s.nw., liefde, vriendskap; Ndl. *min* (Mnl. *minne*, o.a. “we=derkerige vriendskaplike gesindheid”), hierby ook die ww. Ndl./Afr. *(be)min(nen)* en verbg.: *in der minne*; v. ook **meermin**.

min II: in bet. “soogster” weinig bek. i. Afr.; Ndl. *min* (Mnl. *minne*), “soogster”, misk. redukv. v. *minnemoeder* of verb. m. **min I** of m. **mem**.

min III: onbep. telw., “weinig”; bw., “in geringe mate”; Ndl. *min* (Mnl. *min*) hou verb. m. Lat. *minus* en ww. *minuere*, “verminder”, Gr. *minuthein*, “verminder”; by Wik en ruimer gebr. i. Afr. as in Ndl. (Scho TWK/NR 7, 2, p. 13).

min IV: b.nw., “gemeen, gering, klein, swak”; in Nnl. geabstr. uit *minder* en *minste*.

minaret: moskeetoring; Ndl. (sedert 17e eeu), Eng. (1682) en Fr. (1762) *minaret*, Hd. *minarett* uit Pers. *minaret* uit Arab. *minara(t)/manara*, “d. plek waar daar *nar*, ‘lig, vuur’, is”.

? **mingerhout:** herk. v. naam onbek., i.s. boom v. **matoemie**.

miniatuur: iets wat klein i. sy soort is; Ndl. *miniatuur*, (veral skilderwerk) wat klein voorgestel word, blb. i. 18e eeu ontl. aan Fr. *miniature* (1653) uit It. *miniatura*, “met rooi verfstof (**menie** q.v.) gekleurde letter in ou handskrifte”, uit Lat. *miniatura*, afl. v. ww. *miniāre*, “met menie rooi kleur”, verb. m. *minium*, “menie”; later bet. v. “iets kleins” wsk. beïnv. d. Lat. *minor*, “kleiner”.

minie v. **menie**.

minjonet: bloms. (*Reseda odorata*, fam. *Resedaceae*); Eng. en Fr. *mignonette*, dim. v. *mignon*, “liefeling”, waarvan herk. onbek. is.

minnaarsboontjie v. **bidbessie**, **ghoemsie(bessie)**, **kraalbessie**, **pater-nostertjie**.

minnie-minnie: tuin- en half wilde plant (*Abrus precatorius*, fam. *Leguminosae/Papilionatae*); met die oog op een v. sy Eng. name *love-bean*, wsk. dim. redupv. v. **min I**.

minta: uitr., v. **alla**; Frank (TB 117–8) gee egter die indruk dat dit Mal. is, hoewel hy dit nie eksplisiet beweer nie.

mintig v. **alla**.

? +**mirida**: soort boot; by Hes (HA² 90) uit Kaapse St. 1687, f. 106 v.: “een mirida of boucheervaartuig”, herk. onbek.

mirting: wilde mirt (*Myrsine africana*, fam. *Myrsinaceae*), wsk. m. gev. -ing uit *mirten(s)* — soos *varing* uit *varen(s)* — gevorm; Ndl. *mirt(e)/myrte* (sedert 16e eeu), soos Eng. dim. *myrtle*, via Fr. *myrte* uit Lat. *myrta/myrtus*, Gr. *murtos*; v. ook **vlieëbos**.

mis I: uitwerpsel v. diere; Ndl. *mest*, dial. *mist* (Mnl. *mest/mist*, naas Mnl. *mes* en dial. *mes/messe* en Mnl. *mis*, dial. *mis/misse*, vgl. dial. en veroud. Eng. *mixen*, “mishoop”), hierby Ndl. ww. *mesten* (Mnl. *mesten*), Afr. *mis* — Ndl. *mesten* in bet. “vetmaak” in Afr. hoof. nog net in verbg. *die gemeste kalf* (uit d. Bybel); by vRieb *mest* maar *schapenmist*.

mis II: offerande v. d. Kat. Kerk (vgl. Afr. Nagmaal); Ndl. *mis* (Mnl. *misse* en *messe*, e.g. uit Lat. formule: *Ite, missa est*, “die byeenkoms is ontbind”, terwyl lg. (*messe*) vroeg ontl. is aan Rom. *messa* (It. *messa*, Fr. *messe*) wu. Hd. *messe* en Eng. *mass*); nog bewaar in *kermis*, uit *kerk-mis*.

mis III: sigbare waterdamp; Ndl. *mist* (Mnl. *mest/mist*), Eng. *mist*, mntl. verb. hoërop m. Gr. (*h*)*omixlê*, “mis”.

mis IV: verkeerd, nie gelyk/raak nie (b.nw. en bw.); Ndl. *mis* (Mnl. *mes/mis*, “verkeerd, ongelyk”), verb. m. Eng. *amiss*; hierby die ww. *mis*, “nie raak nie”; Ndl. *missen* (Mnl. *messen/missen*), Hd. (*ver*)*missen*, Eng. *miss*.

mis-: ou pref. m. bet. “afwykend, verskillend; verkeerd”, soos in *misbaksel*, *misbruik*, *misdaad*, ens., ook Eng. *mis-* en Hd. *misz-* (ou spel., tans *miss*), hou wsk. verb. m. **mis IV**.

miskoek: (gew. hard geworde) hophie mis (veral v. beeste), by Bur *mest-koek* (Scho TWK/NR 7, 2, p. 13), blb. nie in Ndl. nie, wel Ndl. *mesthoop*, Afr. *mishoop*.

mispel: die kultuurplant is *Mespilus germanica*, fam. *Rosaceae*, die wilde soort is *Vangueria infausta*, fam. *Rubiaceae*; Ndl. *mispel* (Mnl. *mes-/mispel*), Hd. *mispel*, ontl. aan Lat. *mespila*; by vRieb *mispele*.

misryblom v. **velskoenblaar**.

mistel v. **maretak**.

mobola(pruim): wilde appel-/pruimboom, ook bek. as *grysappel*-*(boom)*, geringe versk. tussen Mar (58, 109) en Pal-Pit (143, 210) se terminologie (*Parinarium curatellae-/curatellifolium (capse)*), fam. *Rosaceae*; wsk. Bant. — NSo. het *mo-vóla*, uitspr. *mmola* (End 675), Tso. *m-bulwa*, Ven. *mu-vhula*.

mocassin: — *mokassin* — , soort skoen v. N.-Am. Indiane; Ndl. *mocassin* uit Eng. *mocassin*, (ouer) *mawcahsuns*, Fr. *mocassin*, wsk. via Sp. *mocasina* uit N.-Am. Inda. dial. waaronder o.a. *makisin/maukisen* en *mkisin, mockasin*.

modderas: papperige/slymerige modder; wsk. kontamv. v. *modder* en *moeras*, m. lg. mntl. as uitgangspunt.

modder(suier)vis v. **babber**.

modimo: m. dié wd. verwys Blankes en Bant. onderling na God; NSo. *modimo*, “voorvadergees”, Tsw. *mo-dimo*, God (Brow JT).

moeder: — *moe/moek(s)/moer* (q.v.) — , dim. *moe(de)rjie/moek(s)ie*; Ndl. *moeder* — *moe/moei(er)/moene/moer/moes*, Hd. *mutter*, Eng. *mother*, Fr. *mère*, Lat. *māter*, Gr. *matēr/mētēr* en verder i. d. meeste tale v. d. Idg. groep vorme met *-ter* (later *-ter/-der*) wat aansl. by **ma** (q.v.), hou verb. m. *matrone, matrys, meta*, ens., vgl. verder **moer**.

moederkappie v. **oumakappie**.

moedswillig: “baldadig; opsetlik”; opvallend is d. epent. *s* in Afr. (na anal. v. vorme soos *gemoeds*-?); Ndl. *moedwillig* (uit *moedwil*, Mnl. *moedville*).

moeg: afgemat, vermoeid; Ndl. *moe(de)*, dial. *moeg/meug/muug* (v. dVri J NEW), Mnl. *moede*, Hd. *müde*, hou verb. m. *moei* (bv. in: (*be*)*moei, moeilik, moeisaam, moeite, vermoei*, ens.), vgl. vRieb se *moeycheyt* (wsk. uit *moei-(ig)heid*); vgl. verder Frank (TB 197, 205 No. 57).

moeisaam: met moeite; Ndl. *moeizaam* (eers ± begin 19e eeu, min in sprt. gebr.) na vb. v. Hd. *mühsam*.

moek(i)e/moeks v. **moeder**.

+moel: (dial. v.) “sloot”; hou mntl. verb. m. SNdl. *moel*, Hd. *mulde*, albei in bet. “kuil; trog”, herk. onbek.

+moelasie: ankerplek, rede; vRieb het (d.d. 9.7.1655) *moullage*, “sijnde de rheede”, uit Fr. *mouillage*, “ankerplek”.

moelband: naafband v. wa; Ndl. *muilband* (WNT IX 1203–4), vgl. dial. *moel/muil* en v. **smoel**.

moena: man, meneer, persoon; NSo., SSo. en Tsw. *monna* (uitspr. i. Afr. gew. *moena*), “man”, soms ook in bet. “eggenoot”.

moenie: sametr. v. *moet nie*; Ndl. *moet nie(t)*.

moepel: vrug- en pln. (*spp. Mimusops*, fam. *Sapotaceae*); NSo. *m-mupudu*, mv. *me-bupudu*, Ven. *mu-bubulu* (meer bep. *M. zey=heri*), v. Pal-Pit 139; v. ook **bolletrie(boom)**.

moer: Afr./Ndl. ww. v. *moeder*; 1. (i.v.m. mense beskou as) plat skelw. (vgl. ook **maai** III); 2. (gew. i.v.m.) moeder v. diere; 3. dies. wd. as *moer* a. by skroef, b. by besinksel (bv. v. koffie), c. verpoeierde afkooksel (bv. v. vrugte) en d. saadplant (bv. *ertappelmoer*, reeds by Men *batatas-mutter*, vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 13) waar Ndl. in lg. geval *pootaardappel* en Hd. *saatkartoffel* gebr.; v. verder **moeder**.

moeras: stuk onbegaanbare drassige grond; Ndl. *moeras* (sedert Kil *moerasch*, wat Mnl. *maras(ch)* uit Ofr. *marasc* verdring het), Hd. *marast*, Fr. *marais*, hou verb. m. **meer** I en m. Lat. *mare*, “see”; by vRieb gew. *moras*.

moerbe: vrug- en pln. (*spp. Morus*, fam. *Moraceae*); Ndl. *moerbe*/*moerbezie* (Mnl. *moerbeye*/*moerbésie*), Hd. *maulbeere*, Eng. *mul=berry* via Ll. *mōros*/*mūrus* uit Lat. *mōrum*/*mōrus*, Gr. *mōron*/*moron*, “moerbe”, *morea*, “moerbeboom”.

+ **moerhond:** Scho (TWK 14, 1, p. 23) noem vb. v. gebr. i. S.A. uit 1846 en 1864 en verwys na Ndl. en dial. gebr. v. ss. met *moer* as skelw., maar *moerhond* nou feitlik onbek.

+ **moerperd:** merrie; by vRieb “moêrpaerden ende veulens”.

moers: baie (in byw. funk.); Scho (TWK 14, 1, p. 23) gee vb. uit 1830 (bis) en 1862 en *moer* (1846), nog in gebr., asook *des moers* (= *na sy maai*, d.w.s. “dood, weg”) nie by WAT s.v. **des** nie.

moerskaap: ooi, WNT (IX 961) *moerschapen* (1615) en by vRieb (1657), maar *moederschaap* en *moederschapen* uit tweede helfte v. d. 19e eeu.

moerskont: growwe skelw., nie in Ndl. wdb. teëgekom nie, maar bestaan misk. in dial., v. **moer** en **kont**.

moes I: s.nw., fyngekookte groente/vrugte; Ndl. *moes* (Mnl. *moes*), Hd. *mus*, herk. hoërop nog nie uitgemaak nie (vgl. dVri J NEW); o.a. nōg in *moeskruid*, “groente”.

moes II: ww., verl. tyd v. *moet*, by Trig o.a. ook *mos* (1Ro T DLT 250); Ndl. *moest* (Mnl. en dial. *moeste*/*moste*).

moeselien: tekstielstof; Ndl. *mousseline*/*moeselien*, Eng. *muslin*/*mousseline* uit Fr. *mousseline* uit It. *mussolina*/*mussolino*, dim. v. *mussolo*, na die plekn. Mussolo/Mossoul in Mesopotamië, van waar dit uitgevoer is.

moesie: gekleurde gesigsvlekkie; Ndl. *moesje*, “kunsmatige kolletjie ter versiering” en “natuurlike vlekke”, uit Fr. *mouche* uit Lat. *musca*, Gr. *muia*, (almal) “vlieg”.

+**moesoek:** — *moesoep* — , (veral in uitdr.) *hy het sy — gekry*, “mededinger, teëstander; meerdere”; Mal. *moesoeh*, “vyand”, in Afr. volkset. **moses** (q.v.).

moesson: Oosterse periodieke jaargetywind(e); Ndl. *moesson*, ouer ook *monsoen*, by vRieb o.a. *moisson/mousson*, Eng. *monsoon*, Hd. *monsun*, Fr. *mousson*, Port. *monção/moução*, Sp. *monzon*, It. *monsone/mussone*, Mal. *moesim*, Arab. *mausim*, “jaargety”.

moestas: snor(baard); Eng. *moustache* uit Fr. *moustache* uit It. *mostaccio*, hou verb. m. Gr. *mustax*, “bolip; snor”, verder m. Gr. *mastax*, “mond”, en *masaomai*, “kou”, v. **metwors**.

moet I: s.n.w., (kleinerige) deuk (bv. op liggaam), wsk. verb. m. *moot* (groterige) deuk/vallei/vlei (tussen berge/rante); Ndl. *moet*, “litteken; indruksel” (na Kil), herk. onseker.

moet II: ww., gedwing/verplig wees om . . .; Ndl. *moeten* (Mnl. *moeten*), Hd. *müssen*, Eng. *must* (eint. verl. tyd, vgl. **moes II**), herk. onseker; by Trig (1Ro T DLT 250) soms *mot*, vgl. ook sy gebr. v. *mos* vir *moes* s.v. **moes II**.

moetie: medisyne (in taal tussen Blankes en Nie-Blankes); Ngu. *um(u)-thi*, “medisyne”, eint. “boom, plant, struik” (wat dui op rol v. kruie by geneesmiddels v. Bant.).

mof I: 1. “wolskaap, merino” (misk. uit Duitsland ingevoer? vgl. bet. 2.); 2. “bees wat nie v. suiwer ras is nie” (misk. uit alg. ongunstige bet. v. Ndl. *mof*, veral op Duitsers toeg.).

mof II: 1. “handskoen sonder vingers” (in dié geval dikw. dim. *moffie*); 2. “verbindingstuk v. (water)pype”; Ndl. *mof*, sedert 16e eeu redukv. v. Mnl. *moffel/muffel* uit Fr. *moufle* uit Ll. *muff(u)la*, terwyl aan Ndl. redukv. *mof* wsk. ontl. is Eng. en Hd. *muff* en Ned. *muffe*.

moffie I v. **mof II**.

moffie II: wsk. redukv. v. **moffiedaai** (dial. v.) “hermafrodiet”; misk. gevolg v. geestige inval v. ’n geleerde om d. “onfatsoenlike” *trassie* te vervang d. (*her*)*mafrodiet* (mntl. m. Eng. uitspr. (hə:)= *’maefrədait*; v. **trassie**).

moggel: Scho (PD 53) noem *moggel* ’n “varswatervis” (*Barbus capensis*) wat vlgs. Barn (56) by d. karpfam. (veral in Clanwilliam se viswaters) tuishoort en bek. staan as *geelvis* en *kalwerkop*,

maar die ben. *moggel* word nie t.a.p. deur Barn genoem nie, dog twee soorte v. dié fam. (*spp. Labeo*) word deur Barn (52) *moggel* genoem; of d. ben. (soos d. Scho gesuggereer) verb. hou m. Joo (WI 418) se *machel* of slegs 'n ww. is v. Ndl. *mokkel* (WNT IX 1008, 1013) is nie uit te maak nie; v. **mokkelkop**.

mogol: lid v. Ind. potentaatdinastie; Ndl. (sedert 17e eeu) *mogol/mogor*, Eng. en Hd. *mogul*, Fr. *mogol*, Port. *mogol/mogor*, Pers. *mugal*, blb. verb. m. Mongool.

mokassin v. mocassin.

mokkakoffie: st. koffies.; Ndl. (begin 17e eeu) *mokka(koffie)*, Eng. (1773) *mocha*, hou verb. m. plekn. Mochā, hawe v. Jemen a. d. Rooisee.

mokkelkop: visn. by Wik *mokkelkop* of *varswaterbager* (Frank TB, 156, 166 No. 14, en Scho PD 53-4); nie uit te maak of dit dies. is as dié onder **moggel** nie en of dit verb. hou m. Ndl. *moggel/mokkel*, "dikkerige, mollige kind/vrou" — geen visn. *mokkel=(kop)* in geraadpleegde bronne (afgesien v. Wik t.a.p. by Scho en Frank) gevind nie; v. **moggel**.

moltrein: "ondergrondse trein" n.a.v. ondergrondse gange v. molle.

molvel: tekstielstof; Ndl. *mollevel*, Eng. *moleskin*, nou beter bek. as **ferweel** (q.v.) of onder Eng. ben. **corduroy** (q.v.).

molwa: ligte waentjie; Ndl. *malwagen*, hou verb. m. Ndl. *mal/mol*, dial. vir "dun plank" (veral by 17e-eeuse skeepsbou in gebr.) vgl. 1Ro T BKA 48.

mondering: uitrusting v. 'n pers. (veral v. 'n soldaat); Ndl. *monte=ring*, afl. v. *monteren*, "in orde bring, inmeekaarsit" (Mnl. *monteren*, "op 'n perd klim", vgl. Eng. *mount*) uit Fr. *monter*, "ophelp, styg", hou verb. m. Lat. *mons* (gen. *montis*), "berg" — ouer bet. dus eint. "in d. hoogte gaan".

mondprovisie: voedselvoorraad (gew. gebr. i.v.m. minimum voorraad wat burgers op kommando moet meeneem), Scho (TWK/NR 7, 2, p. 13) gee vb. uit 1803 a.d. Kaap en vgl. Ndl. *mondkost*, daar is ook nog Ndl. *mondbehoefte*, maar blb. nie *mondprovisie* nie; by vRieb *previsien*.

monnik: kloosterling; Ndl. *monnik* (Mnl. *mōnic/munic/mo(e)nc*), Hd. *mönch*, Eng. *monk* via Ll. *monicus/monachus* uit Lgr. *monaxos*, (b.n.w.), "enkel, eensaam" (*monos*, "alleen").

monniksbaard v. dodder.

moontlik: wat gedoen kan word/kan gebeur; miskien; Ndl. *mogelijk* (Mnl. *mogenlijc/mogentlijc*), Hd. *möglich*, afl. v. ww. Ndl. *mogen*, Hd. *mögen*, Afr. *mag*, Eng. *may*.

moot I v. moet I.

moot II: reep (veral v. vis); Ndl. (sedert 17e eeu) *moot*, (ouer ook) *moete*, hou blb. verb. m. **maat I en meet I** en wsk. ook m. Got. *maitan*, “afkap, (af)sny”.

mopanie: — *mapanie* — , pln. (vroeeër *Copaifera mopane*, nou *Colo-phospermum mopane*, fam. *Leguminosae*, vgl. Pal-Pit 78, 173, 175); NSo. *mo-pane*, mv. *me-pane*, Ven. *mu-pani*; v. ook **terpentyboom**.

môre: — *more* — , oggend; Ndl. *morgen* (Mnl. *morghen* en *morghent* na anal. v. *avont*, daarnaas *marghen/maerghen/merghen*, dial. Ndl. *margen/mergen*), Hd. *morgen*, Oeng. *morgen* (Eng. *morning* na anal. v. *evening*), vgl. ook Eng. (*to-*)*morrow*; hoof. Germ. en herk. hoërop onseker.

moreen I: tekstielstof; Eng. *moreen* (1691), misk. verb. m. Eng. *moire* (1660), mntl. ’n terugontln. uit Fr. *moire* uit Eng. *mohair*.

moreen II: gletserpuin; Ndl. *morene*, Eng. (1789) en Fr. (1779) *moraine*, wat misk. verb. hou m. *mor*, “voorkop” (= “voorgebergte”?).

morel: sampioen (*Morchella conica*, fam. *Fungi*); blb. geen verb. m. Ndl. *morel* nie wat ’n soort suur kersie is, maar wel m. Ndl. *morille*, (ouer) *mori(e)lje*, soos Eng. *morel*, uit Fr. *morille* (*Morchella esculenta*), in Fr. sedert 16e, in Eng. 17e en Ndl. blb. 18e eeu, hou misk. verb. m. Ohd. *morhila*, mntl. afl. v. *morha*, “raap”, n.a.v. uiterlike ooreenkoms.

môrester v. duwweltjiesdoring, volstruisdoring.

môrestuk: ontbyt; vb. v. gebr. d. Joh. Duminy (end 18e eeu) *morge stuk* by Scho (TWK/NR 7, 2, p. 14) wat konstateer dat dit nie in WNT is nie en wys op Ndl. *ochtendstuk*; vgl. alhier ook **aandstuk** en **vroegstuk**.

morg: gew. ook as koll. (maat, omvang) v. mv. gebr.; Ndl. *morgen* naas *margen/mergen* (by vRieb *margen/mergen*) is dies. wd. as Ndl. *morgen*, Afr. **môre/more** (q.v.), maar as landmaat in Ndl. veroud. en vervang d. *hect/hektare* en in sommige dele v. Suide-like Afrika d. *acre*; ’n morg was eint. soveel grond as in ’n môre met ’n span geploeg kon word.

morganaties: ou regsterm i.v.m. die huwelik waarvolgens (gew.) d. vrou en kinders uit dié huwelik alleen kan erf uit 'n skenking bek. as *morgengawe* as weergawe v. d. Ll. formule *matrimonium ad morganaticum contractum* (d.w.s. huwelik tot die môregawe beperk), hou dus verb. m. *môre/more*.

mormoon: lid v. 'n sekte i. d. V.S.A. wat veelwywery as godsdiensplig huldig; ben. hou verb. òf m. naam v. hulle profeet Mormon (5e eeu n. C.) òf m. naam v. d. sekte stigter, J. Smith (1827), se boek *Mormon*, wat dan *more mon*, “beter”, sou bet. het.

moron: volwassene m. geestesontw. v. ± sewejarige kind; kunsmatig d. sielkund. “gemaak” uit ons. vorm *mōron* v. Gr. *mōros*, “bot, dom”; vlgs. NED in Eng. sedert 1913.

mors: smerig/vuil wees; verkwis; Ndl. (blb. sedert 17e eeu) *morsen*, wat verb. hou m. *mors(ch)*, “slap, vuil”, vgl. ook *vermors(el)*, *vermorsing*, *morsig(heid)*.

morsaf: heeltemal af; Scho (TWK/NR 7, 2, p. 14) wys op *mors-af* by Trig, nie in WNT nie, wel verwysing na Grimm, sodat Du. (Hd., OFri. en Pd., vgl. tDK s.v. *mursīg*) misk. invl. daarop kon gehad het; v. ook **morsdood**.

morsdood: geheel en al dood; Ndl. (sedert d. 17e eeu) *morsdood*, vlgs. sommige uit Ned. *mursdot* (*murs/mors*, “plotseling, geheel en al”), vlgs. ander uit Hd. *murz/mors(ch)*, “dwarsdeur; meteens”, terwyl mntl. verb. m. Lat. *mors*, “dood”, nie uitgesluit word nie; v. ook **morsaf**.

mos I: gedeeltelik gegiste druiwesap; Ndl. *most* (Mnl. *most*, so ook by vRieb, dial. ook *mos*), Hd. *most*, Eng. *must*, uit Lat. (*vinum mustum*, “jong (wyn)”, ons. vorm v. *mustus*, “jonk, nuut”).

mos II: mod. bw., “inderdaad, reeds, tog”; uit slot v. Ndl./Afr. (*im*)*mers*, (ouer vorme *em-/om-/ummers*, in WVI. *mos* by Debo 667); by vRieb o.a. *ommers*.

moses v. moesoek.

moskee: Moh. bidplek; Ndl. (sedert 16e eeu) *moskee*, Eng. *mosque*, Fr. *mosquée*, It. *moschea*, Arab. *masgid*, eint. *ma-* (lok.) + ww. *sagada*, “nederwerp” — *masagada*, “jou êrens nederwerp” (om te aanbid).

mossie I: alleen as dim., voëls. (*spp. Passer*, fam. *Fringillidae*); Ndl. *mus(ch)/mos(ch)* (Mnl. *mussce/mossce*), in 9e-eeuse Frk. glosse reeds *muscha*, hou verb. m. Lat. *musca*, “vlieg” — dié voël wsk. as “vlieëvanger” benoem (i.v.m. sy gebied v. dVri J NEW).

mossie II: alleen as dim., “klein maar astant mannetjie”, bv. in uitdr.: *mossie maar man*; kon uit **mossie** I in fig. bet. ontw. het, maar daar is ’n ander moontlikheid, vgl. *een mooie mos*, “een curieuse, gekke vent” (Boek ZV 653).

mosterd: gemaalde saad v. *spp. Brassica*, fam. *Cruciferae*, as st. kruie gebr., ook wilde soorte v. dies. fam.; Ndl. *mosterd* (Mnl. *most(a)ert*) uit Ofr. *mostarde* (Fr. *moutard*) uit *mostace* uit Ll. *mustaceus*, “mosagtig” — mosterd is vroeër met mos (v. **mos** I) aangemaak — ook Eng. *mustard* is aan Ofr. ontl.

motel: hotel vir motoriste; vlg. dVri J NEW is Ndl. *motel* ontl. aan Hd. (sedert 1953) *motel*, sametr. v. *motorfahrerhotel*, maar in S.A. wsk. uit Eng. *motel* uit *motorists’ hotel*, mntl. uit V.S.A.

+**motjie**: alleen as dim., (gew.) ouerige nie-blanke vrou; Cha het dit as dim. v. Ndl. *moei*, “tante”, beskou; Mans (KHI) het op ongunstige bet. gewys, maar erken dat dit as aansprv. teenoor Mal. vroue gebr. is, so ook by Elf-Vil, misk. dan tog wel verb. m. Ndl. *moei* (by Kil *moede/moeie*) m. dim. *moetje/meutje* naas *motje/mutje*, “tante” (WNT IX 948); blb. nog in gebr. by Maleiers (Frank TB 118).

motreën: sagte reën; Ndl. *motregen* (WNT IX 1177 m. aanh. uit vRieb: “s avonts ’t luchjen . . . met motregen”, en ’n ander uit Schou: “een geweldige mist en mot-regen onder een gemenght”); eerste lid hou wel verb. m. Ndl. *mot*, “fyn reën, newel”, misk. ook m. Gr. *mudao*, “van klammigheid drup”; verb. m. bet. “stof” (by FvWvH en dVri J NEW) minder oortuigend, tensy *stof* hier verb. hou met ww. *stuijf/stuiwe*.

mouser: soort geweer (veral uit tyd v. d. Tweede Vryheidsoorlog, 1899–1902); Ndl. *mauser*, Hd. *mauser*, na d. naam v. d. maker, Mauser (1834–1882).

moveer: aanpor, beweeg; hinder, pla, terg; Ndl. *move(e)ren* (Mnl. *moveren*, “beweeg, roer”), nie uit Port. *moér* nie, soos betoog d. Hes (HA¹ 41, 97, HA² 34, 85), Port. herk. aanvaar d. Bosm (AMP 63, OOA¹ 75–6, OOA² 74–5), maar Mans (KHI s.v. *mo(e)feer*) se afl. uit Ndl. *move(e)ren* gesteun d. Bosh (VT 150–2) en sedertdien veral d. Scho (TWK 14, 1, p. 23–4 en NR 7, 2, p. 14) op grond v. gebr. by vRieb self en in ONdl. dial., terwyl hy meen dat *moveer* eerder regstreeks aan Lat. *movēre* as via Fr. *mouvoir* ontl. is.

muil I: diers. (*Equus mulus*, fam. *Equidae*), Afr. ondersk. egter nie konsekwent tussen *muil* en *esel* (*Equus asinus*, fam. *Equidae*) nie, maar noem lg. dikw. **donkie** (q.v.); Ndl. *muil*, Hd. *maul*, Eng. *mule*, Fr. *mule*, ontl. aan Lat. *mīlus*, v. onseker herk. — ss.

Ndl. *muildier*, Hd. *maultier* nie gebr. in Afr. nie, wel Ndl. *muil=ezel*, Hd. *maulesel* in Afr. as *muilesel* v. produk v. kruising tussen perdehings en eselmerrie.

muil II: (boekw. as *simp.*, beter bek. i. bv. *muilband*), bek (v. dier); Ndl. *muil* (Mnl. *mūle/muul*), Hd. *maul*, misk. verw. aan On. *muli*, "bek; bolip v. dier, snoet; uitstekende rotspunt"; v. *smoel*.

+**moras v. moeras.**

muishond I: een v. versk. roofdiertjies (wo. meer bep. d. stink soorte soos *Mustela putorius/Putorius foetidus* wb. d. gestreepte *Ictonyx striatus* en d. witnekslangvanger *Poecilogale albinucha*, veral lede v. d. fam. *Herpestidae/Mustelidae/Viverridae*, onder nie-wetensk. ben. Ndl. *bunzing*, *muishond* en *wezel*, Eng. *mon-/mun=goose*, *polecat*, *skunk* en *weasel* — NED en Web het *mousehunt* en lg. ook *muishond* —, *muishond* in S.A. vermeld d. o.a. But, Kol P en Lat (v. Pet A en Scho PD 19); Ndl. *muishond* (Mnl. *muus-/muys-/mushont*, by Kil *muyshond*, "felis", d.w.s. "kat" = Vl. "wesel" — v. ouer toep. v. *kat* in *meerkat* — by Kil verder *musckkatte* s.v. *musckeliaet-katte*); Frank (TB 206 No. 80 en TE 9-10) betoog (mntl. tereg) dat *mus-* in Mnl. *mushont* verb. hou m. *musck-* in Kil se *musckkatte* n.a.v. dié diertjie se "muskusgeur", terwyl *-hont* berus op 'n destydse "los" gebr. v. *hond*, soos in Grimm se (volkset.): "ein maushund oder wildkatz" (vgl. ook Hd. *schweinhund*).

muishond II: (dial. v.) tabak m. 'n slegte reuk (vgl. **muishond I**).

muisneste: net mv., "beuselagtige dinge, los gedagtes"; Ndl. *muize=nissen/muizennesten* (by Kil *muysenisse*, afl. v. Mnl. *mūsen*, "peins"), Eng. *muse*, Fr. *muser*, "dink, peins"; Ndl. *muizennesten* en Afr. *muisneste* dus volkset.

+**mulat:** halfbloed (v. *mesties*); Ndl. (sedert 17e eeu) *mulat*, Eng. *mulatto*, Fr. *mulatre*, Port. en Sp. *mulato*, vr. *mulata*, dim. v. *mulo*, "muil."

mummie: (veral Egip.) gebalsemde lyk; Ndl. *mummie* (by Kil *mommie/mummie*), Hd. *mumie*, Eng. *mummy*, Fr. *momie* (ouer *mummie*), It. *mummiā*, Port. *mumia*, Sp. *momia* via Ll. *mumia* uit Arab. *mumiya* uit Per. *mūm*, "was" (s.nw.).

murasië: vervalle muurwerk, ruïnes; Ndl. (al Mnl.) *murage* (by vRieb *muyragie*) uit Fr. *murage*, "muurwerk", afl. v. Lat. *murus*, "muur".

murf: (boekw.) nie-hard, sag, week; Ndl. *murw* (Mnl. *morwe/moru(w)/meuru/meurw/moorw*, by vRieb *meurw*), Hd. *mürb*; hou mntl. verb. m. Eng. *mortar* uit Lat. *mortārium*, "vysel", en m. Gr. *marainō*, "verlep, verteer".

murg: — (gew. net fig.) *merg* — , “vetstof in beenholtes”; Ndl. *merg*, dial. ook *murg* (Mnl. *ma(e)rch/me(e)rch/morch/murch*), Hd. *mark*, Eng. *marrow*, verw. hoërop in bet. “harsings”.

murgpeer v. **avokado**.

mus: hoofdeksel; Ndl. *muts* (Mnl. *mutse*, by Kil *mutse* naas *a(l)=mutse/almuys*, by vRieb *muts* maar plekn. *Clapmus*), Hd. *mütze*, naas ouer vorme *a(l)mutse*, Eng. *amice*, Fr. *aumuce/aumusse*, Sp. *almucio* — mntl. hibr. wd. m. Arab. *al-* + Germ. wd., egter reeds Ll. *almutium*, “kapmantel”, wat misk. teruggaan op Arab. *mustaka* en dit op Pers. *musta* (uit *must*, “vuis”, ong. “wat i. d. vuis saamgevat kan word”); *mus* misk. te skei v. ander vorme, anders òf hibr. òf Arab.-Pers.

muskaat: speseryneut; Ndl. *muskaat* (Mnl. *mus-/moscāte* naas *nōtemuscāte*), Hd. *muskat*, Eng. *nutmeg*, soos Mnl. *nōtemuscāte* uit Ll. *nux muscāta*, “neut m. muskusgeur” (v. **muskus**).

muskadel: druif- en wys.; Ndl. *muskadel/muskatel* (Mnl. *muscadell/-tel*, vgl. Ndl. *lavendel* — Afr. *laventel* en andersom Ndl. *montering* — Afr. *mondering*), Eng. en Fr. *muscadell/-tel*, It. *moscadello/-tello*, via afg. dim. v. Lat. *muscus* uit Arab.-Pers. *mūsk*, “teelsak” (opgaarplek v. d. geursel by muskusdiere), vgl. verder **muskaat**, **muskeljaatkat**, **muskus(kruid)**, ens. — vRieb het reeds uit *muscadell* d. “*most gepaerst*” en daaruit wyn gemaak.

muskejaat(kat): — *muskeljaat(kat)* — , ook bek. as *sivetkat* (*Genetta felina*, fam. *Felidae*); Ndl. *muskeljaat* (Mnl. *muskeliaet*, wsk. ontl. aan 'n SFr. of ander Rom. dial.), Eng. *musk-cat*, hou verb. m. **muskaat**, **muskus**, ens. — dié kats. reeds i. d. 17e a. d. Kaap bek. en so genoem (Scho PD 26).

musket: tropiese steekmuggie (*spp.* *Culex*, fam. *Culicidae*); Ndl. *mus-/moskiet* (nog nie by Kil nie), Eng., Port. en Sp. *mosquito*, dim. v. Sp. *mosca* uit Lat. *musca*, “vlieg” (vgl. **mossie** I en **moesie**) — vRieb het reeds 'n “seylsloep” geken m. die naam *Musquytjen/Muskytjen*; v. verder Scho PD 25.

muskus: bep. geur/reuk; Ndl. *muscus/muskus*, eers in Nnl. ontl. a. Lat. *muscus* uit Lgr. *moskos* (Gr. *moschos*) uit Arab.-Pers. *mūsk*, = “teelsak” (v. **muskadel**); die ouer vorm *musk* (Mnl. *mus(chi)*, by Kil *musck*) vroeër via Fr. *musc* ontl., v. **muishond**; — by vRieb *muscus*.

muskuskruid: vlgs. Mar (59, 112) *Erodium moschatum*, fam. *Geraniaceae*; Ndl. *muskuskruid* (Scho PD 40–1); WNT (IX 1266) verwys daarby na Heuk 155 wat handel oor *spp.* *Mentha*, maar Heuk 95 behandel *Erodium moschatum*, o.a. as *muskusplant* en *muskusreigersbek*.

mustang: verwilderde prêrieperd uit Am.; wsk. nie via Ndl. *mustang* nie, maar via Eng. (verhale v. Am. "cowboys") *mustang* uit Sp. *mastengo*, afl. v. *mesta*, "vereniging", verb. m. Lat. *mixtum*, "gemeng"; allerlei (gemengde) rondloperdiere is deur lede v. verenigings aangekeer, onder lede verdeel en v. d. hand gesit, waardeur d. begrippe "gemeng" en "vereniging" by dié wd. betrek geraak het.

my I: bes. vnw., ook voorwv. v. pers. vnw. *ek*, beantw. ondersk. a. Eng. *my* en *me* en a. Ndl. *mijn/m'n* en *mij/me* (v. Scho TO 92,, 101-2), vgl. ook **men II** by Trig, as pers. vnw. verb. m. Lat. *mē*, akk. v. *ego*, en Gr. (*e*)*mou*/(*e*)*moi*/(*e*)*me* as verboë vorms v. *egō*.

my II. ww., "ontwyk"; Ndl. *mijden* (Mnl. *mīden*, "nalaat, ontsien"), Hd. *meiden* — i. Afr. veral gebr. i. *vermy*, mntl. verb. m. **mis IV**.

myn I: s.nw., "uitgrawing i.v.m. delfstowwe"; Ndl. *mijn* (Mnl. *mīne*, "ertsaar, metaal"), Hd. *mine*, Eng. *mine*, Fr. *mine*, verb. m. Ie. *mein*. "erts", onseker.

+**myn II**: vroeër in Afr. nog as bes. vnw., nog as *men* by Trig (v. **men II**) en blb. nog later as voorwv. v. pers. vnw. behou — ge= subst. *myne* soos *syne*, maar nie *m'n* soos *s'n* nie, v. verder **my I**.

myt: beantw. a. Ndl. *mijt* (v. **miet II**), maar tans in vaktaal neiging om tussen *miet*, "larwe, maaier" en *myt*, "insek", te ondersk. (v. DLtD GI s.v. *acarina* en *myte*).

N

'n I: ass. of nasg. in uitspr. na gelang v. frasering en aard v. d. volgende klank (IRo-Pien USW gee 7 gevalle), onbep. lw.; uit Ndl./Afr. *een* (wat in Afr. s.nw. of telw. kan wees en der=halwe geen klemteken(s) soos in Ndl. ter ondersk. v. lw. vereis nie); vgl. Gron. *n* (Mole 275).

'n II: uitspr. as *ə* of *ɛ̃* (soos soms ook by **'n I** en derhalwe om praktiese redes as *'n* weergegee), uitr. v. toestemming, ong. = "ja"; herk. onseker soos gew. by uitrw.: 1. Gron. *n/hn* (Mole 275); 2. Na. *a* of *ā*, "ja"; 3. Tsw. *e* (in kindt. *ebo/ebu*); Xh. *ewe*; Zu. *e*, ong. "ja, heil" (as begroeting); vgl. ook **'n-'n** en v. Nien HOTT s.v. *ja*.

na I: bw., later ook b.nw., "naby"; Ndl. *na* (Mnl. *nā*, "naby, nou=keurig, byna"), Hd. *nahe*, Eng. *nigh* — uit komp. *naar* (vgl. Eng. *near*) wat sedert 18e eeu in Ndl. ondersk. is teenoor *na* (by vRieb gew. *nae*).

na II: voors. en voegw., in Afr. word Ndl. gebr. v. voor 18e eeu (d.w.s. van *na* as voors. i.v.m. rigting en tyd) behou, hoewel in ouer Afr. *naar* (i.v.m. rigting) soms nog voorkom; so ook Hd. *nach* (i.v.m. rigting en tyd); aangeneem word dat *na* as voegw. ontw. het deur weglating v. *dat* in bv. *nadat*.

na III: (dial. v.) soort jakkals (vWiel 168), naas *naatjie* m. Afr. dim. *-tjie*; sou dit misk. verb. hou m. //a-b, “basterjakkals”? v. Kroen 21a; v. egter ook **nadro(e)**.

naad v. **naat**.

naaf: middelstuk v. wiel; Ndl. *naaf* (Mnl. *nāve*), Hd. *nabe*, Eng. *nave*, hou verb. m. **nael** III en **nawel** (in *nawellemoen*).

naai: 1. “met naald (naaimasjien) en draad werk; 2. koïtus verrig”; Ndl. *naaien* (Mnl. *naeyen*), Hd. *nähen*, hou verb. m. **naald** en **naat**, verderop m. Lat. *neo* en Gr. *neō*, “spin”.

naaibos: pln. (*Azima tetracantha*, fam. *Salvadoraceae*), ook bek. as *byangel(bos)* en *naaldbos* n.a.v. sy skerp dorings (WAT s.v. *byangelbos*).

naak: — *nakend* —, “kaal”; Ndl. *naakt/nakend*, dial. *naken* (Mnl. *nāket/naect/nakent*), Hd. *nackt/nackend*, Eng. *naked*, hou verb. m. Eng. *nude* en hoërop m. Lat. *nudus*, “kaal”.

naald: naaiwerktuig v. staal; tongetjie v. weegskaal; toringpunt; wys(t)er; naaldboomblaar; Ndl. *naald* (Mnl. *naelde*), Hd. *nadel*, Eng. *needle*, hou verb. m. **naai** en **naat**.

naaldbos(sie) I v. **naaibos**.

naaldbos(sie) II; pln. (*spp. Monsonia*, fam. *Geraniaceae*) o.a. ook bek. as **keita** (q.v.), ben. n.a.v. naaldvormige saadvrug; v. ook **asgaaibossie**.

naaldekokker I: houer v. naalde; Ndl. *naalde(n)kokker*.

naaldekokker II: soort vlieënde insek (Orde *Anisoptera/Odonata*); blb. nie in Ndl. nie, wel pln. v. *spp. Equisetum* (Heuk 92); ben. i. Afr. wsk. n.a.v. langwerpige vorm; ook i. dial. Ndl. bek. as ben. v. sg. “watervlieg” (Bosh VT 268).

naand: verk. begroetingsv. uit *goei(e)naand* (Ndl. *goedenavond*), v. **aand**.

naap: (dial. v.) volstruispens (as vleisgereg) by vWiel 169; hou seker wel verb. m. Na. *!na-b*, “bauch, unterleib” (Kroen 243b.).

+naar I v. na I en II.

naar II: mislik, onaantreklik, siek; Ndl. *naar*, “aaklig, droewig, sleg” (Mnl. *naer/nare/naru(w)*, “nou, benoud”), Kil noem *naer* Fri. i. bet. “*lassus, languidus, debilis*”, en dit sluit aan by Ndl. en Afr. gebr. waar ouer bet. nouer aansl. by Eng. *narrow*, “nou”.

naasteby: — *naastenby* —, “omtrent, ongeveer”; in Ndl. blb. alleen *naastbij* i. bet. “baie naby”; by vRieb egter *naastenbij* i. bet. “min of meer”.

naat: — (vroeër en selde nog) *naad* —, voegplek v. allerlei aard en materiaal; Ndl. *naad* (Mnl. *naet*), Hd. *naht*, hou verb. m. **naai** en **naald** (q.v.).

naatbank: klipformasie gekenmerk d. lae of nate; blb. nie in Ndl. bek. nie, vgl. egter **naatsteen**.

naatjie v. na III.

naatsteen: (i. S.A. diamantslypersterm v.) diamant wat moeilik te slyp is, ook bek. as *bol*, *tweepunt* en *wassie*, vgl. ook **kanoentjie**; sluit aan by Ndl. *naadsteen* (by vDal).

+**nabadingetje:** (dial. v.) pierinkie (vWiel 156); dit word t.a.p. in verb. gebring m. *naba*, “blink”, indien juis, dan seker verb. m. Na. *lna*, “blink”, en dus ’n hibr. ss. v. Hott. *naba* en Afr. *dingetje*; vgl. *gabbading(etjie)* by WAT in dies. bet., wat verder verb. hou m. *gabba*¹ by WAT v. “hol ding, skeping, bv. ’n beker of skotel”.

nabba v. **ghabba** II.

+**nabedientjie:** pierinkie; gesubst. dim. ss. v. **na** II + *bedien*, vgl. *nalopie* of volkset. vorm v. **nabadingetje**?

naberou: berou agterna (v. Scho TWK 14, 1, p. 24) en vgl. verder **galberou**.

nabob: onderkoning v. ryk v. Groot Mogol; Ind. “miljoenêr”; Ndl. *nabob* (vroeër ook *nabab*) sedert 17e eeu, Eng. *nabob/nawab* (1612), Fr. *nabab*, Port. en Sp. *nababo*, uit Arab. *nā’ib* (mv. *nuwwāb*), “plaasvervanger”.

naboom: pln. (*spp. Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*); vlgs. Pet A v. Hott. herk. m. verwysing na CMM (1875) se *gnaarboom* en G. Hofmeyr (*Twintig Jaren in Zoutpansberg*, 1890, p. 88) se *’ngha=boom*; Bosh (VT 391) het aan Bant. *nga* sonder meer gedink en (in EWA) op Bant. *um-nga* gewys, blb. d. Scho (PD 79) aanvaar,

met verwysing na aant. v. Del (I 488), maar beswaar bly dat Ngu. *um(u)-nga spp. Acacia*, fam. *Leguminosae* is en nie *Euphorbia* nie (Doke-Vil), terwyl Pal-Pit (239) *Euphorbia* benadruk en Hott. herk. wsk. ag, dan misk. verb. m. Hott. *ngha* vlgs. Web en Na. *!nā*, “groot, sterk” (Kroen 243), mntl. in Ngu. op *Acacia* toeg. en later op *Euphorbia*.

+**nabuur**: buurman; Ndl. (veroud.) *nabuur*, (vroeër) *nagebuur*, dial. *naber*, Hd. *nachbar*, Eng. *neighbour*, hou by ons wsk. nog verb. m. famn. Nienaber en leef o.a. nog in *naburig(heid)* en *nabuurskap*.

nader: digterby; ontst. uit dubbele komp. *naarder* uit *narer* (Mnl. *naerre*) uit komp. *naar* v. **na** I; hierby (sedert Kil) ww. *naderen*, Afr. *nader* en afl. *benadering*.

nadir: teenoorgestelde punt v. senit; Ndl. (sonder datg. in WNT) *nadir*, Eng. (sedert 15e eeu) *nadir* en in ander tale, uit Arab. *nadīr as-samt/semī*, “teenoorgesteld a. d. senit”.

nadro: — *nadroe* —, jakkalss. (*Proteles cristatus*, fam. *Protelidae*), vgl. Scho (PD 78, 81), ook “dierversomming” en “dwaalgees” (Stow 97–8, 117); misk. te dink aan Hott. *na-* en verb. m. Na. ≠ *nu*, “swart”, vgl. Wik se *naās* en *nuaap* s.v. **namtarrie** en vWiel (168) se *//na* en *//naatjie*; en verder verb. m. Na. *|gi-b* (*Proteles*) m. dim. *-ro*, wu. *|giro-b* met ww. *|diro-b* en ten slotte *dro(e)-b*, ong. “swartrugjakkals” (Nien HOTT s.v. **jakkals** III, V en VI): vermommings m. jakkalsvelle en bygeloof omtrent nagtelike gehuil v. jakkalse kan ander bet. verkl.; v. ook **weerwolf** II; asook **na** III.

nael I: verharde deel op toon- en vingerpunte; spykervormige pen; blomknop v. bep. plante; Ndl. *nagel* (Mnl. *nāghel*) — in WNT IX 1485 en 1489 as *nagel* I en II behandel, maar hier saam, omdat hulle v. dies. herk. is — Hd. *nagel*, Eng. *nail*, hou verb. m. Lat. *unguis/jungula* en Gr. *onux*, “nael, (diere)klou”.

nael II: ww., “hardloop”; Ndl. ken *nagelen* blb. alleen in bet. “vaspen” (uit *nagel* II by WNT), terwyl Afr. ww. wsk. verb. hou m. die naels aan dierekloues wat by d. hardloop i. d. grond geslaan word (uit *nagel* I by WNT).

nael III: — *nawel* —, litteken op buik, ens.; Ndl. *navel* (Mnl. *nāvel(e)/naffel(e)*, in sommige Ndl. dial. ook *nagel*), Hd. *nabel*, Eng. *navel*, hou verb. m. **naat** (q.v.) en hoërop m. Lat. *umbilicus* en Gr. *omphalos*, “nael/nawel”, v. ook **nawellemoen**.

naeltjie: alleen dim., ook bek. as *kruinaeltjie*; Ndl. *kruidnagel* (in SNdl. ook *kruinagel*, by Kil o.a. *kruidnaghel*) verb. m. **nael** I,

“blomknop” v. d. *Cariophyllus aromaticus*, fam. *Myrtaceae*, i. S.A. ook wilde soorte, bv. *Lapeyrousia fissifolia*, fam. *Iridaceae* en *Pelargonium triste*, fam. *Geraniaceae*, waarvan die knoppe soos naeltjies lyk of ruik; i. Ndl. loop ben. soms deureen m. *nagelkruid* (*spp. Geum*, fam. *Rosaceae*).

nafta: brandbare olie uit organiese stowwe; Ndl. (sedert 16e eeu) *naphtha/nafta*, soos Eng. *naphtha* (1572) en Hd. *naphtha* (1580) uit Lat. uit Gr. *naphtha*, gaan terug op Pers. *nāft* uit Ass. *naptu*, “erdpik”.

nag: d. tyd v. sononder tot sonop, duisternis, (fig.) ellende; Ndl. *nacht* (Mnl. *nacht*, by vRieb reeds *nach*, v. Kloe HGA 311); Hd. *nacht*, Eng. *night*, verb. m. Lat. *nox* (gen. *noctis*), Gr. *nux* (gen. *nuktos*).

nagana: slaapsiekte d. parasitiese protoesoë veroorsaak; Eng. *nagana*, wsk. uit inboorlingt. i. Sentr.-Afrika; d. siekte d. die tsetsevlieg versprei, heet in Xh. *u-nakane* en in Zu. *u(lu)-nakane* (Doke-Vil 520); ook Ngu.?

Nagmaal: Avond-/Awendmaal; Ndl. *Nachtmaal* (sedert 16e eeu in kerklike verb., so ook *Avondmaal*, maar in nie-kerklike verb. sedertdien veroud.), in Afr. nie in nie-kerklike verb. bek. nie en *Nagmaal* wsk. m. groter frekw. as *Avond-/Awendmaal* (soos in 'n mate uit d. ouderwetser vorme naas *aand* blyk).

nagmerrie v. merrie II.

nagskaal/nagskade v. nastergal.

nagtegaal: voëls. (vlg. Thun by Scho PD 41 *Oenanthe pileata*; die Eur. soorte is *spp. Luscinia*); Ndl. *nachtegaal* (Mnl. *nachte gael/nachtegale*), Hd. *nachtigall*, Eng. *nightingale*, ss. uit *nag* en Germ. ww. *galan*, “sing”, verb. met o.a. *galm* en *gil*; hoort dié voël by *koggelaar* en *skaapwagter*tjie?

naïef: eenvoudig, kinderlik, onskuldig; Ndl. (Lnnl.) *naïef/naïef* uit Fr. *naïf* uit Lat. *nativus*, “angebore, natuurlik, oorspronklik”.

nakaa: wsk. 3 letg., pln. (*Testitudinaria elephantipes*, fam. *Dioscoraceae*), ook bek. as *olifantsvoet* en *skilpad* (vandaar wetensk. name); Mar (60, 140) spel 'nakaa, waar d. hoë komma vooraan op 'n suigkl. dui; wsk. Hott., kan verb. hou m. “skilpad” en dan verb. m. Na. *!na-b*, “riesenschildkröte” by Rust, d.w.s. “bergskilpad”, maar misk. m. Na. */nū-b*, “been”, en ouer vorm v. Na. ≠ *koa-b*, “olifant” (v. Nien HOTT s.v. **olifant** I); misk. het “skilpad” en “olifant” 'n rol gespeel, maar onseker; v. ook **ghaas**.

nakend v. naak.

naklip: verweerde gesteente (Pet A konstateer: "Distintegrated rock of various colours is so called in Namaqualand"), nie in LGT nie; mntl. uit ss. *naatklip* (vgl. *naatbank* en *naatsteent*), die klip kan des te makliker verweer as hy sag is en nate het (wat blb. d. geval was, want d. Boesmans het dit vlgs. Pet A vanweë kleure en brosheid vir hulle tekenings gebr.); vlgs. 1Ro-Pien AF 120 word d. verbg. *kl* soms as d. affr. (hier eenvoudig aange=dui as) *tl* uitgespr., dit sou *naattlip* oplewer waarvan die uitspr. normaalweg *natlip*, d.w.s. *na-tlip*, sou wees en op skrif tog as *naklip* gespel word. As vWiel 116 egter gelyk het dat dit Boes. of Hott. is, dan misk. verb. m. Na. *lnawa-s*, "nashorn" (d.w.s. renoster) en dit blb. weer verb. m. *lnawa*, "lappen aufnähen" ("Das fell sieht aus, als ob lappen aufeinander genäht wären".) v. Wand TNBS, maar dan kan die uiterlike v. d. naklip mntl. nog eerder laat dink aan die lappiespatroon op d. dop v. d. groot soort skilpad, in Na. bek. as *lna-b* (Kroen 243b).

nalooop: oorskietbrandewyn wat na distillering afloop (d. Pet A aanget.), word ook by suikerbereiding gebr.

Namakwa: lid v. dié stam; Na. *Nama-gu-a*, mv. v. *Nama-b*, "'n Nama"; skyn verb. te hou m. Na. *nam-i/nam-s*, "tong" (vgl. ww. *nama*, "Hollands praat", en *Nama-b*, "Hollandse taal"). Hier volg in tydsorde enkele ss., sommige blb. al i. d. 17e eeu bek., maar soms (met ander daarby) eers i. d. 18e eeu gedok., bv. *namakwapatrys*, *namakwaduif*, *namakwakoring* (Pet A 334, Scho PD 58, 66 en Nien HOTT s.v. *namakwaduif/- patrys*).

nambossie: pln. (wsk. *Phellorina delestrei*, vlgs. vWiel (149) ook bek. as *ajoos*, *oeltjie* en *nambosie*, nie d. ander lid v. d. fam. *Fungi* nie, nl. *Amanita phalloides*, ook bek. as *duiwelsbrood*), -kos, *paddastoel*, *slangkos* vlgs. Mar. 99) — vWiel se vorm *nambosie* (149, 185–6) mntl. òf dial. v. *nambossie* òf beinvl. d. *ajosie* (q.v.) as ww. v. *ajoos* en sinon. v. *nambos(s)ie*, maar dit laat *nam-* on=verkl.

namie: pln. (*Pelargonium antidysentericum*, fam. *Geraniaceae*), Mar (60, 112) spel m. hoë komma vooraan en Watt-BB (1423) *tnamie*, albei dui op suigkl.; wsk. Hott.; as middel teen buik=loop en disenterie is verb. m. Na. *lna-b*, "buik, maag" denkbaar, dus ong. "maagbossie"; verder nog by Watt-BB (1315) *t'namee* as *Boscia albitrunca*, "witgatboom".

nammies: gew. dim. en mv., "iets lekkers" (in kindt.); wsk. Hott. en misk. verb. m. Na. *lnàm*, "liefhê" (= "hou van"?), vgl. **nam-nam**.

nam-nam: uitr. om iemand (veral 'n kind) belustig te maak; wsk. Hott., hou misk. verb. m. Na. /*nam-nam*, "jemand zum lieben bringen" (Kroen).

namtarrie: — *nantekara* (by Watt-BB 1420) — , tannienbevattende plants., ook bek. as *berg-/bessie-/blaar-/pruimbas*, *blou-* en *jak=kalspruim*, *wildegrenaat* (*Osyris abyssinica (compressa)*), fam. *Santalaceae*); wsk. Hott. en eerste lid misk. verb. m. Wik se *naäs* en *nuaap* (vlgs. Nien HOTT s.v. **jakkals** V op te vat as *na-as* en *nu-aap*, vgl. **nadro** hierbo), by tweede lid mntl. te dink aan verb. m. Na. *tará-s* "vrou", *tararé*, "vroulik", en bet. so iets as "jakkalswyfie", maar dit moeilik te rym m. Watt-BB se ww. *nantekara*.

nana(bessie): vrug- en pln. (*Rhus dentata*, fam. *Anacardiaceae*), by Pet A as *nana bezies*, sommige bome v. hierdie fam. het soeterige en ander suurderige bessies, maar d. meeste het 'n skerp vrunk bysmaak; misk. kan i. eerste lid verb. gesoek word m. Na. *nã*, "byt", of m. die Xh. naam v. d. suurderige ghôkum (hotten=totsvyg) *isi-nana*.

nandoe: sg. Am. volstruis (*Rhea americana*, fam. *Rheidae*); Am.-Eng. *nandow/nandu* uit Bras. *nhandu/yandu*.

angka: vrug- en pln. (*Artocarpus integrifolia*, fam. *Artocarpaceae*); Eng. (uit Tag.) *angka/nangka*.

nanking: tekstielstof; Ndl. *nankin(g)*, Eng. *nankeen/nankin*, na die naam v. d. stad Nanking (Sjina).

nanta v. **nenta**.

nantekara v. **namtarrie**.

nap v. **ghnap**.

nar: hanswors; Ndl. (17e eeu) *nar* uit Hd. *narr*, misk. verb. m. Ll. *nario*, "iemand wat sy neus optrek, spotter".

nardus: oliebalsem v. welriekende plant (*Nardostachys jatamansi* of v. *spp. Valeriana*, v. **balderjan**); Ndl. *nardus* (Mnl. *na(e)rde*) uit Ofr. *narde* uit Lat. *nardus* uit Gr. *nardos* uit Pers. *nârdîn* (*Andropogon muricatum*, fam. *Gramineae*), hou wsk. verderop verb. m. Oind. *naladã*.

narkose: kunsmatige verdowing; Ndl. (sedert end 19e eeu) *narcose* uit Hd. *narkose* uit Gr. *narkōsis*, "verdowing, verlamming" (verb. m. *narkoun*, "verlam").

narra: — *narras* (albei in ekv.) —, pln. (*Acanthosicyos horrida*, fam. *Cucurbitaceae*); verb. m. Na. !*nara-b* en !*nara-s* (v. Web s.v. *naras*); reeds by Pet A s.v. *naras*.

narsings: blom- en pln. (*spp. Narcissus*); Ndl. (eers Nnl.) *narcis*, Eng. *narcissus*, Fr. *narcisse*, Lat. *narcissus*, Gr. *narkissos*, verb. m. Gr. *narkê*, “gevoelloosheid” (narkotiese uitwerking v. plant); Afr. vorm wsk. uit iets soos *narsen(s)* uit Ndl. mv. *narcissen*.

narsisme: eieliefde; Ndl. *narcisme*, Eng. *narcissism*, hou verb. m. naam v. d. mooi jongeling uit d. klassieke godeleer (Lat. *Narcissus*, Gr. *Narkissos*) wat sy gesig in fonteinwater weerkaats gesien het en so verlief daarop geraak het dat hy deur d. wraak-godin tot ’n blom (v. **narsings**) verander is.

nartjie: vrug- en pln. (*Citrus nobilis*); verb. m. Ndl. *mandarijntje* II (WNT IX 187) eis te veel veronderstellings, blb. was boom en vrug al 17e eeu a. d. Kaap bek. (Bosh VT 367–8), maar naam eers 18e eeu gedok., in tydsorde o.a. by Men, IVa, dJo C en Lic in vorme *nartjes/narretjes* (Bosh t.a.p. en Scho TWK/NR 7, 2, p. 14); Mans (KHI) het verb. gesoek m. Arab. *nāranj*, gesteun d. Scho, veral op grond v. vok. tussen *r* en dim. suf., maar laat on-verkl. hoe *-etje* uit Arab. *-anj*. ontw. het en waarom dit sedert 18e eeu weer verdwyn het, terwyl Bosh herk. gesoek het in Tam. *nártei*, misk. as dim. opgevat en daaruit 19e-eeuse *nartjie*, terwyl ouer vorm (d. vreemdelinge aanget.) mntl. na anal. v. eenletg. wd. op *-r*, na ’n kort vok., vandaar *nar(r)etje*.

narwal: Arktiese seedier (*Monodon monoceros*, fam. *Monodontidae*); Ndl. (blb. sedert 18e eeu) *narwal*, Hd. *narwal*, Eng. *narwhal*, Fr. *narval*, uit De. of Swe. *narhval*, verb. m. On. *nahvalr* (uit *ná-r*, “lyk” (n.a.v. huidskleur) en *hval*, dies. as *wal(vis)* en Eng. *whale*); v. ook **walrus**.

nastergal: — (op papier nog) *nagskade*/(ouer dial. o.a.) *nagskaal/nasgaal/nastagal* —, vrug- en pln. (*Solanum nigrum*, fam. *Solanaceae*); Ndl. *nachtschade* (Mnl. e.a. ou en dial. vorme bv. by Heuk) *nachtsca/nachtschaal/nasscade/nascaye/naschay*), Hd. *nacht-schatten*, Eng. *nightshade* n.a.v. òf donker kleur òf giftige bessies v. sommige soorte.

Nat: mv. *-te*, — *Natte*, mv. *-s* —, “lid. v. d. Nasionale Party”; redukv. na Ndl. skrifbeeld m. *t* (in Afr. soms nog gehoor *nationaal*).

Natalpruim v. amatoengoeloe.

natou: by Mar (60, 102) *naatouw*, by Pet A (337) *na touw*, pln. (*Ficus natalensis*, fam. *Moraceae*), tweede lid word d. Pet A verkl. “because the natives make a rough kind of cordage from

its fibrous bark" en hy suggereer dat eerste lid verb. hou m. D(utch) *na*, "near, after", maar nie oortuigend nie; misk. gee Mar se sinon. *tree-killer* tog 'n aand. dat die plant hom na-aan bome vestig, in hulle opklim/optou en hulle dan vernietig; vlgs. Mar 102 is die *F. lutea* ook bek. as *rootiou*.

+**navet**: soort skippie; Ndl. *navet* (o.a. by Colenb DB, wsk. ook veroud.), Eng. *navet* (veroud.), Fr. *navette* uit Port *naveta*, hou verb. m. Lat. *navis*, "skip", vgl. *navigasie*, *navigator*, ens

nawellemoen: bep. lemoens. (v. **lemoen**), ben. n.a.v. ronde, geplooide duikie (aan punt) wat soos d. litteken op 'n mens se buik lyk, vgl. **nael** III.

nceta I v. **keita**.

nceta II: (dial. v.) voëls. (*Cisticola aberrans*); Ngu. (vlgs. Doke-Vil Zu. *i-ncethe/u-ngceda/u-ngcede*; Xh. *i-ncede*) — Afr. uitspr. en spel. nie sonder meer gegewens vas te stel nie.

ncetekie: (dial. v.) voëls. (vlgs. Pet A o.a. *Drymoica fulvicapella*, en in aanh. aldaar: "*netikee*, the smallest of all South African birds and a member of the wren family", d.w.s. fam. *Troglodytidae*); Pet A lei af v. Xh. in *Ncete* en gee i. aanh. "Dutch" uitspr. as *knedike* (poging tot kontrolering v. hierdie gegewens nie geslaag nie); misk. verb. m. **nceta** II of m. Zu. *ncincinsi*, "diminutive, minute, very tiny" (Doke-Vil)?

nè: uitr., ged. vraend, ged. verst., vgl. gebr. by Boniface v. *neh/nehm/neen* (Frank TB 190); daar word ook gedink aan redukv. v. Afr. *nie waar?* i. Vl. sprt. *newaar?* en in Hd. *nicht/nicht wahr/nicht so?* (vgl. Mole 276 *ne?* en by Debo 640 *nee*, albei = *niet waar?*), vglb. (maar nie te vereenselwig nie) Hd. *na*, Eng. *nay* (in ouer bet.) en Na. //na.

nee: ontk.; Ndl. *neen* (Mnl. *neen/nein*, i. Ndl. sprt. en volkst. en i. N.-Duitsl. *nee*), Hd. *nein*, Eng. *no* (redukv. v. *none* uit *no one*, soos Ndl. uit *ne-* + neut. v. *een*), so ook Fr. *ne*, Lat. *non* (uit ouer *ne* + *oinom* = "nie-eeen"), oor verdwyning van slot-*n* nog meningsverskille; vgl. ook **nè**.

neef: seun v. oom of tante, van broer of suster; Ndl. *neef* (Mnl. *nēve*, "kleinseun"), Hd. *neffe*, Eng. *nephew*, hou verb. m. Lat. *nepos* (gen. *nepotis*), "kleinkind, (later ook) neef", Gr. *anepsios*, "broers-/susterskind"; i. Afr. ook aansprv. v. nie-familielid (v. Kloe HGA 129, 356).

neet: luis- of parasieteer; Ndl. *neet* (Mnl. *nēte*), Hd. *niss*, Eng. *nit*, hou verb. m. Gr. *kónis* (uit veronderstelde *knids*, onder invl. v. *kónis*, "stof"?).

neffens: langsaan, naas; behalwe; Ndl. *neffens/nevens* (Mnl. *neffens/nēvens*, by vRieb *neffens*), Hd. *neben* (vgl. ook *nebenst, nebst*), eint. ss. v. voors. *an* of *in* + *even* (v. *effe* en *vaneffe*).

negeooog: bloedvintgroep; Ndl. *negenoog* (Mnl. *negenoge*), ook dial. Ndl., nie altyd nege bloedvinte nie, maar mntl. beïnv. d. visn. *negenoog* (dié vis het blb. nege kolle aan elke sy).

negosie: handel; (veral) goedere (bv. *negosiewinkel*); Ndl. *negotie* (sedert 17e eeu, by Bredero *negocy*), Fr. *négoce* uit Lat. *negotium*, “bedrywigheid”, eint. *neg’-otium*, “gebrek aan vrye tyd”, vgl. Eng. *negotiate* en *negotiation*, “(onder)handel(ing)”.

negus I: keiser, koning (veral v. Ethiopië); nie in WNT nie; Eng. (1594) *negus* uit Amh. *negus/n’gus*, “koning”.

negus II: (weinig bek. i. Afr.), verwarmde wyn en water m. suiker, suurlemoen en spesery; Eng. (1743) *negus* na naam v. voorbereider, Kol. C. *Negus* († 1732).

+nei v. **njai**.

neig: (neer)buig; Ndl. *neigen* (Mnl. *neighen*, “(neer)buig”), Hd. *neigen*, misk. kous. v. **nyg** (q.v.).

neip v. **gheip**.

+nel v. **manel**.

nêne: — *nenna/nenne* — , kindermeid; voedstermoeder; d. Mans (KHI) genoem en sem. vgl. m. *aja* en *memme*, d. Hes (HA¹ 97 en HA² 86) afg. v. Mal. *nenek*, “grootjie”, d. Bosh (VT 262–3) bestry n.a.v. Wvl. *nenne* en verb. gesoek m. Ndl. (reeds Mnl.) *ninnen*, “drink, suig”, v. ook **même/memme** en misk. te vgl. Eng. *nanny*.

nenta: — *nanta/ninta/t’nanta/t’nenta/c’nenta* — , by Trig *nintas/taa* (1Ro T DLT 251, 263), 1. pln. o.a. bek. as *krimpsiek(te)*=*bossie*; 2. bep. “siekte” (veral by skape); Mar (61, 108) ident. plant as veral 2–3 *spp.* *Cotyledon*, fam. *Crassulaceae*, so by Pet A wat bet. 1. en 2. apart en alleen by 1. Hott. **nenta* aangee, en by 2. “siekte” as *Cerebro-spinal meningitis*, lg. by Watt-BB (o.a. 311, 1222, 1351, 1457) as *Cotyledonosis* en plant o.a. as *spp.* *Cotyledon*, *spp.* *Zygophyllum*, *Adromischus mamillaris*, *Senecio corymbiferus* en *Lessertia annularis*; Bosh (EWA) het alleen ben. v. “siekte” behandel en verb. gesuggereer m. Na. *Inñia-tana*, “hoofpyn, kopseer”, tans by Nien (HOTT s.v. **nenta(bossie)**) m. verwysing na Thun *nenta* as *sp.* *Zygophyllum*), wsk. Hott. *[nenta-*, maar nie elders gedok. nie.

neonlig: kunslig (deur gebr. v. “element” *neon*, (Simbool Ne) in 1898 d. Ramsay en Travers ontdek); intern. wd., gevorm v. neut. v. Gr. *neos*, “nuut”.

nepal v. **barlewiet**.

nêrens: niewers; Ndl. *nergens* (Mnl. *nergen(s)/nar-/nir-/ner-/norgent*), Hd. *nirgend* (uit ontk. *ne-* + *ergen* + byw. *-s*, v. **êrens**.)

nerf I: oneffe deel v. dierevel se buitekant; Ndl. *nerf* (Mnl. *nerve/nerwe* en by Kil *narve/nerve*, “litteken”), Hd. *narbe*, hou verb. m. **naar II**.

nerf II: senu(wee); Ndl. *nerf* (nog nie by Kil nie), uit Nhd. *nerv* of uit Fr. *nerf* uit Lat. *nervus*, “senu(wee)”, hou verb. m. Eng. *nerve*, *nervous*, Ndl./Afr. *nerveus*.

nergens v. **nêrens** en **êrens**.

nerina: blom- en pln. (*Nerine sarniensis*, fam. *Amaryllidaceae*); Ndl. en Eng. *nerine*, vlgs. Web verb. m. naam v. d. seegod Nereus, vader v. d. Nereïede, hoewel IVa (I 340) verkl. dat hy ’n Hott. meid “herdoopte . . . en noemde Narina, dat in de Hottentot=sche taal *bloem* betekent”, blb. d. Lic bevestig (v. Nien HOTT s.v. **blom**), maar dan is d. gebr. v. d. naam i. d. Plantk. nie sonder meer duidelik nie.

nering: bedryf, handel; Ndl. *nering* (afl. v. Mnl. *nēren* wat verb. hou m. Hd. *nähren*, “onderhou, voed”), hou ook verb. m. *genees*, “gesond maak”.

ners(derm): “*rectum*”; Ndl. *naars/ners* is ’n vorm v. **aars** (q.v.), vgl. ook **asgat** en **blikners**.

nes I: broei- en slaapplek v. voëls; Ndl. *nest* (Mnl. *nest/nist*), Hd. en Eng. *nest*, uit *ni-/ne-* in Ndl. *neder*, Ndl./Afr. *neer*, Hd. *nieder*, Eng. *nether* (vgl. Oind. *ni*, “na benede”) + ntr. v. ww. Ndl. *zitten*, Eng. en Afr. *sit*, Lat. *sedēre*, vgl. Fr. *nid*, It. *nido*, Lat. *nidus*, “nes”, dus ong. “plek waar voëls gaan neersit”.

nes II: sametr. v. *net as* of v. *net soos* (waarvan lg. weer uit *so* en *as* saamgetrek is).

nestor: ervare ou pers., mees ervare leier v. ’n groep; Ndl. en ander tale *nestor*, na d. naam v. Nestor, koning v. Pulos, wat i. sy ouderdom by d. beleg v. Troje nog ’n goeie raadsman was.

net I: touwerk m. gate/ogies; Ndl. *net* (Mnl. *net/nette*), Hd. *netz*, Eng. *net*, hou verb. m. Lat. *nōdus*, “knoop”.

net II: bw., “alleen, slegs; so pas; presies”, as bw. hou Ndl. *net* (Mnl. *net/nett*) misk. verb. m. Fr. *net* en m. **net III**; in Ndl. veroud. (Scho TWK/NR 7, 2, p. 14).

net III: b.n.w., mooi, netjies, skoon; Ndl. *net* (Lmnl. *net*) uit Fr. *net*, “rein, skoon”, uit Lat. *nitidus*, “blink, glansend”; vgl. **net II**.

netelig: lastig, moeilik, prikkelrig; Ndl. *netelig* (sedert 17e eeu) nie regstreekse afl. v. *netel* nie, maar onder invl. v. *netel* van dial. Ndl. *nētech*, “boos”, wat verb. hou m. Mnl. ww. *nīten*, “slaan, stoot”, vgl. Mned. *netel*, “geneig om te stoot” (v. dVri J NEW).

netelroos v. bort I.

neuk: “lastig wees; slaan”, wel plat i. Afr., maar sonder d. seksuele implikasies v. Ndl. *neuken* (na Kil), “coire”, wat verb. hou m. *nuk* en Eng. *knock* — in bet. “coire, futuere” hoof. NNdl., in SNdl. veral in bet. “lastig wees; slaan”; vgl. Scho TWK/NR 7, 2, p. 14.

neuksel: skelwoord, vb. v. gebr. in S.A. omstreeks mid. v. d. 19e eeu in vorme *neuxel* en *neuxels* in half Afr. en half Eng. by Scho TWK/NR 7, 2, p. 14; blb. nie in Ndl. nie.

neul: lastig wees, sanik; Ndl. (na Kil) *neulen*, mntl. uit Ned. *nölen*, “brom, knor” (vgl. veroud. Hd. *nölen*, “seur”, en *nölpeter*, “seurkous”), blb. ongew. i. Ndl., maar i. dial. en Du. volkst. nog ruim gebr. Hieruit i. Afr. o.a. afl. *neulerig* en kompo. *neulpot*, “seurkous” — oorspr. misk. kn.

neurie: sag binnensmonds sing; Ndl. (sedert 17e eeu) *neuriën*, wu. Ndl. en dial. *neuren* (bv. by Boek ZV 663–4 gesê v. koeie wat op stal lê en herkou en “een klagend, half zuchtend geluid maken”), mntl. kn.

neut: harde skaal v. vrugtes.; Ndl. *noot* (Mnl. *not(te)/nōte/nuete*, dial. Ndl. ook *neut*, by vRieb *neuten*, *haesneuteboomen*, ens.), vgl. Kloe HGA 91, 99, 293; v. ook **noot**.

ngaap v. ghaap I.

’nghaboom v. naboom.

nie: ontk.; Ndl. *niet*, maar in volkst. en dial. *nie* (vgl. Pwls DA) uit Germ. *ne-/ni-* (v. **nee**) + *ie* uit *eo/io* wat verb. hou m. *eeu* (Lat. *aevum*, Gr. *aiōn*, “tydperk; ewigheid”) + *t* uit *wiht*, “n wese” (dus ong. — “nie ooit ’n wese”) — in Afr. is arg. *niet* nog bewaar o.a. in: *as niet kom tot iet . . .*; *dit hang aan ’n niet*; v. ook **iet**.

niemand v. **nie** en **iemand**.

+ **nierknyper**: outydse broek, nou om d. middel en sonder kruisbande gedra (Bosh VT 319).

+ **niertjiesaal**: outydse tuisgemaakte saal wat vanweë sy vorm aan 'n niertjie laat dink het (vgl. Spo B¹ 82-5).

nies: reaksiegeluid maak op neusprikkel; Ndl. *niesen*, m. stl. uitspr. v. z (Mnl. *niesen*), Hd. *niesen*, Eng. *sneeze*, oorspr. kn. (dVri J NEW).

nieshout: pln. (*Ptaeroxylon utile*, fam. *Meliaceae*), by d. bewerking v. d. hout word mens tot nies geprikkel, reeds d. Spa aanget. (Scho PD 73).

niesie: pln. in ou Ndl. geskifte soms genoem *wortel-nisi* en vgl. m. *spp. Panax*, die Sji. *ginseng* (v. **kanna** I), nie in WNT nie, vgl. Bosh VT 185, 193; v. + **wortelnisi**.

niet v. **nie**.

niewers v. **nie** en **iewers**.

nig(gie): as simp. gew. dim., voor eien. *nig*, dogter v. oom of tante, van broer of suster; Ndl. *nicht* (Mnl. *nicht/nift*, albei ook m. ausl. -e), Hd. *nichte*, Eng. *niece*, Fr. *nièce*, vr. vorm by *neef*, via Ll. *neptia* uit Lat. *neptis*, "kleindogter"; i. Afr., soos by **neef** (q.v.), ook aansprv. v. nie-familielid.

niks: teëstelling v. *iets*; Ndl. *niks* (gemeensaam v. *niets*, sedert 18e eeu, maar misk. al vroeër ontl. aan Du. waar *nicks/nix* i. versk. dial. i.p.v. *nichts* gebr. word); die vraag is of Afr. dit sedertdien via Ndl. of direk (mntl. eerder as Ndl.) ook uit Du. gekry het, vgl. bv. **niksnuts/niksnutter** en **nikswerd**.

niksnuts: — *niksnutter* — , onbeduidende pers.; smeerlap; Ndl. *niksnut*, blb. 'n jong ss. in vglg. m. mntl. ouer Afr. samest. afl. met -s en -er, vgl. Hd. *nichtsnutz* en Ndl. *niet(s)doener*; alleen datg. en dokg. v. wd. i. Afr. kan verdere lig op bron v. herk. werp.

nikswerd: alleen as attr. b.n.w., anders as aparte wd., vgl. Ndl. Ndl. *nietswaard(ig)* en Hd. *nichtswürdig* en v. **niks** en **niksnuts**, asook **werd**.

nimlik: meest. i.: *die nimlike* — , "eintlike"; gemeensame en min of meer skertsende vorm v. *naamlike* i. bet. wat aansl. by (ged. veroud.) gebr. v. Ndl. *namelijk* (vroeër ook *namentlijk*) en Hd. *nämlich* en *namentlich*.

nimrod: jagter; Ndl., Hd. en Eng. *nimrod*, na d. naam v. d. Bybel=figuur, Nimrod, wat 'n beroemde jagter was (Gen. 10:9).

?+**ninkakara:** pln. (*Olinia cymosa*, fam. *Oliniaceae*), ook bek. as *hardepeer*, ± 1811 d. Weh vermeld (Hut 576), herk. onbek., maar wsk. Hott.

ninta v. nenta.

nippertjie: net dim., “byna, so hittete/hettetè”; Ndl. *nippertje*, afl. van ww. *nippen* (vgl. Mnl. *alst comt aent nipen*, “as d. nood knyp”), ook nog in Ndl. dial. (dVri J NEW).

+**njai:** — *nei* — , “vrou” (by Frank TB 118); wsk. verb. m. Mal. *njai*, “huishoudster”.

njala v. injala.

njap v. ghaap II.

njetjie/njêttjie v. noettjie.

'**n-n**: redupv. v. 'n II (q.v.), maar m. teenoorgestelde bet., nl. “nee”, uitspr. as (h)əə of (h)ãã, maar om praktiese redes as 'n-n weergegee; misk. verb. m. Na. *hẽẽ* (Mein LNS 100), ww. by Nien HOTT s.v. *nee*, o.a. *nen/ahang/hanhan/hãã*.

noembos: pln. (*spp. Aster*, fam. *Compositae* e.a.), bek. onder 'n reeks volksn. waarvan 'n aantal in WAT aanget. is, o.a. by *draaibos(sie)*, *ghombos* en *gombossie*, wsk. Hott. v. herk., v. ook **noem-noem**.

+**noemetjie:** baie klein soort antilooop (*Cephalophus monticola*, fam. *Bovidae*), blb. verw. aan **oorbietjie** (q.v.), maar byna uitgesteef en daarmee ook d. naam, d. Spa as *gnometie* en d. lVa as *noumetjes* en *nometjes* aanget. (Scho PD 43 en Nien HOTT s.v. **noemetjie**), wsk. Hott. m. Afr. dim. suf. (soos by *geitjie*, *graattjie* e.a.), maar dokg. i. Hott. en Na. ontbreek.

noem-noem: vrug- en pln. (*spp. Carissa*, fam. *Apocynaceae*), by Thun *nom nom* en by Bur 'num'num (asook *noomnoom*) waarby Scho PD 47 nog *gnoemnoum* voeg; Bur sê dat dit Hott. is en Nien HOTT 403 dat dit !num-!num geskryf moet word, maar dokg. i. Hott. en Na. ontbreek — hou dit misk. verb. m. Na. ≠ *nũ*, “swart”? Mar 62 sê dat d. bessies swart is.

noeste: alleen attr. en verboë, “fluks, vlytig, ywerig”; Ndl. (na Kil) *noest*, blb. d. eerste in Holl. aanget. en tot nog toe geen ander verkl. nie as dat dit deur metan. ontst. het uit verbg.: *in oest*, d.w.s. “in die oestyd”, dus ong. “bedrywig”.

noetjie: net dim. (en wel Afr. dim. suf.), mees verbreide uitspr. i. Afr. is *noetjie* en wel (dial. v.) “bedekking v. gebreide leer en veral v. kalbasdop v. *glans penis*”; Tsw. (as vloekw.) *ncucu*, “*penis*”, SSo. *nchocho*, “punt”, maar i. Afr. is daar ook ’n uitspr. *njetjie* of *njêttjie*, wat verb. kan hou m. Spa se *t’neite* en IVa se *neup-* of *nuyp-kros(s)* (v. Nien HOTT s.v. **voorkaros** I en III) en m. Na. *[[nēi-b*, “lende, lendenrippe” (Rust), dit is egter ’n “voorkaros, voorskoot, lendebedekking”, terwyl d. wd. i. Bant. toeg. word op iets soos ’n groot vingerhoed wat net die punt v. d. *penis* bedek — het Bant. d. wd. aan Hott. ontl. en i. ’n bep. minder ruim bet. gaan toepas? en het Afr. dit sowel v. Bant. as v. Hott. gekry?

noetzung: — *nutzung/nutseng/notsung* — , pln. (vlgs. Mar, en blb. so deur Pet A aanvaar, is dit *Halleria elliptica*, fam. *Scrophulariaceae*, maar vlgs. Pal-Pit en Hut is dit *H. lucida*, lg. wel by Mar, maar daar “witoliif, oudehout”), daar is egter betr. eenstemmigheid oor d. volksn. *kinderbessie* en dat d. *bessie swart* is; Pal-Pit hou d. wd. vir Hott. en Hut (575 op gesag v. Weh ± 1811) sê dat dit Hott. *nutze* is; hou eerste lid verb. m. Na. *≠nū*, “swart” (b.nw.) of *≠nūse*, “swart” (bw.)? (v. ook **noem-noem**) en tweede lid m. Na. *≠ū-b*, “vrug” (pl. com. *≠ū-n*, “vrugte”) of is dit ’n suf. of ’n uitg.? Dit kan misk. Hott. v. “swart vrugte” wees, maar dit kan ook d. Xh. beïnv. wees.

noga: amandellekkergoed; Ndl. *noga* (sedert 19e eeu), Eng. *nougat*, Fr. *nougat* uit Prov. *nougat*, verb. m. Lat. *nux* (gen. *nucis*), “neut”.

nog-’n-maal: Scho (TWK 14, 1, p. 24) wys op verst. Du. uitr. *noch ein mal* n.a.v. geskrifte uit S.A. *nog-en-maal* (1832) en *noggenmaal* (1848).

nōi: — *nooi* — , sem. ondersk. tussen dié vorme nie alg. en nie konsekw. nie, “meisie, beminde, vrou” (vgl. vWel VAH 157, 330 en WNT IX s.v. **non** III), hist. nie v. *nonna*, “vrou; oudste dogter”, en dim. *nonnie*, “jongste dogter”, te skei nie (Smi *Brandw.* 1.12. 1913), sedert 17e eeu o.a. in S.A. gedok., bv. d. Adam Tas (16, 64 et passim), Lic (R III 155) e.a. as *nonje* en *munje* (Bosh VT 366 en Frank TB 11, 44, 70–1, 115, 186–7) uit Mal. *njonjah/nonah* uit Port. *dona* uit Lat. *domina* (vr. v. *dominus*, “heer”); of Fri. *nonke*, “lieve” (Dijk 204) hiermee verb. hou, is nie uit te maak nie.

nōiensboom v. kiepersol, sambreelboom, waaiboom, oemgesisa.

nōienshaar v. vrouehaar; asook dodder.

nokie: soort rot (*Petromys typicus*), vlgs. Malh DFdT V (II 138) “Namaqua rock rat” s.v. *noki*, by Web net “a rock rat”, maar nōg in Na. nōg in Bant. opgespoor.

nokka: pln. (*Moraea spathecea*, fam. *Iridaceae*, by *Mar nokhā* (61, 142), by Thum (FC 76 *nokka* as Hott. *nokha* en *Iris spathecea* vlg. Scho PD 47 en Nien HOTT s.v. **nokka**) — die *spp. Moraea* is veral uintjies, maar nòg by **nokha/nokka** nòg by **uintjie** as Hott. of Na. verder geïd.

nometjes v. **noemetjie**.

non: vr. kloosterling; Ndl. *non* (Mnl. *nonne*), Hd. *nonne*, Eng. *nun*, It. *nonna*, “ouma”, Ll. *nonna*, “vr. kloosterling” (veral as aansprv.).

nonna/nonnie v. **nôi**.

nonsens: — *nonsies* — , “onsin”; Eng. *nonsense*; v. ook **onsies**.

nooi I v. **nôi**.

nooi II: ww., uitvra, versoek om/tot . . . ; Ndl. *nodigen* (Mnl. *nōdigen*), Hd. *nötigen*, afl. v. *nood/nodig* (Hd. *not*, Eng. *need*), ouer bet. ong. “behoefte, dwang, gebrek”.

nooienshaar v. **vrouehaar**, asook **odder**.

nooit: nimmer; Ndl. *nooit* (Mnl. *nōit/nōint*) uit ontk. v. *ooit* na anal. v. *niet* naas *iet*, *nergens* naas *ergens*, terwyl Mnl. *nōint* mntl. uit *nooitnie(t)* (v. dVri J NEW).

noordkapper: — *noorkapper* — , walviss. (*Balaena biscayensis*; *Eubalaena australis*; *Grampus griseus*; d. Kaapse *Orca orcina*); Ndl. *noordkaper*, d.w.s. “walvis v. d. Noordkaap”, sedert 17e eeu, by vRieb *Noortcaper walvis* (v. Bosh VT 161, 176 en Scho PD 7–8).

noordpool: pln. (*Euphorbia schoenlandii*, fam. *Euophorbiaceae*), vlg. Mar 61 omdat “The cylindrical stems . . . mostly point to the North”, maar by IVa d. tans veroud. ben. *noordse kul*, waar *kul* dies. is as d. tweede lid v. **kafferskuil**, **papkuil**, ens. (q.v.), v. Scho PD 71.

noors: — *nors* — , (temperamenteel) stuurs, suur; Ndl. *nors(ch)*, vroeër ook *noortsch/noorsch/nortsch* (Mnl. *nortsch*, “bits, slegge=humeur”), wsk. afl. v. ouer ww. *norren/nurren*, “kibbel”, en geassos. m. Ndl. *nurks(ch)* en ww. *knorren*, wsk. kn.

noorsdoring: pln. (*spp. Euphorbia*, fam. *Euphorbiaceae*), ouer vorme o.a. *noordsche/noortsche doorn(boom)*, hou wel in d. een of ander opsig verb. met d. windrigting *noord* (Scho PD 71–2); d. boom was blb. al i. d. 17e eeu a. d. Kaap bek. (v. Nien HOTT s.v. **noors=doring**), al was dit toe misk. nog net onder ’n Hott. naam.

noot: musiekklink; papiergeld; Ndl. *noot* (Mnl. *nōte*) direk of via Fr. *note* uit Lat. *nota*, “aantekening; merk; seël”, wat d. gebr. daarvan i.v.m. die geldwese verkl.; in bet. “deel v. vrug” alleen neut i. Afr.

noppies: gew. dim. en mv., bv. *in sy* — *wees*, “in sy skik”; verb. m. Ndl. *nop* (Mnl. *noppe*, “wolvlok”) — Ndl. *in zijn nopjes* (17-eeus volkset. *knopjes*) — “in kleren met noppen”, d.w.s. “in klere wat nog nie blink geslyt is nie”, vgl. Eng. *in high feather*.

norra I: dikw. dim. *norratjie/norretjie*, pln. (*Pelargonium rapaceum*, fam. *Geraniaceae*, ook *spp. Sarcocaulon* v. dies. fam.), ook bek. as *boesmanskers* (n.a.v. brandbaarheid t.g.v. hoë wasgehalte), vlgs. IVa is dit Na. *noura-p*, vlgs. Schult egter Na. // *nora-b* (Scho| PD 47 en Nien HOTT s.v. *norra*); v. ook *annaatjie*, +*aree*.

norra II v. norro.

norring: baie; groot; skare; gemeensame vorm v. Ndl./Afr. *enorm*, Eng. *enormous*, Fr. *énorme* uit Lat. *enormis* (uit *e(x)*, “uit”, en *norma*, “standaard”, m.a.w. “uitermate”); by Scho TWK 14, 1, p. 24 vb. v. *norm/norring/norring* uit 1867, 1872 en 1884.

norro: — (minder gew.) *norra* — , (dial. v.) “agterkop; nek”; Na. *!noro-s*; “agterkop”; v. ook *t’norra*, *ghnorra*.

nors v. noors.

notaris: akte-uitmaker; Ndl. *notaris* (Mnl. *notaris/notarius*) uit Lat. *notārius*, “sekretaris” (afl. v. Lat. *nota*, v. **noot**).

notsung v. noetzung.

notule: aant. v. verrigtings v. vergaderings; Ndl. *notulen* (Mnl. *notel/notele/notule*) uit Ll. *notula* (vgl. **noot** en **notaris**).

nou I: dadelik; tans; Ndl. *nu* (Mnl. *nū*), in sprt. en dial. is *nou* gew.; i. Afr. nog *nu* o.a. in *nu en dan* naas *nou en dan*, maar gew. net *nou*, Hd. *nu(n)*, Eng. *now*, verb. m. Lat. *nunc*, Gr. *nu(n)*.

nou II: eng, smal; Ndl. *nauw* (Mnl. *na(e)uwe/nouwe/neuwe*), Hd. *(ge)nau* — i. Ndl. dial. *nou(w)/nouwe*, mntl. verb. m. Gr. *knúō*, “skaaf”; blb. geen verb. m. Eng. *narrow* nie; v. ook Kloe HGA 127–8.

noumetjes v. noemetjie.

noupit: (dial. v.) *berg-* of *wildepruim* (*Pappea capensis*, fam. *Sapindaceae*), *noupit* (by WAT s.v. *bergpruim* en o.a. by Pal-Pit 285 en Watt-BB 931, 1222) nie by Mar 117 nie, wel daar ander name:

bergpruim, *kaambessie* en *oliepit*, eerste lid v. lg. lyk na vert. v. Hott. //nui-b, "olie, vet", terwyl *noupit* na 'n volkset. aanpassing v. //nui-b lyk (v. Nien HOTT s.v. **vet** III en **kouboom** hierbo).

noustrap: bw. in: — *trek*, "dit moeilik hê", vb. v. gebr. by Scho TWK 14, 1, p. 24 uit 1867.

nu v. **nou** I.

nugter: nog nie geëet nie (vgl. *nugter maag*), nie dronk nie; besadig, kalm; Ndl. *nuchter* (Mnl. *no(e)chteren/nu(e)chteren*), Hd. *nüchtern*, verb. m. Lat. *nocturnus*, "nagtelik" (by *nox* (gen. *noctis*) "nag"); by verbg. *nugter weet* is gedink aan bet. "onskuldig, onkundig", d.w.s. 'n onkundige sal dit wel weet, d.w.s. niemand nie, maar Frank (TE 36) dink aan "verbloeming of vermomming" (volkset.?) v. Ndl. *nikker*, "duiwel" en vgl. Ndl. "Dat mag Joost, de drommel, de duivel weten".

nuk: grillige neiging, streek; Ndl. *nuk* (sedert Kil *nucke*, "lis, sluideid") wsk. uit Ned. *nuck(e)*, "gril; slag", en verb. m. **neuk** (q.v.).

nurks: (i. Afr. i. 'n mate boekw.), "brommerig, knorrig"; Ndl. *nurks(ch)* (nog nie by Kil nie), afl. v. *nurk*, dial. *nork*, "brompot", blb. verb. m. ww. *nurken*, "kibbel, knor".

nutseng/-zung v. **noetzung**.

nuus: berig, tyding; Ndl. *nieuws*, gen. v. *nieuw* (ouer *nuwe*) na wd. soos *iets*, *veel*, ens.; Afr. *nuus* veronderstel dus 'n ouer verbg. soos: *iets/veel nuwes*.

nuuskierig: begerig na nuus/tyding; Ndl. *nieuwsgierig* (reeds by Kil as *nieuwsghierigh*), in tweede lid val i. Afr. op *k* i.p.v. *g* (v. **afrokkel**).

nuut: teenoorgestelde v. *oud*; Ndl. *nieuw* (Mnl. *nieuwe/nūwe/nīe*, dial. Ndl. *nie/nu(w)*, ens.), in Afr. blb. vroeër nog *nieuwt* (Frank TB 191 en 203 No. 17), maar vorme m. *nieu* tans hoof. in wd. v. tipe *nieumodies*, *nuut* veronderstel ouer vorm *nuwet*, vgl. Kloe HGA 182-3 en kaart aldaar waarop *nuut* — invl. v. die slot v. *oud/out* op *nieuwe/nuwe* nòg vir Ndl. nòg vir Afr. nodig (vgl. Smi OT 211).

nuwejaarsafrikaner: (minder bek. v.) *nuwejaarsblom* (*Gladiolus cardinalis*, fam. *Iridaceae*), v. Scho PD 93.

nuwejaarsvoël: vlgs. Pet A s.v. *nieuwjaars vogel* is dit *Coccytes seratus*, vlgs. Scho PD 60 *Clamator serratus*, e.g. hoort by d. koekoeke en lg. blb. by d. mossies.

nyg: buig; Ndl. *nijgen* (Mnl. *nīghen*, “buig”), Hd. *neigen* — misk. is Ndl. *neigen*, Afr. *neig* (q.v.) ’n kous. hiervan en hou albei verb. m. Lat. (*con*)*nivere*, “saamspan”.

nylon: tekstielstof; intern. wd. i. d. handel, eerste spinnery v. nylon-garing i. 1938/9 d. Du Pont de Nemours geopen, ben. na anal. v. tekstielstowwe se name op *-on* soos *dacron*, *orlon*, *rayon*, ens.

nywerheid: industrie; (eers) Nnl. *nijver*, wsk. saamgetrek uit *in ijver* (vgl. *noeste*), reeds d. Kil verbind m. *uveren*, “begeer” en *uveren/nuveren*, “vra, verlang”, dan wsk. ook verb. m. Ned., Gron. en Fri. *nüver/nüfer*, “netjies, ywerig”, en Brab. *nuver*, “ywerig”.

O

oase: plek m. water i. d. woestyn (veral i. d. Sahara); eers Nnl. *oase/oasis*, Hd. *oase*, Eng. en Fr. *oasis* uit Lat. *oasis*, Gr. *oasis/auasis* uit Kop. *ouahe*, “beboubare grond” (uit *wahe*, “woon”, en *sa*, “drink”).

oblietjie: gew. dim., “dun wafelagtige gebakkie”; Ndl. (reeds Lmnl.) *oblie*, Fr. *oblie/oublie* uit Ll. *obl(e)ia/oblagia/oblata*, eint. verk. v. *hostia*, “offer”, *oblata*, “aangebied”, verl. dw. v. Lat. *offere*, “aanbied, offer”, d.w.s. die wafeltjie wat by d. R.K. Kerk se erediens voor die wyding daarvan aangebied is; by vWiel (20, 47) *oblietjie(s)* blb. as lekkerny.

obstinaat: eiesinnig, koppig, by Trig (1Ro T DLT 255) *opstinaat*; Ndl. *obstinaat* (nie in WNT nie), soos Eng. *obstinate* uit Lat. *obstinatus* (uit *obstare*, “aanhou, volhard”).

obstrawasie: (dial. v.) “moeilikheid, obstruksie”, misk. kontamv. van *obstruksie* en *strawasie* (q.v.).

obstruksie: dwarsboming; hindernis; Ndl. *obstructie* (nie in WNT nie), soos Eng. *obstruction* uit Lat. *obstructio* (*ob-*, “teen”, + *struere*, “bou..”).

oek v. ook.

oeltjie v. oueltjie.

oemfaan: — *fanja(a)n* — , (dial. v.) jong naturelleseun; Ngu. *umfana*, dim. v. *um-fo* (vgl. NSo., SSo. en Tsw. *bana*, “kinders”).

oemgesisa: pln. (vlgs. Mar 84, 121 s.v. *umgezisa* is dit dies. as *kieper=sol*, *sambreeboom*, ens., nl. *Cussonia umbellifera*, fam. *Araliaceae*); Ngu., v. *um-gezisa* (Doke-Vil 245), asook Watt-BB 1380 v. Pon. en Xh.